

HOOFSUK VII

INDUSTRIËLE TERREINE MET BEPERKTE WOONKOMPONENTE

1. Algemeen

Hierdie tipe terreine verteenwoordig die meeste van die terreine wat in die Loole-terreinkompleks voorkom. Hulle word gekenmerk deur die oorblyfsels van sowel metaalbewerkingsaktiwiteite as van woonkomponente. Die oorblyfsels van laasgenoemde is egter skaars en dui op die teenwoordigheid van relatiewe klein groepies mense by die meeste van die siënietkoppies van die omgewing. Die bewerking van metale bestaan gewoonlik uit òf yster- òf koperbewerking. Soms is albei metale bewerk. Die bewerking van sowel yster as koper is egter meer algemeen by terreine met uitgebreide terrasse wat as woonkomponente gedien het, en dus die teenwoordigheid van groter gemeenskappe by sulke koppies suggereer, dit wil sê op Groep III-terreine. Industriële terreine met beperkte woonkomponente word ook beskryf as Groep II-terreine.

Twee van die terreine wat ondersoek is, is in 'n gebied suid van die Selatirivier en die oorspronklike Loolekop geleë, nl. Sonkoanini en Ghoenkop. Die derde terrein, Selongwe, is noord van die oorspronklike Loolekop geleë en algemeen in mondelinge oorlewering bekend as 'n terrein wat moontlik met die Mashale en Pilusa, wat bedrewe metaalbewerkers was, verbind kon word. Al drie die terreine het duidelike oorblyfsels van metaalbewerking maar min oorblyfsels wat met bewoning verbind kon word. Van al die terreine het Selongwe waarskynlik die meeste oorblyfsels van woonhutte. Ongelukkig is 'n groot deel van die terrein vernietig, sodat die omvang van woonterreinoorblyfsels nie volledig vasgestel kon word nie.

2. Sonkoanini

2.1 Ligging

Die koppie Sonkoanini is geleë op die plaas Rhoda (9 KU) direk op die noordewal van die Selatirivier. Die koppie is langs Phalaborwa se Feesterrein geleë en is as sulks ook bekend as "Feeskoppie", veral vir Foskor se werknemers wat goed met die omgewing en koppie vertrou is (Figuur 41).

Sonkoanini word huidig vinnig benader deur uitskothope vanuit die noordooste

terwyl 'n sliksdam aan die noordweste van die koppie en noord van die Selatirivier voorkom. Die sliksdam se keerwal bedek die noordelike voet en voethang van 'n koppie noord van Sonkoanini. Die koppie se naam word op 'n geologiese kaart as Sekoepe aangegee (vgl. Schwellnus 1937: Fig. 2, p10).

Hoewel Sonkoanini nie bedreig word deur die uitskothoop of sliksdam nie, word paaie en drade in die omgewing van die koppie verlê ten einde te voorsien in die behoeftes van 'n nuwe aanleg en sliksdam wat in die gebied gebou gaan word. Die ontwikkeling het dan ook, sedert die opgrawings by Sonkoanini voltooi is, gelei tot die oopstoot van 'n pad tussen Sonkoaninikop en die koperreduksieterrein wat noordoos van die koppie voorkom. Dit word egter voorsien dat bg. ontwikkeling uiteindelik sal lei tot die finale vernietiging van die argeologiese oorblyfsels wat met Sonkoanini geassosieer word.

2.2 Nabygeleë terreine

Sonkoanini is net soos Marupale en Sewadini dig teenaan die Selatirivier geleë. Saam met terreine soos Pjene, Ntšabadi, Muhululu, Marupale en Serotwe, vorm die terreine 'n lineêre verspreiding van koppieterreine noord en suid van die Selatirivier. Die beskikbaarheid van water en die ekologiese potensiaal van die Selatiriviervallei moes ongetwyfeld 'n belangrike rol gespeel het in die keuse van die terreine wat in sommige gevalle (bv. Marupale, Serotwe en Muhululu) ver van die naaste ertsbron, dit wil sê Loolekop geleë is.

Koppies wat in die onmiddellike omgewing van Sonkoanini voorkom is Sekgopo (noord), Aprilkop, Ghoenkop, Katoenkop en Evkomkoppie (almal suid). By Aprilkop is geen argeologiese oorblyfsels aangetref nie, terwyl Ghoenkop en Evkomkoppie argeologies ondersoek is. Belangrike koppies wat verder oos voorkom is Nagome en Moloto wat reeds onder uitskothope verdwyn het (Figure 23 en 41).

Soos in die beskrywing van die ondersoeke van Pjene en Marupale vermeld is, is dit onbekend wat die aard en omvang van argeologiese terreine noord van die Selatirivier (en Sonkoanini) sou wees aangesien die gebied vandag deur 'n sliksdam bedek word. Op Schwellnus (1937: Fig 2, p.10) se geologiese kaart is egter 'n aanduiding van sowat agt koppies wat weerskante van die Sandspruit, 'n sytak van die Selatirivier voorkom, en wat name soos Aasvoëlkop en Kgotoane (Khotwani) het.

2.3. Topografiese en ander kenmerke

Sonkoanini het net soos Pjene, Sealeng en verskeie ander koppies van die omgewing 'n prominente sentrale siënietkern wat veral in die boonste helfte van die koppie gesien kan word (Foto 74). Die koppie lê direk op die noordewal van die Selatirivier sodat dit van die suide baie hoër lyk as van die noordekant. Die hoogste punt van die koppie is 400m bo seespieël terwyl die koppie sowat 25m bo die omliggende omgewing uittoon.

Die ligging van Sonkoanini neffens die Selatirivier plaas dit net soos Marupale en in 'n mindere mate ook Pjene, binne die ekologiese milieu van die Selatiriviervallei wat gekenmerk word deur 'n groter en wyer verskeidenheid van plantspesies as die omliggende monotone Laeveldplantegroei. Ook die teenwoordigheid van diersoorte langs die Selatirivier, ten spyte van kontemporêre mynbedrywighede, bevestig die aantrekkingskrag van die Selatiriviervallei as 'n eiesoortige ekologiese milieu. Tydens die opgrawings by Sonkoanini, Marupale, Pjene en Muhululu het olifante, buffels, seekoeie en ander wild nog algemeen in die gebied voorgekom en dit ten spyte van moderne ontwikkeling.

Die terrasse van Sonkoanini is hoofsaaklik aan die noordekant van die koppie geleë. 'n Enkele terras is egter ook aan die oostekant geleë. Geen terrasvorming is aan die suidekant van die koppie moontlik nie. Die hoogste noordelike terrasse is sowat 405m bo die omliggende grondvlak geleë, terwyl die hoogste terras aan die oostekant weer 3m hoër is as die laagste noordelike terras. Die noordelike en oostelike terrasse is met 'n slingerpaadjie verbind. Die laagste terras aan die noordelike voet van Sonkoanini is feitlik op die grondvlak geleë en is sowat 1-2m laer as die ander noordelike terrasse (Figuur 42). Die hoogste noordelike en oostelike terrasse vorm ook die kransvoet waarbo die siënietkrans van die koppie uittoon.

Die koperreduksieterrein is 45m noordoos van Sonkoanini geleë. Die gebied aan die noordelike voet van die koppie was reeds voor die mees resente stootskrapeeraktiwiteite versteur deur 'n stootskrapeer en 'n draad wat regoor die koperreduksieterrein gespan is. Stukkies magnetiet is betreklik volop op die grondoppervlakte terwyl ook verspreide stukkies slak opgemerk is. Dit is moontlik dat meer as een oond aan die noorde- of noordoostekant van Sonkoanini kon voorgekom het, hoewel die gevonde KR1-oond in die meeste ander gevalle as 'n enkele oond by koppies aangetref is.

Geen vroeëre navorsing is by Sonkoanini of enige ander koppie in die onmiddellike omgewing van Sonkoanini uitgevoer nie.

2.4 Historiese agtergrond

Met die uitsondering van die naam van die koppie wat deur informante bevestig is, kon geen ander historiese inligting aangaande Sonkoanini ingewin word nie.

2.5 Die opgraving en ondersoek

Met die uitsondering van die laagste terras aan die noordelike voet van Sonkoanini, vorm die noordelike terrasse op die tweede vlak 'n lang aaneengeskakelde terras wat gerieflikheidshalwe in vier dele of terrasse (SON1T1-T5) verdeel is. Die argeologiese oorblyfsels wat met Sonkoanini verbind word en wat ondersoek is, is die volgende:

- Ses terrasse aan die noorde- en oostekant van die koppie (SON1T1-SON1T6).
- 'n Kopperreduksieterrein wat 45m noordoos van Sonkoanini geleë is (SON2M1).

Dit is duidelik dat Sonkoanini nie 'n groot gevestigde gemeenskap soos byvoorbeeld Sebatini of Serotwe gehad het nie. Dit het wel aanduidings, in teenstelling met Pjene, Evkomkoppie en Marupale, dat woonhutte op die terrein voorgekom het. Die gegewens wat die stelling bevestig is egter net soos in die geval van Ghoenkop maar skraps.

2.5.1 Die terrasse (SON1T1 - SON1T6)

Soos reeds genoem, is Sonkoanini se terrasse meestal aan die noordekant geleë. Omdat die terrasse, veral die tweede vlak, op 'n gelyke hoogte is en aanmekaar geskakel is, is dit in vier terrasse onderverdeel. Die terrasse het almal betreklik gelyk oppervlaktes en het min gepakte terraskeermure. Die langste noordelike terras het een of twee vindingryke deurgange en 'n slingerpaadjie na die drie meter hoër-geleë oostelike terras (Figuur 42).

Die terrasse van Sonkoanini is net soos die van Ghoenkop baie na aan die omringende grondvlak geleë. Trouens, die laagste noordelike terras (SON1T1) is slegs 1-2m bo die grondvlak terwyl die tweede vlak van die terrasse weer 2m hoër as die

eerste was. Die lae terrasse is hoofsaaklik te wyte aan natuurlike faktore en is in skerp teenstelling met die hoër-geleë terrasse van terreine soos Muhululu, Sebatini, Serotwe, ens..

2.5.1.1 Die grondterras (SON1T1)

Die oppervlakte van SON1T1 op het verskeie klippe **in situ** óf duidelike gebruiksmarke óf aanduidings van gebruiksmarke vertoon. Dit is seker dat die terras gebruik moes gewees het vir die sekondêre bewerking (smelt, verhitting, hamer, ens.) van koper aangesien daar by Sonkoanini geen aanduidings van ysterbewerking was nie. Die klippe en ander artefakte wat op die terras voorgekom het, is die volgende (Figuur 43 & Tabel 56):

- Twee waarskynlike aambeeldklippe.
- 'n Klip met 'n gladde, saalruggevormde, dorsale oppervlakte (soos 'n aambeeld).
- 'n Los, vierkantige, gladgeskuurde klip (soos 'n slypsteen en/of ligte aambeeld) asook verskeie ligte aambeeldklippe (Foto's 75 & 76).
- Klippe **in situ** met gebruiksmarke (gemark as g - gebruiksmarke).
- In die muur van SON1T1 is ook 'n swaar vierkantige aambeeldklip aangetref (Foto 77).

'n Ruwe, oënskynlik natuurlike, halfsirkelvormige skuiling wat 'n smidswerkplek kon gewees het (SON1T1.2), is ook op die terras geleë. Die verskynsel stem ooreen met 'n soortgelyke struktuur op een van die terrasse by Ghoenkop. In die muur van SON1T1.2 is 'n maalklip aangetref.

Die westelike punt van SON1T1 is bedek met 'n ashoop. Die ashoop is in 'n sirkelvorm met 'n deursnit van 2,0m in ses arbitrêre lae van 15cm elk opgegrawe (Foto 78). In die ashoop is identifiseerbare dierlike skeletmateriaal aangetref (Tabel 59) asook materiaal soos hamerklippe en potskerwe (Tabel 58). 'n Opvallende kenmerk van die ashoop is die feitlik totale afwesigheid van slak (in teenstelling met byvoorbeeld Ghoenkop se ashope).

'n Verdere opvallende voorkoms op SON1T1 is die hoeveelheid spoelklippe wat as hamerklippe gebruik is (Tabelle 57 & 58). Die hamerklippe is oor die algemeen lig en minder geskilfer as dié wat vir swaar hamerwerk, bv. vir yster, gebruik is. 'n Besonder unieke doleriethamerklip is tussen SON1T1 en SON2M1 aangetref (Foto 79). Dit moes ongetwyfeld gebruik gewees het vir die breek van magnetiet

of selfs as hamerklip in die nabygeleë Loolekopmyn.

Dit is duidelik dat SON1T1 gebruik is vir die sekondêre bewerking van koper soos weerspieël word deur die digte asafsetting en ashoop, verskeie aambeeldklippe **in situ** asook los aambeeldklippe en ligte hamerklippe. Die byna volledige afwesigheid van slak op die terras bevestig verder die stelling.

2.5.1.2 Terras 2 (SON1T2)

Op SON1T2 is 'n vierkant oor 'n opwelling van grond wat langs vier gepakte klippe voorkom, opgegrawe. Langs en onder die hoop grond is brokstukkies kleivloere (SON1T2.1) asook enkele stukkies klei, waarvan sommige dun paalmerke vertoon het, aangetref. Onder die opwelling is ook twee klippe en 'n askonsentrasie (SON1T2.2) sowat 15cm laer as die onreëlmatig verspreide stukkies kleivloer aangetref. Dié waarskynlike vuurherd word geassosieer met 'n oppervlakkige ashoop (SON1T2.3) daarnaas. In die afsetting is ook twee klipwerktuie aangetref (Tabel 60).

2.5.1.3 Terras 3 (SON1T3)

Op SON1T3 is 'n vierkant en toetssloot opgegrawe. In die vierkant is 'n gedeelte van 'n kleivloer (SON1T3.1) aangetref. Die vloer was bedek met stukke klei met paalmerke daarin. Die verskynsel was vermoedelik 'n hutvloer met 'n wydste deursnee van 1,2m. Die noordelike gedeelte van die vloer was weggeslyt weens die helling van SON1T3. Op die vloer is 22 potskerwe aangetref wat die vermoede bevestig dat dit 'n hutvloer kon wees (Tabel 60).

'n Tweede kleivloer wat slegs 40cm in deursnee is, kom by die vernouing van die terras voor (SON1T3.2). Op die vloertjie is baie klei met dun paalmerke daarin aangetref. Die vloer is brokkelrig en ongelyk. Direk langs die vloer is 'n ashopie met potskerwe en 'n been daarin aangetref. Dit is onduidelik of die verskynsel die oorblyfsels van 'n hutvloer waarvan 'n groot gedeelte reeds gedisintegreer het, verteenwoordig.

2.5.1.4 Terras 4 (SON1T4)

Op die terras is twee kleivloere aangetref waarvan die eerste (SON1T4.1) sowat 1,0m in deursnee was. Die vloer was baie brokkelrig en het in die middel vier bo-op mekaar gepakte klippe gehad. Direk langs die klippe is gemodelleerde holtes

in die kleivloer waarin kleipotte moontlik regop geplaas sou kon word (Foto 80). Die verskynsel hou moontlik verband met een of ander religieuse of seremoniële handeling wat op SON1T4 uitgevoer is.

Die tweede kleivloer SON1T4.2 is duidelik die van 'n hut en stem ooreen met die dik gekompakteerde en goed afgewerkte kleivloere van hutte wat by Shankare en Sebatini aangetref is. Die vloer is 1,0m in deursnee en het 'n vlakkerige ronde holte wat nie presies in die middel van die vloer geleë is nie (Foto 81).

2.5.1.5 Terras 5 (SON1T5)

Op die terras is drie oppervlaktes met behulp van sirkels opgegrawe en ondersoek. In al drie die sirkels is aanduidings van dun, swart, kleierige vloertjies gevind asook van klein oranjekleurige stukkie klei met dun paal- en/of grasstingelafdrukke daarop. Geen duidelik gedefinieerde vloere is egter opgespoor nie. Sommige van die fragmentariese kleivloere word ook met askonsentrasies geassosieer. Dit wil dus voorkom asof SON1T5 wel ligte gekonstrueerde strukture kon gehad het. Dit mag egter wees dat die strukture soos in die geval van Muhululu, gedeeltelik of in geheel, binne en/of buite, met klei oor 'n dun paal en/of grasbedekking gesmeer was.

2.5.1.6 Terras 6 (SON1T6)

Die terras is aan die oostekant van die kop geleë en het 'n uitsig op die Selatirivier. Op die terras is 'n stukkie kleivloer van 20 x 30cm met 'n holte daarin aangetref (net soos by Pjene). Die kulturele materiaal wat van die terras afkomstig is, is net soos in bogenoemde gevalle uiters karig (Tabel 60).

2.5.2 Die koperreduksieterrein (SON2M1)

Slegs een koperreduksieterrein is in assosiasie met Sonkoanini aangetref. Die terrein is 45m noordoos van die koppie langs 'n verweerde siëniëtdagsoom geleë (Figuur 42). Die siëniëtklippe vorm 'n natuurlike muur wat saam met die gesonke aard van die reduksie-oond die terrein afskerm van die terrasse en die omgewing. Nogtans is die oond sigbaar vanaf die koppie se terrasse (Foto's 82 & 83).

Die koperreduksieterrein wat by Ghoenkop voorkom, lê langs 'n soortgelyke siëniëtdagsoom. Die oriëntasie van die koperreduksie-oonde op die twee terreine, verskil

egter asook die posisie van die siënetkeermure. By Sonkoanini is dit 'n skermmuur tussen SON2M1 en die terrasse terwyl dit by Ghoenkop nie die reduksieterrein van die terrasse wegskeerm nie.

Die slakhoop van SON2M1 het nie die tipiese piering- tot ovaalvorm gehad wat normaalweg met reduksieterreine geassosieer word nie, maar het 'n onreëlmatige planvorm vertoon (Figuur 44). Die oond is net soos in die geval van Ghoenkop nie sentraal in die slakhoop geleë nie. Die enkelgleufopening rig na die siënetmuur sodat die operateur noord sou kyk. Die oond is net soos by Ghoenkop in 'n gat in die grond versink deurdat die onderste deel van die oond in die verweerde siënet ingebou is (Fig. 45).

Die gat is hierna met klei uitgesmeer en daarna met klei opgebou totdat die oond 60cm hoog staan. Die reduksie-oond se tipologiese kenmerke stem ooreen met die reduksie-oonde van Pjene en Ghoenkop (Tabel 61 & Foto's 84 & 85). Dit is ook 'n KR1-oond.

'n Analise van die slak van SON2M1 toon duidelik dat koper in die oond gereduseer is (Tabel 62). Die erts wat gebruik is was malagiet. Slak met ongereduseerde malagiet is op die terrein gevind. Die 1,3kg magnetiet wat in die opgegraafde deel van die slakhoop gekry is, is waarskynlik as katalisator of smeltmiddel in die reduksieproses gebruik. Die koperinhoud van 2,12% in die slak van SON2M1, is een van die hoogste wat in 'n koperreduksie-oond in die Loole-terreinkompleks aangeteken is (Tabel 62).

Die blaaspypoorblyfsels wat uit die oond, die opening van die oond en uit die opgraving rondom die oond ingesamel is, toon 'n groter deursnee (buite- sowel as binne-deursnee) as die blaaspype wat met ysterreduksie-oonde en ystersmidswerk geassosieer word (Tabel 63).

Naby die oond se blaaspypopening maar feitlik op die oppervlakte van die slakhoop, is 24 rooi glaskrale opgegrawe. Benewens die krale is talle hamerklippe - oorwegend spoelklippe - in die slakhoop aangetref. Ook enkele spoelklippe van kwartsiet wat klein en reeds gebreek is, kom tussen die spoelklippe voor (Tabel 64). Dit is moontlik dat dié en van die ander spoelklippe (van kwartsiet) onder andere as smeltmiddels in die oond gebruik is en ter plaatse vir die doel stukkend gekap is.

3. Ghoenkop

3.1 Ligging

Ghoenkop is geleë op die plaas Loole (31 LU) wat deel is van Foskor se grondgebied. Die koppie is suid van 'n uitskothoop en direk oos van die grondpad wat na die Phalaborwa Waterraad se kantore en die keerwal in die Olifantsrivier loop. Die naaste koppies aan Ghoenkop is Aprilkop (noordwes) en Katoenkoppie wat verder suid geleë is (Figure 23 en 41).

Die koppie lê sowat 4-5km vanaf Loolekop en is dus na aan die kopererts - en magnetietbron van die omgewing. Dit word egter saam met die ander koppies van die omgewing bedreig deur paaie wat in die gebied beplan word om materiaal na 'n nuwe beoogde aanleg suid van Ghoenkop te vervoer.

Die naam Ghoenkop is aan die koppie gegee omdat twee ghoens op die koppie opgetel is. Die ghoens is oorblyfsels van een van die vroeëre myne wat in die gebied werkzaam was - waarskynlik die Transvaal Ore Company, wie se rommel nog in die gebied verspreid voorkom. Aan die oostekant van Ghoenkop kom die ontruimde woonhuis van 'n blanke voor.

3.2 Nabygeleë terreine

Ander bekende koppies rondom Ghoenkop is : Aprilkop (noordwes), Katoenkoppie, Healliekop, Evkomkoppie (almal suid) en Sonkoanini verder noord wat ook argeologies ondersoek is. Ander belangrike koppe verder oos wat vandag nie meer waarneembaar is nie omdat dit onder uitskothope verdwyn het, was Nagome en Moloto (Figure 23 en 41).

Al bogenoemde koppies is intensief verken terwyl ook opgrawings uitgevoer is by Evkomkoppie, Sonkoanini en Healliekop. Die opgrawings by eersgenoemde terrein is reeds in detail bespreek (VI:2 en VII:2). Dit is dus nodig om 'n paar opmerkings oor die bevindinge van die ondersoek en opgrawings by Healliekop te verskaf.

3.2.1 Healliekop

Direk noordwes van Healliekop kom 'n tweede satellietkoppie voor. Die oppervlak

tussen die twee koppies bevat heelwat gelaagde ysterklip en magnetiet. Die gelaagde ysterklip is glad en rond verweer en het die voorkoms van spoelklippe. Van die tipe ysterklip is ook by Evkomkoppie waargeneem sodat dit nie onmoontlik is dat die ysterklip vanaf die Selatirivier of ander droë slote na die koppies aangedra is nie. So 'n oorsprong sal dan ook die spoelklip-voorkoms van die gelaagde ysterklip verklaar. Sommige van die ysterklip toon 'n verlies aan skilfers. Doelbewuste pogings is dus aangewend om yster uit die klippe te herwin òf om dit vir klipwerktuie te skilfer.

Benewens die algemene voorkoms van magnetiet en gelaagde ysterklip rondom en tussen Healliekop en sy satelliet, is lang slote wat weer opgevul is ten weste van Healliekop en ten noorde van die tweede koppie sigbaar (Figuur 46. no.1). Hoog gepakte kliplae is ook aan die noordekant van die koppies sigbaar (no. 2). Die slote en klipstapels mag oorblyfsels wees van vroeëre prospekteraktiwiteite aangesien geen inligting daaromtrent ingewin kon word nie. 'n Verdere moderne, mensgemaakte verskynsel is die grondpad noord van Heallie se satelliet (no.3). Verdere belangwekkende argeologiese reste wat waargeneem is, is die volgende:

4. 'n Gebied waar klippe in die grond ingeplant is om die werf van een of meer woonstrukture af te baken. 'n Toetsopgraving in die gebied het aangedui dat een of meer kleistrukture hier voorgekom het. Uit die opgraving is 'n stukkie "moderne" yster, 'n knoop en 'n stukkie gekartelde koperdraad herwin.
5. 'n Maalklip en twee malers.
6. Twee gate van sowat 'n meter in deursnee en die helfte so diep wat òf prospektergate òf myntjies kan wees. Rondom die gate kom magnetiet en vermikuliet verspreid voor.
7. 'n Kort, lae, gepakte klipmuurtjie.
8. 'n Kol met slak en stukkie blaaspypfragmente (vgl. Figuur 46. no.1-8).

Healliekop en sy satelliet toon dus aanduidings van bewoning in historiese tye, dit wil sê laat in die negentiende en/of vroeg in die twintigste eeu. Daar is 'n moontlikheid dat vroeëre bewoning en ander aktiwiteite hier plaasgevind het. Dit moes egter kortstondig gewees het, aangesien geen afsetting of ander verskynsels voorkom wat die moontlikheid onomwonde bewys nie. Dit is bekend dat die omgewing noord van Aprilkop, tot in historiese tye bewoon is en dat reisigers en prospekterders gewoonlik hier uitspanplek gesoek het.

3.3. Topografiese en ander kenmerke

Ghoenkop is in 'n groot mate 'n voorbeeld van 'n saalrug-tipe koppie. Dit is laag en onindrukwekkend en kan nie op die 1:50 000 topografiese kaart van Phalaborwa (2331CC) as 'n koppie gesien word nie. Die hoogste punt van die koppie behoort net soos Evkomkoppie in die omgewing van 370-380m bo seespieël te wees (Figuur 47; Foto 86).

Die koppie bestaan in der waarheid uit 'n groter, noordgeleë koppie waarvan die suidelike voet direk geskakel en gelaagd is na 'n kleiner en laer-geleë suidelike siënië-uitstulping. Die terrasse van Ghoenkop is tussen dié grotere en kleinere granietformasies geleë op sagdalende, natuurlike terrasse. Die gemiddelde hoogte-verskil tussen die noordelike en hoogste terras GH1T1 en die suidelike en laagste terras GH1T3 is 2,5m en weerspieël dus die gelykmatige aard van die terrasse (Figuur 47).

Twee afsonderlike argeologiese terreine is by Ghoenkop aangetref, naamlik 'n aantal terrasse op die saalrug van die koppie en 'n koperreduksieterrein wat 30m vanaf die terrasse aan die westekant van die koppie geleë is. Koper is nie net by die reduksieterrein gereduseer nie, maar ook op ten minste een, maar meer waarskynlik al drie terrasse (GH1T1 - GH1T3) van die koppie. 'n Derde area tussen die koperreduksieterrein en die terrasse mag ook vir die bewerking van koper gebruik gewees het (Figuur 47).

3.4 Historiese agtergrond

Geen historiese inligting aangaande Ghoenkop is bekend nie.

3.5 Die ondersoek en opgraving

Soos genoem, is die terrasse van Ghoenkop in hoofsaak op natuurlike wyse gevorm. 'n Enkele gepakte klipmuur soos die wat op GH1T1 voorkom, is nie 'n algemene verskynsel nie, en kan dus nie as 'n tiperende kenmerk van die terrein beskryf word nie (Foto 87). Die Ghoenkop-terrein se terrasse is nie soos sommige van die ander terreine in geheel opgegrawe nie. Oppervlaktes van al drie terrasse is wel ondersoek, terwyl sekere van die ashope in arbitrêre lae opgegrawe is.

Die twee prominente aktiwiteitsareas van Ghoenkop is:

- Drie terrasse wat op die koppie voorkom (GH1T1 - T3).
- Die westelik-geleë koperreduksieterrein (GH2M1).
- 'n Derde area tussen die koppie GH2M1 mag gebruik gewees het as 'n smids-werkplek (GH3). Die gegewens om dié stelling te bevestig is egter baie vaag (Figuur 47).

In geheel beskou, is die gegewens wat daarop dui dat Ghoenkop bewoon was, skraps - net soos in die geval van Sonkoanini, Pjene, Marupale en Evkomkoppie. Die terrein bevat egter soos Sonkoanini skrapse bewoningsgetuienis terwyl Marupale, Evkomkoppie en Pjene geen aanduidings van bewoning getoon het nie.

Die opgraving van Ghoenkop se terrasse en koperreduksieterrein het die volgende verskynsels en vondste opgelewer.

3.5.1 Die terrasse (GH1T1 - GH1T3)

Die afsetting van die terrasse bestaan uit 'n sagte, donkerbruin tot swart, kleierige grond in teenstelling met die humusryke, korrelrige afsetting wat op die terrasse van Marupale en Muhululu aangetref is. 'n Opvallende kenmerk van die terrasse is ook die voorkoms van as soos die agt ashope getuig wat op die drie terrasse voorkom (Figuur 47).

Die algemene voorkoms van as en ashope gaan ook gepaard met die voorkoms van slak in die ashope en op die terrasse. Slak is aangetref in al vier die ashope wat opgegrawe is en op sommige gedeeltes van die terrasse. Die slak is veral algemeen tussen en teenaan die groot vaste klippe wat die skeiding tussen die tweede (GH1T2) en die derde (GH1T3) terras vorm, asook tussen klippe langs ashope, byvoorbeeld GH1T3.1 en GH1T3.2.

3.5.1.1. Terras 1 (GH1T1)

Op die terras is die volgende verskynsels ondersoek en aangetref (Figuur 47):

'n Ashoop (GH1T1.1) is aan die westelike kant van die terras in 'n halfsirkelvorm en in vyf arbitrêre lae van 15cm elk opgegrawe totdat die bodemrots bereik is (Foto 88). Uit die asafsetting is dierskeletmateriaal wat geïdentifiseer is (Tabel

65), asook slak, potskerwe, blaaspypfragmente en ander materiaal herwin (Tabelle 66 & 67).

Uit die ashoop is nege stukke klei met slakaanpaksels onder 'n gladde oppervlakte aangetref. Die klei is sowat 2-3cm dik met 'n gemiddelde dikte van 2,5cm (Foto 89). Die klei moet die oorblyfsels wees van 'n tipe oond of van 'n vloer, waarin of waarop waarskynlik koper bewerk is. Soortgelyke klei is op die terras van Evkom-koppie (EVK3T1) aangetref (Foto 51).

'n Kleivloer (GH1T1.2) waarvan die vorm en deursnee nie duidelik is nie, kom aan die westekant van die terras voor. Dit mag 'n ronde kleivloer van nagenoeg 2m in deursnee wees. Geen hutpuin is op die vloer aangetref nie. Die vloer was egter so na aan die grondoppervlak dat die hutpuin wat bo-op die vloer sou voorkom, reeds weggespoel en verweer kon wees.

'n Stukkie kleivloer van 0,8m x 0,4m (GH1T1.3) is noord van GH1T1.1 aangetref. Dit is effens gehol of ingeduik in die middel.

'n Kleivloer van 2,6m x 1,6m (GH1T1.4) kom verder op bg. terras voor. Die vloer is nie rond nie en dus duidelik nie 'n hutvloer nie. Puin bestaan uit klei, en dun paalmerkies (Foto 90) wat voorkom, mag dié van 'n graanhouer (GH1T1.4.1) wees wat langs die kleivloer voorgekom het. Die vloer het 'n opgehewe/opgeboude holte (Foto 91) met 'n deursnee van 25cm en 'n diepte van 6-7cm. Die vloer is waarskynlik gebruik vir die voorbereiding van plantvoedsel - veral gesien in die voorkoms van twee klipplatforms wat kon dien as staanders vir plantvoedselhouders. Op die kleivloer is ook 'n aantal identifiseerbare dierebeendere aangetref. Die beendere verhoog die vermoede dat die kleivloer gebruik was vir voedselvoorbereiding en dat maaltye op dié terras en op die kleivloer in besonder genuttig is. Dit mag selfs nie te vergesog wees nie dat dierebene, wat volop in die ashope is, op die maalklippe fyngemaal is sodat die kalk en fosfaat as smeltmiddel by die reduksie van die kopererts gebruik kon word. Dit sal uiteraard geen oorblyfsels vir die argeologiese rekord verskaf nie, maar moontlik wel identifiseerbaar wees in die slakanalises.

'n Klipplatform (GH1T1.4.1) met 'n deursnee van 0,9m kom direk langs die kleivloer voor. In die middel en langs die platform kom onderskeidelik 'n maler en 'n maalklip voor (Foto 92). 'n Tweede ronde klip kom in die klipplatforms voor. Puin bestaande uit klei met dun paalmerke is wes van die klipplatform aangetref.

'n Tweede klipplatform (GH1T1.4.2) met 'n deursnee van 0,8m kom langs bogenoemde voor. Rondom die platform is klei met paalmerke aangetref. Die paalmerke dui op die gebruik van pale wat sowat 1cm dik was, hoewel enkele dikker pale ook voorkom. Sommige van die klei toon aan hulle teenoorstaande kante 'n gladgesmeerde oppervlakte. Die klei was dus op 'n dun paalraamwerk gesmeer. Die klipplatforms kon dus gedien het as staanders of onderstelle vir paal-en-kleihouers waarin plantvoedsel geberg is. Langs klipplatform GH1T1.4.2 is ook 'n langwerpige klip met 'n gladde en effens uitgeholde werksoppervlakte aangetref. Dit sou 'n ligte aambeeldklip kon wees, of 'n klip waarop plantvoedsel, byvoorbeeld maroela-neute stukkend geslaan is. 'n Groot en prominente ashoop (GH1T5) wat nie ondersoek is nie, vorm verder deel van die terras (Figuur 46).

Verskynsel GH1T1.6 bestaan deels uit gepakte en natuurlike klippe wat as't ware twee lobbe of twee ruimtes vorm, die een ruimte is hoër as die ander weens die helling van GH1T1. Die struktuur het die voorkoms van 'n skerm of skuiling waar 'n metaalbewerkingsfunksie soos kopersmidswerk of die stukkend kap van magnetiet kon plaasgevind het (Figuur 47). In die ruimte is die volgende materiaal en oorblyfsels aangetref.

- Vier gepakte klippe wat 'n vuurherd kan wees.
- Stukkies blaaspypfragmente en potskerwe.
- Stukkies klei.
- Twee groot stukke verweerde magnetiet en kleiner stukkies magnetiet.

Bokant GH1T1.6 kom 'n lae skuiling tussen die rotse wat die kruin en die bokant van die koppie vorm, voor. In die skuiling is ook stukkies blaaspypfragmente en slak aangetref. Dit wil voorkom asof koper ook hier bewerk is.

Aan die suidekant van GH1T1.6 maar nog op GH1T1, is twee sirkeloppervlaktes opgegrawe, naamlik GH1T1.7.1 en GH1T1.7.2. In GH1T1.7.1 is oorblyfsels van 'n stukkie kleivloer van 40cm x 20cm sowat 8cm onder die grondoppervlak aangetref.

3.5.1.2 Terras 2 (GH1T2)

Op die terras is 'n ashoop GH1T2.1 volgens sy halfsirkelvorm opgegrawe in twee arbitrêre lae van 15cm elk. Die gewone vondste is hierin aangetref, naamlik potskerwe, slak en identifiseerbare dierlike skeletmateriaal (Tabelle 69 & 70). Tussen

terras GH1T2 en GH1T3 is weer eens 'n ligte aambeeldklip aangetref (Figuur 47).

3.5.1.3 Terras 3 (GH1T3)

Twee sirkeloppervlaktes, GH1T2.2 en GH1T2.3 met deursneë van 2,7m is ook op GH1T2 opgegrawe. In GH1T2.2 is 'n stukkie kleivloer aangetref wat sowat 20cm in deursnee is en wat 'n vlak holte bevat (Foto 93). Verskynsel GH1T2.4 is 'n verdere ashoop op die terras wat nie ondersoek is nie (Figuur 47).

'n Ashoop (GH1T3.1) is op die terras opgegrawe in 'n sirkelvorm en in vyf arbitrêre lae van 15cm. Die lae bevat van bo na onder 'n toenemende hoeveelheid slak. Dit kan daarop dui dat reduksie- en/of smeltbedrywighe (op die koppie) met die tyd kon toegeneem het en met die ontruiming van die terrein 'n hoogtepunt bereik het. Twee onafhanklike analyses van die slak van die eerste drie lae toon dat dit die resultaat was van koperreduksie (Tabel 68). In die ashoop is identifiseerbare diereskeletmateriaal (Tabel 69), blaaspypfragmente en potskerwe aangetref (Tabelle 67 & 70).

'n Tweede ashoop (GH1T3.2) is in twee arbitrêre lae van 15cm elk ondersoek (Figuur 47). Uit die lae is weer eens slak, diereskeletmateriaal (Tabel 69) en potskerwe herwin. Op die ashoop was ses tot agt groterige klippe gepak. Direk onder die klipstapel is 'n menslike skelet in 'n goeie toestand van bewaring aangetref. Die liggaam was nagenoeg 10cm onder die ashoop se oppervlak bo-op 'n groot plat klip "begrawe" en daarna met die klippe toegepak. Die sagte matriks waarin die skelet voorgekom het, het verhinder dat dit as 'n eenheid herwin kon word. Die liggaam het op die linkersy gelê. Die arms was by die kop gebuig en was noord tot noordoos gerig. Die wyse waarop die liggaam begrawe is, stem in sekere opsigte ooreen met die SPK2-graf wat in 'n ashoop by Kgopolwe aangetref is (Rightmire en Van der Merwe 1976). Die opvallendste aspek van die graf was die vlak posisie waarin die liggaam begrawe is. Die posisie van die graf val saam met die suidelike periferie van die terrein (Figuur 47). Die skelet was die van 'n vrou van \pm 30 jaar oud (Mev. S. Vladar, Mediese Skool, Universiteit Pretoria). Dit was opvallend dat beide die femurs, asook die tibia en fibula, sowel as die pelvis van die skelet ontbreek het (vgl. Samevatting 5.4.6).

Twee halvesirkels, GH1T3.4 en GH1T3.5 is teenaan die klippe tussen GH1T2 en GH1T3 opgegrawe met die doel om die oorsprong van die slak op die terras en in die ashope GH1T3.1 en GH1T3.2 op te spoor. Die opgrawings het in beide gevalle

die gewone materiaal opgelewer wat bestaan het uit potskerwe, blaaspypfragmente en identifiseerbare dierskeletmateriaal (Tabelle 67 & 71). In beide die opgrawings is 'n totaal van 0,29kg ongereduseerde malagiet aangetref wat die bewerking van koper op GH1T3 verder bo alle twyfel bevestig. Enkele van die potskerwe wat aangetref is, toon net soos in die geval van 'n paar potskerwe vanaf Marupale, kenmerke van 'n "vreemde" kultuurgroep of gemeenskap by Ghoenkop (vgl. 5.4.4).

Die afsetting van GH1T3.3 bestaan uit donkerbruin tot swart grond van ongeveer 5cm dik wat plek maak vir 'n ashoop of aslaag wat ook sowat 5cm dik is. Die aslaag is deel van 'n groter aslaag wat oorgaan in die ashoop wat aan die noordwestekant van GH1T3 sigbaar is.

Die enigste getuienis oor die aard en voorkoms van die kleistrukture wat gebruik moes gewees het om koper te reduseer en/of te smelt, is in GH1T3.5 verkry. In die opgrawing is 'n stukkie klei of 'n kleigleuf aangetref met 'n kleivloertjie daarnaas (GH1T3.5.1). Die kleigleuf was 13-14cm in deursnee. Die gleuf se een punt was op die kleivloertjie wat \pm 30cm in deursnee was (Foto 94). In dié verskynsel is twee stukkiës malagiet aangetref.

Die verskynsel is vermoedelik die oorblyfsels van 'n kleinerige reduksie- of smeltoond wat op 'n kleivloer gebou is. Strukture van die aard moes klein gewees het en veral tussen en teenaan groot klippe naby die ashope gebou gewees het. Die slak en as wat uit die oondjies gekom het, het die agt ashope veroorsaak. Die grootte van die ashope dui op 'n intensiewe reduksie van kopererts en/of die smelt van koper. In geheel is egter min inligting beskikbaar oor die wyse waarop malagiet op die terrasse gereduseer en waarskynlik daarna gesmelt is. Die enigste getuienis wat direk hierna verwys, is:

- Die slak, as en blaaspypfragmente wat met die ashope verbind word asook die ashope self.
- Die nege stukke klei met slakaanpaksels oor 'n gladde klei-oppervlakte (Foto 90) wat in GH1T1.1 aangetref is.
- Die kleistruktuur GH1T3.5.1 wat verbind word met 'n kleivloertjie, 'n gleuf en stukkiës malagiet.

Dit is egter duidelik dat die metode van reduksie van koper op GH1T3 verskil het van die koperreduksie-aktiwiteite wat in die KR1-oond ten weste van Ghoenkop plaasgevind het.

3.5.2 Die westelike koperreduksieterrein (GH2M1)

'n Koperreduksieterrein is 30m wes van Ghoenkop geleë. Die terrein was feitlik platgestoot deur 'n stootskraper sodat dit nie onmoontlik is dat ander oonde verder wes van die koppie in die slag gebly het nie (Figuur 47). By Sonkoanini en Pjene waar soortgelyke KR1-tipe oonde aangetref is, is egter ook net een oond per terrein (of koppie) aangetref. By Nagome het egter twee KR1-tipe oonde voorgekom (Van der Merwe 1971: 11).

Die planvorm en verspreiding van die slak van GH2M1 is ovaal- tot sirkelvormig met 'n deursnee van 10m x 8m (Figuur 47). 'n Gesonke gedeelte was opmerklik waar die oond onder die slak geleë was. Die oond en terrein is net soos by Sonkoanini aangelê langs 'n siëniëtdagsoom wat 'n deel van die periferie van die terrein vorm (Foto 95). Die siënië staan bo die terrein en veral die oond uit wat in 'n holte langs die dagsoom ingebou is.

Die oond was in 'n swak toestand van bewaring en is met glasvesel versterk en na die Phalaborwa Museum verwyder (Foto's 96,98). Die algemene kenmerke kon egter geïdentifiseer word. Dit stem ooreen met ander soortgelyke koperreduksie-oonde wat veral in die suidelike gebied van die Loole-terreinkompleks aangetref is (Tabel 72). Die opvallendste kenmerke van die oonde is hulle bolvormige of ronde voorkoms met 'n ronde boonste opening asook 'n enkele blaaspypopening met 'n gotiese boogvorm.

Die oond is direk bo-op 'n klipplaat gebou. Dit wil voorkom asof dit ook die vloer van die oond gevorm het. Direk langs die blaaspypopening was daar 'n langwerpige, gladgeskuurde klip soos 'n slypsteen. Die blaaspypfragmente wat in assosiasie met die oond aangetref is, toon dieselfde deursnee as die van ander koperreduksie-oonde wat in die gebied opgegrawe is (Tabel 73). 'n Analise van 'n slakmonster toon die hoë voorkoms van koper in die slak van GH2M1 (Tabel 68).

4. Selongwe

4.1 Ligging

Die koppieterrein Selongwe is geleë op die plase Selonque (23 LU) en Laaste (24 LU), dit wil sê op die noordgrens van die navorsingsgebied. Die plaas Laaste (24

LU) behoort aan Foskor terwyl die deel van die koppie wat op Selonque (23 LUT) geleë is, privaateiendom is. Die gedeelte van die terrein wat op Laaste (24 LU) geleë is, is grootliks vernietig met die oprigting van die grensdraad tussen die twee plase.

4.2 Nabygeleë terreine

Selongwe is in die verre noorde van die navorsingsgebied geleë waar feitlik geen siënietskoppies voorkom nie. Die enigste twee prominente koppies wat in die omgewing voorkom, is Masakoleng, wat op die plaas Selonque (23 LU) maar noordwes van Selongwe geleë is. Noord van Masakoleng is die koppie Mabeapeung geleë. Albei koppies word nes Selongwe op die 1:50 000 topografiese kaart van Phalaborwa (2331CC) aangedui (Figuur 23).

4.3 Topografiese en ander kenmerke

Die Selongwe-terrein bestaan eintlik uit drie geskakelde kleiner koppies (Foto 99; Figuur '48). Die koppies vertoon net soos Phutwane, Ghoenkop, Shankare 2 en Lihuatjana in 'n mindere mate, 'n besondere geomorfologiese struktuur (vgl. V:4.2.1). Daar is selde terrasse of woonkomponente op die hange. Die uitsondering is Selongwe waar enkele terrasse met moontlike hutpuin wel aan die noorde- en westekant van een van die koppies aangetref is (Figuur 48). Die koppies is verder laag en onindrukwekkend - en wel in so 'n mate dat hulle kontoere nie op die 1:50 000 kaart van Phalaborwa (2331CC) aangedui word nie.

Die geskakelde koppies van Selongwe waarvan die voetkontoere verenig is, skep 'n ideale ruimte - net soos by Phutwane - tussen die koppies waar 'n terrein aangelê kon word (vgl. IX: 2.2.2.2). Die terrein van Selongwe is beskut aan die noorde- en westekant en 'n deel van die suidekant en het 'n betreklik gelyke oppervlakte waar 'n woonterrein- en metaalbewerkingskomponent met min moeite aangelê kon word. 'n Aansienlike afsetting het dan ook oor die jare tussen die koppies geakumuleer (Foto 100). Ongelukkig is sowat 50% van die terrein wat op die plaas Laaste (24LU) voorkom, deels met 'n stootskraper vernietig ten einde die grensdraad tussen Laaste (24LU) en Selonque (23 LU) te kon span. Weinig is dus van die suidelike deel van die terrein behoue, hoewel ten minste een reduksie-oond wat vermoedelik gebruik is vir die reduksie van yster, op dié suidelike deel van die terrein naby die voet van een van die geskakelde koppies aangetref is (Figuur 48).

Dit wil voorkom asof meer (yster) reduksie-oonde op dié deel van die terrein geleë kon gewees het. Aan die noordekant van die terrein is yl-verspreide slakkonsentrasies waargeneem, maar geen aanduidings van reduksie-oonde is gevind nie. 'n Analise van die slak het getoon dat dit die resultaat was van ysterreduksie (Tabel 11).

Die Selongwe-terrein word net soos Shankare 2, Phutwane en ander koppie-agglomerate gekenmerk deur die aanwesigheid van prominente dik (as)afsettings, gepakte klipskerms met aambeeldklippe en die algemene afwesigheid van terrasse op die hange van die koppies. Nogtans is Selongwe, volgens die potwerk uit 'n ashoop van die terrein (SEL1A1), 'n radiokoolstofdatering van houtskool onder uit die ashoop (Tabel 4), asook vondste soos krale, bottelstukke en "moderne" ysteroorblyfsels, nie later as tweehonderd jaar gelede bewoon nie.

Die dik afsettings op hierdie terreine, die gepakte klipskerms met aambeeldklippe en die voorkoms van slakskilfers soos by die reduksie-oonde van Lihuatjana, is baie duidelik ook hier die oorblyfsels van metaalbewerking - hetsy yster en/of koper. Die dik afsettings is kenmerkend van die primêre en sekondêre bewerking van yster sowel as koper. Die gepakte klipskerms met swaar en prominente aambeeldklippe is gewoonlik vir die sekondêre bewerking van yster gebruik. Die sekondêre bewerking van koper is dikwels ook in klipskerms uitgevoer, maar hulle het nie so 'n duidelik opvallende struktuur en swaar aambeeldklippe soos vir ysterbewerking gebruik is, nodig gehad nie.

Hoewel dit wil voorkom asof Selongwe uitsluitlik met die reduksie van yster verbind kan word, is 'n deel van 'n smeltkroes in assosiasie met 'n moontlike hutvloer op die terrein aangetref (Foto 101). Hoewel Selongwe dus net soos Sekgopo, in die Nasionale Krugerwildtuin, ver van Loolekop en die Old Guide Myn as moontlike ertsbronne geleë is, het die reduksie en/of smelt van koper dus wel moontlik by beide terreine voorgekom. Die enkele geassosieerde vondste wat aangetref is, dien as voorbeelde van die reeds vermelde probleme by die opsporing van koperbewerkingsaktiwiteite (vgl. IV: 5.4.1.5). In die geval van Selongwe was die Old Guide Myn veel nader as 'n bron vanwaar ertse soos malagiet en magnetiet verkry kon word. Weens die afstand wat Selongwe van albei ertsbronne geleë is, sou dit waarskynlik nie veel verskil gemaak het vanwaar die ertse verkry is nie (Tabel 25).

Die Selongwe-terrein word verder gekenmerk deur 'n reeks terrasse wat feitlik op die grondvlak aan die westekant van die koppie voorkom. Op die terrasse is

klei met paalmerke opgemerk. Die gedeelte van die terrein wat tussen die koppies geleë is en wat argeologies ondersoek is, word gekenmerk deur 'n lae gepakte klipmuur met 'n opening. In die muur kom aambeeldklippe, enkele maalklippe en een vyselklip voor. In die omgewing van die klipmuur is ook 'n groot vyselklip **in situ** geleë (Figuur 48 & 49).

Die oppervlakte van die terrein tussen die koppies is oortrek met maalklippe en aambeeldklippe (Figuur 49). Die maalklippe dui op die relatiewe jonkheid van die Selongwe-terrein wat ook deur ander vondste bevestig is. Hoewel slegs een woonhut op die terrein opgegrawe is (SEL3), is klei met paalmerke op die vernietigde suidelike deel van die terrein opgemerk waar woonhutte dus moontlik geleë was (Figuur 48).

4.4 Historiese agtergrond

Inligting wat deur die skrywer van informant J. Malatji bekom kon word, dui daarop dat Selongwe deur die Mmopa en Mapadi bewoon was. Dit moes gedurende die laat negentiende en vroeë twintigste eeu gewees het, aangesien die groep(e) hulle onder Sephari en Maphalle by die koppie kom vestig het en eersgenoemde die seun was van Lepato van Kgopolwe. (Die regeringstyd van Lepato het teen ca1870 'n aanvang geneem). Sephari is by Selongwe begrawe terwyl sy seun Maphalle later na Maune in die huidige baPhalaborwa-gebied trek, waar hy sterf en sy graf vandag nog gesien kan word.

Verskillende oorsprongsoorleweringe bestaan vir die Mmopa. Dit word onder andere beweer dat die Mmopa saam met Sekgotosammoto van Tubatse na Phalaborwa gekom het. Ander oorleweringe meld dat die groep afkomstig is van dieselfde plek as die baMalatji en slegs onderskeibaar is van ander baPhalaborwagroepe deur die naam Mmopa. Die Mmopa word egter ook deur andere verbind met 'n afsonderlike oorsprong in Mokgoboya. So beskryf J.D. Krige hulle as afkomstig van die baKoni. Dit is dus moontlik dat die groep wat wel 'n vroeë teenwoordigheid in Phalaborwa gehad het, 'n baKoni-invloed in die gebied verteenwoordig het (Scully 1978: 206-208).

Volgens oorlewering het die Mmopa as vroueverskaffers vir die eerste baMalatji opgetree. Die groep het skynbaar 'n eie begraafplek by Sealeng (waar al die baPhalaborwa-kapteins begrawe is) wat verwys na die belangrikheid van dié liniegroep in die verlede. Hoewel gespekuleer kan word dat die Mmopa die moeders van Kga-

shane, Matupi en moontlik Mothatewaleopeng aan die baMalatji gelewer het, meen Scully (1978: 205) dat Kgashane eerder 'n tydvak aandui waartydens die Mmopa met kapteinsopvolging verbind was.

"They (Malatji) were supposed to marry a Mmopa wife and that is the reason for the **sereto: Mmopa kgoshi a Malatji**. The word Mmopa comes from **go bopa** - to mold from clay - which means they caused the **kgoshi** to be born. They lived at Sealeng Hill." (op. cit. p.206)

In die regeringstyd van Kgashane het die Mmopa hulle belangrikheid en rol as vroueverskaffers aan die baMalatji verloor. Die groep word dan ook beskryf as 'n arm gemeenskap met die **noko** (ystervark) as totem wat hulle as onbelangrike groepe by ander gasheergemeenskappe gaan vestig het, nadat hulle hul status en magposisie verloor het (Scully 1978: 216, 276).

Volgens bogenoemde inligting is dit dus moontlik dat die Mmopa en Mapadi nie alleen by Selongwe woonagtig was nie. In Februarie 1872 het Vincent Erskine 'n woonterreïn van die Mashale digby Selongwe besoek:

"... on emerging into the more open country, turning sharply to the right, and ascending the hill over the rocks. A short, sharp climb brought us to the kraal of Sisani Mashale, a Mavitha or Basuto, almost on the top. It ... gave a fine view of ... the surrounding country laid out like a map below. The surface appeared of a red colour from the dry grass, and was dotted with stones and bush, but flat." (Erskine in Scully 1978: 353)

Dit is nie onmoontlik dat die Mmopa een van verskeie groepe was wat as metaalbewerkers (en veral as smede) by gasheergemeenskappe woonagtig en werksaam was nie. Dit word gesê dat die Pilusa en Nkwane

"employed people for the job of hitting axes (**malepe**) spears and knives. The pay for this work was one hoe (**jepe**) so that they could marry a wife with it. The house in which the smelting work was done was called **Lekuba** (temporary or make shift house). The house in which they hit iron was called **natlo** (forge)." (sic) (Scully 1978: 358-359)

Dit is reeds aangedui dat die Pilusa en Mashale verbind word met Makwibidung (III: 2.3.2.4). Volgens Scully (1978: 277) word die woonplek van die Pilusa gekenmerk deur die aanwesigheid van "rooi oker".

"This is a reference to the area surrounding Selongwe Hill - probably the

Makwibidung of origin stories - as is associated with a group known as the Mashale."

'n Noue geografiese en/of kulturele verwantskap word dus hier tussen Selongwe en Makwibidung vermoed. Volgens die verklaring van die ligging van Makwibidung (vgl. III: 2.3.2.4) is laasgenoemde egter ver vanaf Selongwe geleë. Uit mondelinge oorlewering blyk dit duidelik dat dié terrein gedurende die regeringstyd van Majaji by Sekgopo met die ooste van Phalaborwa verbind word.

4.5 Die opgrawing en ondersoek

Drie toetsgate is op die Selongwe-terrein opgegrawe, naamlik (Figuur 49):

- 'n Ashoop (SEL1A1) waarin 'n gat van 1,5m x 1,0m in ses arbitrêre lae van 15cm tot 'n diepte van nagenoeg 0,85m opgegrawe is.
- 'n Gepakte sirkelvormige klipskerm (SEL2M1) waarin gereduseerde yster sekondêr verwerk is.
- 'n Area van die Selongwe-terrein (SEL3) waar die oorblyfsels van 'n kleivloer, vermoedelik dié van 'n woonhut, aangetref is.

4.5.1 Die ashoop (SEL1A1)

Die opgegraafde ashoop kom op die noordelike of eindpunt van die Selongwe-terrein voor (Figuur 49). Dit verteenwoordig onder andere die afval (of houtskoolreste) uit die smidskerm (SEL2M1) langs die ashoop, hoewel dit ook die oorblyfsels opgelewer het van huishoudelike aktiwiteite soos afgelei kon word uit onder andere die potwerk, krale en geïdentifiseerde dierlike skeletmateriaal wat uit die ashoop herwin is (Tabelle 74 & 75).

'n Gat van 1,5m x 1,0m is in die ashoop opgegrawe en wel in 'n eerste laag van 10cm gevolg deur vyf verdere lae van 15cm elk (Foto 102). 'n Houtskoolmonster vanuit laag 6 is op 1780 \pm 35 (Pta-4662) gedateer (Tabel 4).

4.5.2 Die klipskerm (SEL2M1)

Suid van die ashoop kom die oorblyfsels van 'n sirkelvormige gepakte klipskerm voor (Foto 103). Nadat dit opgegrawe is, was dit duidelik dat dit die oorblyfsels van 'n struktuur is waar 'n smid gereduseerde yster sekondêr verwerk het en/of

waar reeds vervaardigde ysterwerktuie afgerond, herstel en opgeknop is (Foto's 104 - 105).

Die deursnee van die klipskerm of **lekuba** is sowat 2,1m van noord-na-suid en van wes-na-oos (Figuur 50). Dit bestaan uit 'n enkel laag gepakte klippe en is sirkelvormig met 'n opening bo (oos) en onder (wes). Langs die skerm is daar 'n tweede ry klippe wat 'n gang naas die **lekuba** vorm (Tabel 76). Die mure van die skerm het as't ware die smid se totale versameling aambeeldklippe gelewer. Soos hy hulle benodig haal hy dit uit die muur en plaas dit weer terug as hy klaar is (Figuur 50). Die aambeelde verskil na gelang van die tipe klip wat gebruik is, die grootte en/of gewig daarvan en die oppervlaktes waarop gehamer is (Tabel 76).

Benewens die voorkoms van aambeeldklippe en twee maalklippe in struktuur SEL2M1, kom aambeeld- en maalklippe betreklik algemeen oor die oppervlakte van die Selongwe-terrein voor (Figuur 49). Die maalklippe is net soos in die geval van terreine soos Sebatini, Shankare, Serotwe, Sonkoanini, Mapotini, en ander koppies, 'n aanduiding van die relatiewe jonkheid van die terrein.

Twee teenoorstaande kwadrante van SEL2M1 is opgegrawe. Geen oorblyfsels van enige oond is egter in die opgegraafde ruimtes aangetref nie. Dit is dus onbekend hoe gereduseerde yster en/of reeds vervaardigde ystervoorwerpe verhit sou word aangesien daar geen aanduidings van 'n vuurherd opgegrawe is nie. Klein stukkies platgeslaande yster is volop in die ruimte aangetref, asook 'n deel van 'n kleinerige slagyster (wat weer eens die resente aard van die terrein aandui). Laasgenoemde oorblyfsels bevestig die vermoede dat gereduseerde yster en ystervoorwerpe in die klipskerm verwerk is deur dit te verhit (moontlik in 'n oop vuur) en daarna te hamer op een of meer van die sowat 17 aambeeldklippe wat in die mure van die klipskerm en binne laasgenoemde self voorkom (Tabel 76). Een van die hamerklippe wat gebruik was, was 'n massiewe gebreekte spoelklip wat van 'n rivier (moontlik die Olifantsrivier) aangedra moes gewees het (vgl. Foto's 114 en 149).

4.5.3 Die woonhut (SEL3).

'n Area direk ten weste van die klipskerm is ondersoek en 'n aantal vierkante opgegrawe (Figuur 49 & Foto 102). Die afsetting is opgegrawe totdat die steriele ondergrond sowat 42cm onder die grondoppervlak bereik is. Die afsetting in die vierkante

het bestaan uit 'n swart bolaag gevolg deur 'n laag hutpuin bestaande uit klei met paalmerke gevolg deur 'n as-onderlaag (Figuur 51).

In die opgraving is die oorblyfsels van 'n brokkelrige kleivloer, sowat 1,0m in deursnee, aangetref. Op die kleivloer is honderde glaskrale aangetref wat onder andere in 'n wit bottel as houer geberg is (Foto 107 & Tabel 77). Benewens die krale is blou glasskerwe, 'n stukkie ysterarmband, 'n deel van 'n smeltkroes (Foto 101), stukke ysterdraad, potwerk en dierlike skeletmateriaal wat geïdentifiseer is, in die opgraving aangetref (Tabelle 77 & 78). Dit wil voorkom asof die kleivloer die oorblyfsels van 'n woonhut verteenwoordig en dat dit uit die vroeë twintigste eeu mag dateer.

Die voorkoms van woonoorblyfsels en smidsaktiwiteite is dus by Selongwe na aan mekaar geleë. Dit is ook die geval by ander terreine soos onder andere Shankare en Serotwe. Die enigste oorblyfsels van ysterreduksie-aktiwiteite, is net soos by die ander terreine, betreklik ver van woonterreinkomponente geleë (Figuur 49). Die oorblyfsels van 'n deel van 'n smeltkroes is egter net soos in die geval van Shankare (SHA2M1) in assosiasie met kleivloere en moontlike woonhutte aangetref.

5. Samevatting: Groep II-terreine

5.1 Algemeen

Hierdie groep terreine mag die mees algemene tipe verteenwoordig wat in die Loole-terreinkompleks voorkom. Die terreine word gekenmerk deur die oorblyfsels van sowel woon- as metaalbewerkingskomponente. Die woonoorblyfsels van die groep terreine is egter karig in vergelyking met Groep III- en IV-terreine waar uitgebreide woonoorblyfsels voorkom - soms slegs op die terrasse maar ook op die grondoppervlak rondom die koppies. Die metaalbewerkingskomponente bestaan uit yster- of koperbewerking hoewel die bewerking van beide metale op 'n enkele terrein nie uitgesluit kan word nie. In die geval van die Groep II-terreine wat ondersoek is, val die klem in hoofsaak op koperbewerking terwyl slegs een van die drie terreine, nl. Selongwe, die oorblyfsels van 'n smeltkroes opgelewer het. Die terrein het egter nes Sekgopo geen werklike aanduidings van die reduksie en/of smelt van koper opgelewer nie. Terreine met uitgebreide woonoorblyfsels (Groep III-terreine) word gekenmerk deur beide yster- en koperbewerkingsaktiwiteite en wel op 'n groot skaal.

5.2 Metaalbewerking

Soos reeds genoem is, word Groep II-terreine soos Sonkoanini en Ghoenkop uitsluitlik verbind met die primêre en sekondêre bewerking van koper, terwyl Selongwe by uitstek geassosieer word met die bewerking van yster.

5.2.1 Koperreduksie-aktiwiteite

Dit is duidelik dat twee tipes koperreduksie by Ghoenkop plaasgevind het, nl. reduksie in 'n KR1-oond (GH2M1) en 'n onbekende metode van koperreduksie wat veral op die derde terras (GH1T3) voorgekom het.

5.2.1.1 Koperreduksie in KR1-tipe oonde

Die reduksie van koper het by Sonkoanini en Ghoenkop (net soos by Pjene, Moloto en Nagome) in KR1-oonde plaasgevind. Verskeie ooreenkomste in die reduksieterreine van die twee koppies kom voor. By albei terreine was die oonde sowat 40m vanaf die voetkontoere van die koppies direk langs siëniëtdagsome geleë. Beide GH2M1 en SON2M1 het prominente slakhope gehad terwyl albei oonde ook feitlik sentraal in die slakhope (van etlike metrieke ton) geleë was. Albei die oonde was sowat een derde in die grond ingegrawe sodat steriele bodemgrond (SON2M1) en bodemrots (GH2M1) die basis van die oonde gevorm het. Die boonste twee derdes van die oonde is met klei bo die grondoppervlak opgebou om die kenmerkende ronde en byekorfvormige voorkoms te gee.

Die analyses van die slak van albei oonde dui hoë Cu-waardes van groter as 1% aan. In die geval van Sonkoanini (SON2M1) is die Cu-inhoud van die ontlede slakmonster, 2,12%.

Die kenmerke van KR1-oonde met hulle enkele blaaspypopening met 'n gotiese boogvorm en byekorfvormige voorkoms, is reeds beskryf (vgl. Tabelle 39 en 61). Die oonde het ook net soos ander KR1- en KR2-oonde kenmerkende groter deursneë blaaspype. Met die uitsondering van Nagome waar twee van die oonde aangetref is, kom slegs een van dié oonde per koppie voor.

5.2.1.2 Koperreduksie op GH1T3

By Ghoenkop kom 'n tweede metode van koperreduksie voor. In teenstelling met die reduksie-aktiwiteite wat in die KR1-oond ten weste van die koppie op die grondoppervlakte gedoen is, het koperreduksie op die terrasse en veral die derde terras (GH1T3) in 'n onbekende struktuur of oond plaasgevind. Die verskillende koperreduksie-aktiwiteite is veral waarneembaar in die verskil in die voorkomste van die slak vanaf die reduksieterreine en ook in die verskil in posisie van die slakhoop. Terwyl GH2M1 'n goedgevormde sirkelvormige slakhoop rondom die KR1-oond gehad het, word die slak op terras 3 in ashope op die terras (GH1T3.1 en GH1T3.2), die oppervlakte van die terras, en teenaan en tussen die klippe wat terrasse 2 en 3 van mekaar skei, aangetref.

Die reduksie-aktiwiteite op Ghoenkop moes dus in kleistrukture waarvan die aard en voorkoms nog onbekend is, plaasgevind het. Die enigste oorblyfsels van 'n kleistruktuur was in opgrawing GH1T3.4 gevind. Die oorblyfsels werp egter min lig op die oorspronklike voorkoms van die struktuur. In ashoop GH1T1.1 is 'n aantal plat stukke klei met slakaanpaksels en 'n dikte van 2,5cm aangetref. Die kleistukke stem ooreen met klei wat bo-op Evkomkoppie aangetref is en wat ook daar met koperreduksie verbind word, en wel 'n KR7-tipe koperreduksie-aktiwiteit.

Die slak vanaf GH1T3 het besondere uitstaande kenmerke. Dit wil voorkom asof dit die afdrukke van grasstingels bevat terwyl die individuele stukke ook baie groot is. Die slak toon ook tekens van hoë vloeibaarheid weens die talle druppels wat elke stuk kenmerk. In die slak is half-gereduseerde stukke malagiet algemeen. Dit is ook opvallend dat die slak in ashope weggegooi is. Volgens die toename van die slak in die opeenvolgende vyf lae van die ashoop, wil dit voorkom asof die reduksie van koper op GH1T3 vanaf 1730 ± 50 (Pta-4427) (laag 5) tot 1910 ± 50 (Pta-4424) (laag 1) toegeneem het (vgl. Tabel 4).

In die opgrawing waar die onbekende kleistruktuur (GH1T3.5) aangetref is, is ook 'n aantal "vreemde" potskerwe gevind wat nie tuis hoort onder die Letaba-potwerktradisie nie. Die voorkoms van die potwerk herinner aan die "vreemde" potwerk wat by Marupale aangetref is. Die potwerk weerspieël net soos in die geval van Marupale die teenwoordigheid van 'n tweede kultuurgroep by Ghoenkop. Net soos in die geval van Marupale, is dit onduidelik of die mense vroeër of saam met die Letaba-potwerkvervaardigers daar gewoon het. Die diepte waarop die potwerk aangetref is en die beperktheid daarvan, suggereer egter dat dit 'n vroeëre potwerk-

tradisie verteenwoordig.

Die skelet van 'n vrou waarvan die onderlyf ontbreek, kom ook op terras GH1T3 voor en mag moontlik met die koperreduksiepraktyke op die terras verbind wees (vgl. 5.4.6).

5.2.1.3 Kopperreduksie- en/of -smeltaktiwiteite by Selongwe

By Selongwe is die onderste derde van 'n smeltkroes in assosiasie met 'n groot hoeveelheid glaskrale, bottelstukke en 'n moontlike deel van 'n kleivloer gevind. Dit is nie duidelik hoe die smeltkroes met die res van die vondste van SEL3 verbind kan word nie, en of dit vir die reduksie en/of die smelt van koper gebruik is nie. Die meerderheid metaaloorblyfsels op Selongwe wys heen na die reduksie en smidsbewerking van yster.

5.2.2 Sekondêre koperbewerking

Op Sonkoanini sowel as Ghoenkop se terrasse is duidelike aanduidings van die sekondêre bewerking van koper gevind. Op Sonkoanini is die aanduidings beperk tot die grondterras (SON2M1) terwyl die aktiwiteite tussen die Ghoenkop-terrein en die koperreduksieoond (GH2M1) kon plaasgevind het. Dit het ook algemeen op die terrasse van Ghoenkop voorgekom. (Dit is onseker of die twee tipes koperreduksie wat op Ghoenkop plaasgevind het, albei met die sekondêre bewerking van koper verbind kan word en waar elke reduksie-aktiwiteit se geassosieerde smelt- en/of smidsaktiwiteite op die terrein sou plaasgevind het).

Die afvalpatrone op die terrasse van Sonkoanini sowel as Ghoenkop vertoon oorblyfsels van stukkies blaaspype (baie beperk), potskerwe (veral in die ashope), slak (veral in een ashoop van Ghoenkop - GH1T3.1), dierskeletmateriaal in die ashope, stukkies klei met slakaanpaksels (Ghoenkop) en ligte aambeeldklippe (Ghoenkop) asook groot aambeeldklippe *in situ* (Sonkoanini). By Sonkoanini wat direk langs die Selatirivier geleë is, kom ook 'n groot aantal spoelklippe op die grondterras (SON2M1) voor wat as hamerklippe gebruik kon gewees het.

Op beide bogenoemde terreine kom ten minste een grofgeboude klipskerm (**lekuba**) voor waarin kopersmidswerk waarskynlik verrig is.

5.2.3 Ysterbewerkingsaktiwiteite

Wat die Groep II-terreine betref, is daar slegs by Selongwe aanduidings van ysterbewerking gevind - hetsy primêre reduksie en/of sekondêre smidsaktiwiteite. Selongwe is saam met Masakoleng, Mabeapeung, Sekgopo en Masorini in die verre noorde en noordooste van die navorsingsgebied geleë. By al die terreine is daar aanduidings dat ysterbewerking 'n oorwig het. By Selongwe en Sekgopo is egter wel fragmentariese aanduidings van koperbewerking aangetref, sodat koperbewerking nie totaal in die gebied uitgesluit moet word nie.

5.2.3.1 Ysterreduksie-aktiwiteite

Aan die noordekant van Selongwe kom slakkolle voor waarvan die voorkoms en analise daarop dui dat die reduksie van yster hier kon plaasgevind het. Geen aanduidings van oonde is egter op die grondoppervlak gevind nie. Binne die suidelike periferie van die koppie-agglomeraat is daar aanduidings van slak en 'n moontlike oond opgespoor. (Die deel van die terrein is erg deur 'n stootskraper beskadig). Geen inligting oor die aard van die oond(e) van Selongwe is egter bekend nie. Op Masakoleng kom 'n ronde silindervormige ysterreduksie-oond voor wat nog in 'n goeie toestand van bewaring is.

5.2.3.2 Ystersmidsaktiwiteite

Selongwe werp veral lig op die sekondêre bewerking van yster waarvan die bewyse in 'n klipskerm (SEL2M1) tussen die koppies opgegrawe is. Dit is duidelik dat gereduseerde yster wat waarskynlik reeds deur 'n smid verwerk is om die slak te verwyder, verder in SEL2M1 tot werktuie afgerond is en/of dat ystervoorwerpe daarin herstel is. Die klipskerm bevat egter geen aanduiding van ysterskilfers soos by Muhululu, Pjene en Serotwe aangetref is nie. Die reste in die klipskerm bestaan uit plat stukkie yster wat veral langs 'n aambeeldklip aangetref is asook 'n deel van 'n kleinerige slagyster wat waarskynlik in die **lekuba** herstel is.

Die Selongwe-terrein is oortrek met verskeie groot klippe met plat werksoppervlaktes wat vermoedelik as aambeelde gebruik is. Die klipskerm het sowat sewentien aambeeldklippe wat na willekeur uit die muur van die skerm geneem en gebruik kon word waarna dit weer daarin teruggeplaas is. Die aambeeldklippe is van verskillende gesteentes. Die hamerwerk in die **lekuba** is onder andere met groot spoel-

of hamerklippe verrig.

5.3 Woonterreinoorblyfsels

In teenstelling met die industriële of Groep I-terreine het Groep II-terreine aanduidings van woonstrukture soos terrasse met hutvloeroorblyfsels. Die bewoning word nie net weerspieël deur 'n omvattende materiële rekord by Groep II-terreine soos potskerwe, krale, enkele spintolle en die dikte van afsettings nie, maar ook deur 'n beperkte getal volledige hutvloere soos daar by Sonkoanini aangetref is. By Ghoenkop en Selongwe is brokstukkies van vloere aangetref. Die terrasse met geassosieerde kleivloere bevat ook potskerwe en dikwels klei met paal- of grasstingelafdrukke. Dit is moontlik dat party van die brokstukkies kleivloere (waarvan sommige dikwels holtes het) nie noodwendig van volwaardige woonhutte gekom het nie, maar minder permanente woonstrukture was waarin sekondêre metaalbewerking (smidswerk) plaasgevind het.

5.4. Artefakversamelings - kenmerke en ander afvalpatrone

Soos reeds in die vorige hoofstuk aangedui is (VI:1), kom sekere artefakte, artefak-kombinasies en afvalpatrone op alle Groep I - IV terreine voor. Die verskille tussen die groepe word bepaal deur die aard en omvang van woonterrein- en metaalbewerkingskomponente van terreine.

5.4.1 Strukture

Die opvallendste strukture by Groep II-terreine is weer eens klipskerms waarin metale bewerk is. Die skerms is egter in teenstelling met Groep I-terreine beperk tot een klipskerm per terrein. By Ghoenkop sowel as Sonkoanini word die skerms ook verbind met die sekondêre bewerking van koper, terwyl dit by Selongwe gebruik was vir die sekondêre bewerking van yster. Die klipskerms wat vir koperbewerking gebruik is, is oor die algemeen meer robuust as die wat vir die bewerking van yster gebruik is.

5.4.2 Hamerklippe

'n Groot hoeveelheid spoelklippe wat as hamerklippe gebruik is, is op die terrasse en veral die grondterras asook die koperreduksieterrein by Sonkoanini aangetref. In teenstelling hiermee is min spoelklippe wat as hamerklippe gebruik is op die

terrasse en by die koperreduksie-oond van Ghoenkop aangetref.

'n Besondere groot en opvallende hamerklip is in die smidskerm van Selongwe aangetref. Soortgelyke hamerklippe is ook by Muhululu, Shankare en Serotwe aangetref waar dit verband hou met ystersmidswerk.

5.4.3 Aambeelde

'n Verskeidenheid aambeeldklippe is op al drie Groep II-terreine aangetref. Hulle varieer vanaf ligte los klippe tot enkele, groot en swaar aambeeldklippe *in situ*. By die klipskerm van Selongwe (SEL2M1) is plat dun stukkie yster langs 'n aambeeldklip aangetref wat onmiskenbaar daarop dui dat yster daar verwerk is.

Indien die groot aambeeldklippe *in situ* gevind van Shankare, Sebatini en Serotwe se ystersmidsterreine in aanmerking geneem word, is dit duidelik dat koperbewerkingsterreine in die algemeen (behalwe Marupale) kleiner en ligter aambeeldklippe gebruik het wat geredelik maklik van een plek na 'n ander verskuif kon word. Die ligte, verskuifbare aambeeldklippe dui daarop dat die sekondêre koperbewerking hier van 'n meer tydelike aard as dié van die sekondêre bewerking van yster was.

5.4.4 Potwerk

'n Oorsigtelike beskouing van die potwerk van Groep II-terreine dui eerstens op 'n groter hoeveelheid potwerk as wat by Groep I-terreine voorkom, maar nog nie op die omvangryke versamelings wat op Groep III-terreine soos Shankare en Serotwe en 'n Groep IV-terrein soos Sebatini voorkom nie.

Die potwerk van al drie die terreine toon kenmerke van die Letaba-potwerktradisie. 'n Uitsondering is egter 'n versameling potskerwe wat 'n vreemde potwerktradisie verteenwoordig en wat op die volgende plekke op Ghoenkop aangetref is:

- 'n Gebied aangrensend aan die muur tussen terras 2 (GH2) en terras 3 (GH3) nl. GH1T3.5 op terras 3.
- Die onderste laag van die ashoop op die derde terras (GH1T3.1).
- Enkele potskerwe wat gemeng is met Letaba-potwerk in GH1T3.4.

Die "vreemde" potwerk van Ghoenkop is net soos dié by Marupale van 'n ligter, geelbruin klei vervaardig. Die versamelings van die twee terreine is egter te

klein om vrugbaar met potwerk van elders vergelyk te word. In beide gevalle is die potwerk egter in dieper gedeeltes van die afsettings aangetref en verteenwoordig dit beperkte versamelings. Dit wil dus voorkom asof die potwerk ouer kan wees en dus gemeenskappe kan verteenwoordig wat voor die Letaba-potwerkvervaardigers op die terreine voorgekom het.

5.4.5 Ander kenmerke

Die kenmerke van Groep II-terreine se KR1-oonde en hulle blaaspype, slakhope en ander afvalpatrone is reeds bespreek. Die ligging van die koperreduksieverskynsels is net soos by ander KR1- en KR2-oonde en geassosieerde terreine, ver van die koppies en/of die woonkomponente geleë. In teenstelling hiermee kom die sekondêre koperbewerkingsverskynsels op die koppies se beperkte woonkomponente voor. Trouens, sommige van die woonkomponente of terrasse met brokstukkies kleivloere en stukkies klei (dikwels met grasstingel- of dun takafdrukke), mag die oorblyfsels wees van een of ander tipe smidshutte waarin koper sekondêr bewerk is.

Die sekondêre bewerking van yster kom by Selongwe soos in die geval van ander smidsterreine (Shankare, Serotwe, Sebatini, Masorini en Sekgopo) tussen die woonterreinkomponente van sodanige terreine voor.

Al drie die ondersoekte terreine het net soos Serotwe (Groep III) dik akkumulasies van as. In dié terreine se ashope is talle dierebeendere aangetref wat 'n verdere aanduiding is dat die mense permanent en/of langdurig daar woonagtig was (Tabelle 59, 65, 69, 71, 75, 78 & 79).

Van al drie die terreine het Selongwe die meeste maalklippe en Ghoenkop die minste gehad. Dit verskaf verdere aanduidings dat die terreine semi-permanent tot permanent bewoon was. Die klipplatforms en geassosieerde klei met dun takafdrukke asook die kleivloer met 'n sentrale holte by Ghoenkop, suggereer verder die moontlike berging en voorbereiding van plantvoedsel.

Dit is slegs die ashope (veral op die derde terras - GHT3) van Ghoenkop wat slak op 'n groot skaal opgelewer het, en wat daarop dui dat 'n tipe koperreduksie hier plaasgevind het wat verskil van dié wat in die KR1-oond wes van Ghoenkop plaasgevind het.

5.4.6 Menslike oorblyfsels

Die oorblyfsels van 'n vrou in ashoop GH1T3.2 waarvan die onderlyf gedeeltelik ontbreek, dui op moontlike ritualisering wat met die produksie van koper gepaard gegaan het. Dit is opvallend dat die deel van die skelet wat onder andere met vrugbaarheid, voortplanting en geboorte verbind word, ontbreek, en dat die produksie van metale in dele van Afrika met hierdie verskynsels verbind word (vgl. bv. Küsel 1974).

Die menslike oorblyfsels vanaf Ghoenkop tesame met dié vanaf Mapotini en enkele ander vindplekke, dui onomwonde op rites wat met metaalproduksie geassosieer kan word.

5.4.7 Diereskeletmateriaal

Soos reeds genoem, het al drie terreine betreklik uitgebreide monsters van diereskeletmateriaal opgelewer wat geïdentifiseer is (Tabelle 59, 65, 69, 71, 75 en 78).

5.5 Die metaalbewerkers van Groep II-terreine

Met die uitsondering van 'n enkele verwysing na die Mmopa en Mapadi wat by Selongwe woonagtig was, is geen historiese inligting aangaande Sonkoanini en Ghoenkop bekend nie. Die Mmopa was in die tydperk voor Kgashane se regeringstyd 'n invloedryke groep wat as vroueverskafters vir die baMalatji-monargie opgetree het. Die groep het 'n baKoni-invloedsfeer in die Phalaborwa-omgewing verteenwoordig, maar later hulle status en belangrikheid verloor waarna hulle hulself as onbelangrike groepies by gasheergemeenskappe gevestig het. So gesien is dit moontlik dat die Mmopa en Mapadi as smede op Selongwe woonagtig was waar hulle deur smids- of metaalbewerking woonreg ontvang het.

Dit word sterk betwyfel of die Mmopa en Mapadi die enigste en belangrikste groepe by Selongwe was. Dit word genoem dat 'n Nkwane-groep (wat onder andere by Sebatini gewoon het - vgl. IX: 3.4) in die omgewing van Selongwe spiespunte verteenwoordig het. Hierbenewens het ook die Pilusa hulle by Selongwe - die plek van die Mashale - in die laat agtiende eeu gaan vestig (Scully 1978: 284). St. Vincent Erskine wat die Phalaborwa-omgewing in 1872 besoek het, het die Mashale-gemeenskap van Sisani Mashale naby Selongwe besoek (vgl. Erskine in Scully 1978: 353). Benewens die Mmopa en Mapadi wat as ondergeskikte groepe by Selongwe woonagtig

was, was die koppie dus moontlik in beheer van een of meer ander groepe soos die Mashale, Pilusa of Nkwane wat almal bekend was as bedrewe metaalbewerkers (op. cit. p.284).

5.6 Die ouderdom van Groep II-terreine

Radiokoolstofdaterings is vir Ghoenkop en Selongwe bekom. Die C14-datum vir Selongwe wat uit laag 6 van die ashoop (SEL1A1) verkry is, stel die bewoning van die terrein vanaf 1780 ± 35 (Pta -4662). Die teenwoordigheid van gemeenskappe op die terrein het voortgeduur tot aan die einde van die negentiende en vroeë twintigste eeu, sodat die terrein vir nagenoeg honderd-en-vyftig tot tweehonderd jaar (waarskynlik ononderbroke) bewoon was.

Bogenoemde datums en tydsduur korreleer met C14-datums wat uit laag 1 en laag 5 van 'n ashoop (GH1T3.1) van Ghoenkop verkry is. Die vroegste datum (laag 5) is gedateer op 1730 ± 50 (Pta - 4427) en die jongste datum (laag 1) op 1910 ± 50 (Pta - 4424) wat 'n bewoningsperiode van nagenoeg tweehonderd jaar vir die terrein aandui.

HOOFSTUK VIII

YSTER- EN KOPERBEWERKINGSTERREINE MET UITGEBREIDE WOONKOMPO- NENTE

1. Algemeen

Die probleem met die opspoor en identifisering van koperbewerkingsaktiwiteite is reeds bespreek (vgl. IV: 4.4.4). Dit kan aanvaar word dat die omvang van koperbewerking - hetsy primêr of sekondêr - van groter omvang was op terreine van die Loole-terreinkompleks as wat met die streekopname vasgestel is. Die reduksie van koper in KR1-, KR2- en KR3-oonde is redelik maklik opspoorbaar. Dit is egter veral die reduksie van malagiet en ander kopererts in smeltkroese en die smelt van reeds gereduseerde koper, asook ander vorme van die sekondêre koperbewerking, wat nie maklik in die argeologiese rekord waargeneem kan word nie.

Sommige terreine van die Loole-kompleks waar koperbewerking geïdentifiseer is, bevat egter ook bewys van ysterbewerkingspraktyke - hetsy primêr en/of sekondêr. Die voorkoms van beide die bewerkingspraktyke gaan ook hand aan hand met die voorkoms van uitgebreide woonkomponente en dus die voorkoms van groter gemeenskappe by sulke terreine. Dit kan aanvaar word dat die bedryf van albei aktiwiteite groot eise ten opsigte van arbeid sou gestel het. Die behoefte word deur die groot hoeveelheid woonterrasse weerspieël. Dit is egter ook so dat terreine soos Serotwe en Mapotini onder andere met leiersfigure soos Masêkê en Ramatladi van die baPhalaborwa verbind kan word. Terreine met yster- en koperbewerking asook met uitgebreide woonkomponente word beskryf as Groep III-terreine.

Van die belangrike kapteinsterreine van die baPhalaborwa, nl. Kgopolwe en Sealeng, is slegs eersgenoemde deeglik argeologies ondersoek (Van der Merwe 1971 & Evers en Van der Merwe 1987). Aanduidings van koperbewerking by die terrein is slegs in die SPK3-terreinkomponent opgespoor, dit wil sê in die tydperk 900 - 1300n.C. 'n Verkenning van Sealeng het ook geen opsigtelike koperreduksieoonde of koperbewerkingsoorblyfsels opgelewer wat tot die tydperk ca1700 - 1900 behoort het nie. Dit word egter verwag dat koperbewerkingaktiwiteite wel by die terreine opgespoor sal word, hoewel nie noodwendig in die vorm van KR1 en KR2-oonde nie. Laasgenoemde tipe reduksie-oonde het 'n beperkte omvang en verspreidingsgebied wat geassosieer word met die Masêkê-Malatji (KR1-oonde) en latere binnekomende groepe soos die Shangana (KR2-oonde). Die driehoekige tipe koperreduksieoond

wat nog slegs by Mapotini aangetref is (KR3-oonde), mag egter meer algemeen in die sentrale en moontlik die westelike deel van die navorsingsgebied voorkom, dit wil sê in die woongebied van die Makushane-Malatji. Dit word ook voorsien dat koperbewerking in die periode van 900 - 1200nC by Sealeng voorgekom het.

Groep III-terreine word van Groep IV-terreine soos Muhululu en Sebatini in die volgende hoofstuk onderskei hoofsaaklik op grond van die feit dat die ondersoek van laasgenoemde geen duidelike aanduidings van die bewerking van koper opgelewer het nie. Die terreine van albei hoofstukke word egter gekenmerk deur die voorkoms van groot hoeveelhede terrasse op die hange van die koppies. Net soos Sealeng en Kgopolwe wat uitgebreide woonkomponente het, word die meeste van die koppies deur sterk ontwikkelde sentrale siënetkerne gekenmerk (Mapotini en Serotwe) terwyl ander saalrugvormig is, nl. Sebatini en Nagome. Sowel Shankare en Muhululu word gekenmerk deur koepelvormige geomorfologiese profiele.

2. Shankare

2.1. Ligging

Die koppie Shankare is geleë op die grondgebied van die Palabora Mynmaatskappy (PMM) en wel op die plaas Loole (31 LU) naby die Hans Merensky Ontspanningsklub. Dit is sowat 4-5km vanaf die oorspronklike Loolekop geleë en vorm saam met terreine soos Ghoenkop, Moloto en Nagome van die belangrikste bekende koppieterreine wat naby aan dié ertsbron voorgekom het. 'n Kleinere koppie waarop tans 'n watertenk gebou is en waarvan voetkontoere met die van Shankare verenig is, kom direk oos van laasgenoemde voor. Die twee koppies word vandag geskei deur 'n grondpad wat tussen die koppies geskraap is en hope rommel wat tussen die koppies afgelaai is. Twee verdere koppies wat ystertydperkkoorblyfsels bevat, nl. Shankare 2 en Shankare 3 kom onderskeidelik noord en wes van Shankare voor. Die koppie noordwes van Shankare het vandag onder die uitskothoop van die vermikulietmyn van PMM verdwyn (Figuur 52).

Shankare vorm saam met verder suidelik-geleë koppies soos Phutwane die oostelike grens van die Loole-terreinkompleks en dus van die navorsingsgebied (Figuur 23). Koppies wat verder oos voorkom, is Sekgopo, Masorini en Vudogwa wat almal in die Nasionale Krugerwildtuin geleë is. Vudogwa wat die naaste aan Shankare en die oostelik-geleë terreine van die Loole-terreinkompleks voorkom, is sowat 9-10km vanaf Shankare (Figuur 12).

2.2. Nabygeleë terreine

2.2.1 Shankare 2

Die koppieterreine noord van Shankare wat tans in die grondgebied van die SAW ingesluit is en nie meer geredelik toeganklik is nie, bestaan uit twee lae, kleinerige, langsmekaar-geleë koppies. As gevolg van die groot hoeveelheid **Euphorbia cooperi** wat die koppies oordek, word die trigonometriese baken op die hoër koppie op sommige mynkaarte beskryf as "Naboom" en as "Tweelingkoppie". Vir die doel van die navorsing word die koppie Shankare 2 genoem.

'n Prominente asafsetting wat bedek is met **Heteropogon contortus** kom suid en gedeeltelik tussen die twee koppies voor. Aan die noordekant van die oostelike koppie is daar ruwe halvesirkelvormige, gepakte klipskerms aan die voet van die koppie. In een van die klipskerms is 'n groot vasstaande klip as aambeeld gebruik. 'n Enkele, geïsoleerde halvesirkelvormige gepakte klipskerm bestaan ook aan die oostekant van die koppie. 'n Tweede geïsoleerde en vaag-waarneembare klipskerm is ook ten wëste van die westelike koppie opgemerk. Dit is duidelik uit die voorkoms van die klipskerms wat op ander terreine met die bewerking van metale verbind word, dat daar ook by Shankare 2 metaalbewerking plaasgevind het.

2.2.2 Shankare 3

Die koppie wes van Shankare, Shankare 3, het 'n plat kruin waarop 'n afsetting en 'n hoë vrystaande gepakte klipmuur voorkom. Vrystaande klipmure met 'n hoogte van sowat 1,0m is tot dusver slegs op die terrasse van Mapotini waargeneem. Die afsetting bevat onder andere slak en is een van die weiniges wat direk op die kruin van 'n koppie voorkom. Ten ooste van die koppie is twee kleiner satellietkoppies waar aanduidings van stootskraperaktiwiteit voorkom. Die koppie vorm nes Shankare 2 'n terrein waar heelwat navorsing nog verrig kan word (Figuur 52).

2.3. Topografiese en ander kenmerke

Shankare self is 'n koepelvormige koppie met 'n sagte helling aan die onderste helfte van sy noordelike voet waarop 'n reeks sorgvuldige en netjies gepakte terrasse voorkom (Foto 108). 'n Plantekening van die terrasse toon die kort opeenvolgende gelaagdheid van die terrasse wat nie baie in hoogte verskil nie en wat

'n reeks van besondere lang geskakelde terrasse vorm (Figuur 53).

Die terrasmure op die koppie is van die netjiesste wat in die omgewing waargeneem is, (Foto 109). Die mure rond nie net die agterkante van die terrasse af nie, maar help dikwels om vindingryke gangetjies of verbindingsroetes tussen terrasse te skep. Teen dié agterste terrasmure is dikwels ook klipplatforms gebou wat waarskynlik as trappe gedien het om terrasse van verskillende hoogtes te verbind. Die platforms of trappe kon ook gebruik gewees het as staanders vir houers van plantvoedsel of as afronding van die agterkante van die terrasse.

Dit is duidelik dat Shankare 'n intense en langdurige bewoning gehad het wat veral aan die noordelike voet van die koppie waarneembaar is. 'n Prominente afsetting bestaande uit onder andere slak, asgrond en kolletjies kwarts is vir meer as 30m aan die noordekant van die koppie waargeneem. Die afsetting kon ook ten dele aan die suidekant en moontlik die oostekant van die koppie, dit wil sê tussen Shankare en die oostelike, klein koppie voorgekom het, indien die skynbare hutpuin wat in die gebiede rondlê, in ag geneem word. Ongelukkig is die areas, soos vele ander rondom die koppies wat op myngronde voorkom, deur stootskraperaktiwiteit versteur en in hierdie geval ook met bourommel bestrooi.

Die afsetting aan die noordekant van Shankare is begroei met **Heteropogon contortus** en word ook gekenmerk deur die groot aantal vasstaande werksklippe wat hier voorkom en wat die volgende gebruiksmarke op hulle boonste, meestal plat, oppervlaktes toon (Foto 110):

- Glad en dikwels uitgeholde en geskuurde oppervlaktes van variërende groottes.
- Tregtervormige holtes wat dikwels langs bogenoemde voorkom, soms alleen of ook in groepe van twee of selfs drie. Die tregtervormige holtes stem ooreen met holtes wat in los vyselklippe voorkom en wat dikwels in die nabyheid van ysterreduksie-oonde gekry is. Mapotini bevat 'n enkele soortgelyke vyselklip **in situ** terwyl verskeie aan die oostekant van Sealeng voorkom.
- Klein, vlak, ronde gaatjies wat òf alleen, òf saam-gegroepeer met, òf geïsoleerd van bogenoemde verskynsels voorkom. Die ronde gaatjies is ook op los klippe op die oppervlak van die grond waargeneem. By een van Mading se ysterreduksie-oonde is 'n soortgelyke klip met verskeie van die gaatjies op sy oppervlak opgetel.

Al drie bogenoemde gebruiksmarke is aangetref op 'n plat, bykans vierkantige

vasstaande klip wat in blok A1 van die opgraving van SHA2M1 voorkom (Foto 111). Die vyselklip is gebruik vir die bewerking van ertse, smeltmiddels en waarskynlik ook metale in sekere bewerkingstadias, en dui daarop dat metaalbewerking wyd en algemeen aan die noordekant van Shankare bedryf is.

2.4 Vorige navorsing

Die vroegste argeologiese navorsing wat in Phalaborwa onderneem is, was die van Mason (1968; 1986). Die twee terreine wat ondersoek is, was Shankare en Nareng. By Nareng is twee ysterreduksie-oonde opgegrawe terwyl vier areas by Shankare ondersoek is, nl. die opgraving van 'n YR1-oond (10/64), twee ashope aan die noorde- en oostekant van die kop (11/64 en 12/64) en 'n smidsruimte ten ooste van Shankare (3/67) wat vandag egter vernietig is.

Twee daterings is vir Shankare verkry, nl. 1660 ± 80 (Y-1766) vir die smidsruimte (3/67) en 'n datum van 1860 ± 60 (Y-1769) vanuit huishoudelike afval op 'n noordelike terras van die kop. Die datums korreleer met die daterings van die ysterreduksie-oonde by Nareng (Mason 1965 en 1986: 113) (vgl. Tabel 4).

Die belangrikste verskynsel wat tydens my navorsing ondersoek is, was die smidsruimte bestaande uit 'n klipskerm ten ooste van die koppie. In dié **lekuba** is 'n YS3-tipe smidsoond aangetref. 'n Soortgelyke oond is ook op 'n terras van Shankare (SHA1T18) gevind. Soortgelyke smidsoonde is ook deur Van der Merwe by Sekgopo en Masorini aangetref (Van der Merwe 1971; Van der Merwe en Scully 1972 & Evers en Van der Merwe 1987). Die smidsruimte van Shankare (3/67) word verder gekenmerk deur aambeeldklippe **in situ** waarop en waarrondom platgeslaande stukkie yster voorkom, asook 'n stuk kleivloer en brokstukkies kleivloere met holtes (Mason 1986: 114-115).

Die diereskeletmateriaal vanaf Shankare wat deur Mason en ander (1983) bestudeer is, word later in die hoofstuk bespreek (vgl. 5.4.5).

2.5 Historiese agtergrond

Geen historiese inligting is oor Shankare ingesamel nie. Ook Scully (1978) verskaf geen inligting oor die koppie nie. In 'n vroeër publikasie meld hy slegs dat **marale** wat by Nagome en ander plekke as trougoedere gebruik is, vanaf "Tlangani koppie" afkomstig is (Van der Merwe en Scully 1972: 190).

Die naam Shankare of Tshangane dui egter op die teenwoordigheid van Shangana en/of ander groepe uit die ooste. Hoewel die gedagte deur baPhalaborwa-informante ontken word, word vermoed dat die koppie ook 'n ander (vroeër) naam gehad het net soos Masorini (Pjene) en Shikumbu (Sekgopo).

Die ligging van Shankare naby aan Loolekop gee egter daaraan 'n uiters strategiese ligging. Dit word daarom vermoed dat die koppie net soos Nagome, 'n uiters belangrike terrein van die vroeë baPhalaborwa was. Die koppie kon net soos Nagome en Moloto in die onmiddellike omgewing onder die beheer van die Masêkê-Malatji geressorteer het (vgl. Genealogie B) en is ook naby Lihuatjana geleë. Scully (1978: 317) beweer dat Paane van die Masêkê-Malatji in beheer was van die gebiede, Serotwe, Mabodika en Lethane (of Lihuatjana?). Die invloedssfeer van die Masêkê-Malatji kon dus Shankare ingesluit het totdat dit later net soos Sekgopo en ander terreine deur Majaji in 'n oostelike verband opgeneem is (vgl. Figuur 10 en Tabel 131).

2.6 Die ondersoek en opgraving

Die beperkte opgrawings wat op Shankare uitgevoer is, het getuig van die navorsingspotensiaal wat in die terrein rondom die koppie opgesluit is. Die terrein is net soos Sealeng en Kgopolwe in 'n klas van hulle eie. Gevolglik behoort ook die terrein tot 'n nasionale gedenkwaardigheid verklaar te word: terreine van die aard is beperk en bevat aansienlike hoeveelhede ontginbare data vir die toekoms.

Die ondersoek en opgraving het bestaan uit:

- Die opmeet en kartering van al die terrasse van Shankare (SHA1T1-T18).
- Die opgraving van 'n terras waarop koper en yster bewerk is (SHA1T18).
- Die opgraving van 'n terras wat as wooneenheid gedien het (SHA1T8).
- Die opgraving van 'n koperbewerkingsterrein aan die noordwestekant van die koppie (SHA2M1).

2.6.1 Opmeting en kartering van terrasse (SHA1T1-T18).

'n Totaal van 18 terrasse is op Shankare opgemeet en gekarteer (Figuur 52). Die uitgebreide opmeetwerk is onderneem om aan te toon hoe die vestigingswyse van gemeenskappe op die terrasse van sommige van die koppieterreine daar uitgesien

het. Shankare, Sebatini, Kgopolwe, Mapotini, Serotwe en enkele ander terreine bevat aanduidings van omvangryke terrasbewoning. Dit sluit egter nie die voorkoms van metaalbewerking op sommige terrasse uit nie, en ook nie die aanwesigheid van verdere woonkomponente aan die voet van die koppies nie.

Verskeie van die agtien terrasse van Shankare bevat kleistukke wat hutpuin kan wees. Dit is egter duidelik dat die sekondêre bewerking van metale op sommige terrasse onderneem is soos gesien kan word in vasstaande klippe met gebruiksmarke en artefakte soos ligte aambeeldklippe, hamerklippe ens. Die metaalbewerking kan nie totaal van woonoorblyfsels geskei word nie. So is langs die vloer van 'n woon- of stoorhut op terras SHA1T8 slakskilfers aangetref wat daarop dui dat dit of hier geberg is, of dat een of ander vorm van sekondêre bewerking van yster hier plaasgevind het (vgl. terras SHA1T8).

Die terrasse op Shankare is geografies geskakel met die argeologiese oorblyfsels aan die voet van die koppie. 'n Area aan die voet van Shankare wat opgemeet is, naamlik SHA3, bevat kolle hutpuin wat weer geografies skakelbaar is met die koperreduksieterrein, SHA2M1, noordwes van Shankare (Figuur 53). Tussen die hutpuin, klipplatforms en lae, gepakte klipmuurtjies kom vasstaande aambeeldklippe en ander klipwerktuie voor wat heenwys na metaalbewerkingspraktyke. Die verskynsels is veral waarneembaar aan die noordekant van Shankare. Dit is gevolglik onduidelik wat die presiese uitleg, rangskikking en verhouding van woon- en metaalbewerkingsoorblyfsels aan die voet van Shankare en ander soortgelyke terreine is. Slegs 'n uitgebreide opgrawing sal lig op die oënskynlike gemengde voorkoms van die oorblyfsels werp.

2.6.1.1 Terras SHA1T18

Terras SHA1T18 is die laagste terras aan die noordelike voet van Shankare en een van die kleinere terrasse. Dit beslaan 'n oppervlakte van sowat 8m^2 waarop 'n aambeeldklip met 'n geassosieerde oond aangetref is. Op die terras is aanduidings van koperbewerking in die vorm van koperslak gevind. Die oond en geassosieerde aambeeldklip dui egter daarop dat die terras primêr gebruik was vir die smee van gereduseerde yster. Die aanduidings van koperbewerking in samehang met die dierlike skeletmateriaal, potskerwe en 'n dik asafsetting wat op die terras aangetref is, dui daarop dat die terras moontlik eers 'n ander funksie gehad het voordat dit vir metaalbewerking gebruik is.

Die terras is teenaan en reg bokant die oorblyfsels van hutte geleë wat direk teen die voet van Shankare voorkom (SHA3). 'n Ashoop wat tussen die hutpuin voorkom, is van terras SHA1T18 afgedra (Figuur 52). Die woonoorblyfsels is weer op hulle beurt deur die hutvloer in blok D1 met die koperbewerkingsterrein SHA2M1 geskaakel. Die woon- en metaalbewerkingsoorblyfsels aan die voet en op die terrasse van Shankare, is egter sowat vyfhonderd jaar jonger as die koperbewerkingsterrein SHA2M1 wat op 1060 ± 50 (Pta-4443) gedateer is (vgl. Tabel 4).

Die afsetting wat op SHA1T18 teen massiewe siënetrotse opgevol het, is sowat 40cm dik. Die afsetting bestaan uit 'n steriele laag bruin grond, gevolg deur 'n gemengde laag van as en grond met blaaspypfragmente (Tabelle 79-81). Die posisie van die aambeeldklip in die afsetting toon dat dit net soos die oond eers later op die terras opgerig is - moontlik selfs later as die oond self, hoewel laasgenoemde ook in die afsetting ingegrawe en ingebou kon gewees het.

Die terrasoppervlakte bestaan uit twee werkareas, naamlik die oond- en aambeeld-area (SHA1T18.1) en 'n tweede area (SHA1T18.2) met verskeie vasstaande klippe wat as artefakte gebruik is, naamlik 'n moontlike aambeeldklip, 'n lang slypsteen tussen 'n klip met 'n geholde oppervlakte en 'n verdere klip met 'n kleiner holte op die oppervlak. Tussen die twee aktiwiteitsareas is 'n gepakte klipvloer van $2,0 \times 1,6$ m geleë (Foto 113; Figuur 55).

Die tweede werksarea (SHA1T18.2) word geassosieer met 'n konsentrasie slak (minder as 1.34kg) wat in stukke gebreek is tussen die geholde klippe, 'n aantal kleiner spoelklippe/hamerklippe (Tabel 80) en 0,2kg oker (Tabel 82). Een van die hamerklippe is in geheel rooi verkleur van die verpoeierde oker. 'n Chemiese analise van die slak toon dat dit 'n koperinhoud van 0,68% Cu bevat en dat dit in Cu- en Fe_2O_3 -inhoud baie ooreenstem met slak vanaf Evkomkoppie (Tabel 83). Die slak is ongetwyfeld nie die resultaat van smidsaktiwiteite nie - enersyds vanweë die resultate van laasgenoemde analise, en andersyds na gelang van die voorkoms van die slak. 'n Verklaring vir die oorsprong van die koperslak word verskaf (vgl. 5.2.1.2).

Die aambeeldklippe van SHA1T18 is met behulp van ander klippe gestut (Foto 113). Sommige van die klippe is as hamerklippe gebruik. Dit is ook duidelik dat die aambeeldklip nie 'n vasstaande klip op die terras was nie, aangesien dit feitlik bo-op die terrasoppervlakte gelê het. Die groot hamerklip wat op die terras opgetel is, is vermoedelik die hamer wat deur die smid gebruik is (Foto 114). 'n Tweede,

soortgelyke maar veel kleiner hamerklip, is op een van Shankare se ander terrasse opgetel.

Dit wil voorkom asof die boonste gedeelte van die oond van SHA1T18 afgebreek is sodat 'n indruk van die geheel-voorkoms belemmer word (Foto's 115 & 116). Die kenmerke van die oond word beskryf in Tabel 84. Dit mag moontlik 'n YS3-oond wees.

2.6.1.2 Terras SHA1T8

Op die terras is net soos op verskeie van die ander terrasse van Shankare klei met paalmerke op die oppervlakte waargeneem. Die terras het ook drie maalklippe opgelewer wat dus die veronderstelling aanbied dat dit 'n woonterras was. Die opgraving van SHA1T8 het dan ook verdere getuienis gelever dat dit wel as woon-area gebruik is, maar dat gereduseerde yster ook op dié terras langs 'n hut gesmee is.

Die opgraving het die volgende inligting opgelewer (Figuur 56):

- Twee kleivloere waarvan die eerste gerond is en 1,0m in deursnee is. Die vloer was bedek met 'n dik laag klei met paalmerke, en heelwat potskerwe is op die vloer aangetref. Min twyfel bestaan dat die vloer die oorblyfsels is van 'n hutvloer of vloer van 'n stoorhut. Die vloer is nie van dieselfde kwaliteit as die vloer wat in blok D1 van SHA2M1 aangetref is nie.
- Direk langs die hutvloer is 'n konsentrasie slakskilfers aangetref. Die slakskilfers stem in voorkoms ooreen met dié wat op die smidsterreine van Muhululu aangetref is. Dié tipe skilfers is 'n afvalproduk by die smee van gereduseerde yster wat tot werktuie omskep word. Die tipe bedryf kan in enige geïsoleerde ruimte en selfs op 'n oop vuur beoefen word (vgl. Muhululu in Hoofstuk IX). Ysterwerktuie is dus moontlik ook op die terras teenaan die kleimuur van die hut afgewerk.
- Die tweede kleivloer is langwerpig in planvorm en het 'n veel kleiner deursnee as bogenoemde. Direk langs die kleivloer is 'n ashoop sonder enige oorblyfsels daarin aangetref. Dit wil voorkom asof die vloer 'n **sebeso** (vuurherd) kon gewees het.

2.6.2 Die koperbewerkingsterrein (SHA2M1)

'n Gedeelte van die noordwestelike voet van Shankare in die omgewing van 'n aantal vasstaande siënetklippe is ondersoek (SHA2M1). In die gebied is 'n koperbewerkingsterrein in noue geografiese assosiasie met hutvloere (SHA3) aan die voet van die koppie aangetref (Figuur 53). Dit wil voorkom asof die gebied in twee aktiwiteitsareas verdeel kan word, naamlik 'n area waar kopererts gereduseer en/of gesmelt is (SHA2M1.1 en SHA2M1.2) en 'n area waar erts en smelt- of reduksiemiddels voorberei is (SHA2M1.3).

Die ondersoekte gebied aan die voet van Shankare verteenwoordig 'n vroeëre fase van die Ystertydperk (1060 ± 50 ; Pta-4443) (vgl. Tabel 4) en word vermoedelik gedeeltelik oorlê deur 'n latere fase (ca1600 - 1900nC). Dié vroeër ystertydperkteenwoordigheid is ook aan die voet van Nagome (MN3) en Kgopolwe (SPK3) aangetref (Van der Merwe 1971; Van der Merwe en Scully 1972 en Evers en Van der Merwe 1987).

2.6.2.1 Voorbereiding van ertse en ander minerale vir koperbewerking (SHA2M1.3)

In blok A1 van die opgraving kom 'n aantal groot, vasstaande klippe voor waarvan ten minste een duidelike verwerings- of gebruiksmärke vertoon (Figuur 57). 'n Plat, skuinsstaande, langwerpige klip tussen dié klippe vorm die fokuspunt van SHA2M1.3 (Foto 111). Die klip het verskeie holtes wat sowat 4,0cm in deursnee is met variërende dieptes. (Die holtes is nie diep genoeg om werklik as tregtervormig beskryf te word nie). Die rand van die werksklip het ook 'n aantal vlak klein gaatjies, wat sowat 1,0cm in deursnee is. Hoewel die oppervlakte van die klip onegalig is, is dit glad geskuur of afgewerk. Die verskynsels, naamlik tregtervormige holtes, klein ronde gaatjies en uitgeholde en/of gladgeskuurde oppervlaktes kom ook voor op verskeie groot, vasstaande klippe aan die noordekant van Shankare (Foto 110).

Bogenoemde gebruiksmärke wat dikwels in kombinasie met mekaar voorkom, kan die volgende funksies hê:

- Die tregtervormige holtes is soortgelyk aan dié wat in groot, los of vasstaande klippe by veral ysterreduksieterreine voorkom en wat algemeen as vyselklippe bekend is. Dit is bekend dat veral ystererts hierin stukkend gekap is. Vyselklippe met stukkies magnetiet daarrondom is algemeen op terreine opgemerk en ook beskryf. Vir die doel van beskrywing en identifisering word groot,

vasstaande klippe met bovermelde gebruiksmarke wat in die navorsing aangetref is, ook vyselklippe **in situ** genoem.

- Die holtes van vyselklippe **in situ** kan egter ook gebruik gewees het om reduksie- en smeltmiddels (kwartsiet, kalksteen, magnetiet, oker) stukkend te kap, aangesien dit sal verhinder dat stukkies na willekeur sal wegspat.
- Die holtes kan ook gebruik gewees het om verpoeierde erts (soos malagiet) asook bogenoemde minerale op te vang as dit op die gladde en dikwels uitgeholde oppervlakte langs die holtes vergruis en selfs verpoeier is.
- Smeltkroese kan ook in die holtes geplaas gewees het wanneer dit gelaai is met erts, reduksie- en smeltmiddels, houtskool, ens.

Dit is egter nie ewe duidelik wat die funksie van die klein holtetjies kon wees nie. Dit mag moontlik met 'n skeiding of sorteringsfunksie in verband gebring word, byvoorbeeld wanneer koperdruppels uit gebreekte slak verwyder word en hierin geplaas word voordat dit weer gesmelt word. Dit is ook moontlik dat die holtes gietgaatjies was vir klein hoeveelhede koper wat tot klein ornamente, byvoorbeeld ooringe, draad of krale verwerk is.

Die afsetting wat in blokke A1 en B1 aangetref is, bestaan uit 'n homogene, swart laag poeieragtige grond wat tot 'n diepte van 10cm opgegrawe is. Stukke klei is tussen die groot, vasstaande klippe aangetref, asook tussen die werksklip en twee klippe langsaan. Dit lyk asof die meerderheid van die klei hutpuin is aangesien sowat 50% daarvan paalmerke bevat wat of kleiner of groter as 2cm in deursnee is (Tabel 86).

Hoewel slak oor albei bogenoemde blokke aangetref is, is die grootste konsentrasie rondom 'n klip met 'n plat werksoppervlakte en 'n vyselholte wat langs die werksklip geleë is, aangetref. Dit is moontlik dat koper en slak hier geskei is en/of dat koperdruppels uit slak verwyder is wat op die werksklip se plat werksvlak gebreek is. Sowat 12% van die slak wat in blokke A1 en B1 aangetref is, was fyn gebreek (Tabel 85).

Verdere betekenisvolle kulturele materiaal wat in blokke A1 en B1 van SHA2M1.3 gevind is, is hamerklippe (Tabelle 85 & 86) waarvan dié wat heel was (9) 'n gemiddelde gewig van 0,7kg gehad het (Foto 117). Dié hoër gemiddelde gewig in samehang met die feit dat meer as 30% van die hamerklippe swaarder as 'n kilogram geweeg het, dui op die voorkoms van robuuste hamerwerk op die vasstaande klippe en die vyselklip **in situ**.

Meer as 3,75kg magnetiet het verspreid oor blokke A1 en B1 voorgekom (Tabel 85). Al die magnetiet was gerond en verweer en is dus vermoedelik op die oppervlak rondom Loolekop, sowat 4km verder suid, versamel. Meer as die helfte van die magnetiet toon reeds kapmerke soos dit in kleiner stukke gekap is voor dit verder verklein sou word. Die hoë voorkoms van magnetiet (3,7kg) teenoor malagiet (100g) wat eintlik op die terrein verwerk is, is opvallend.

2.6.2.2 Reduksie van malagiet en smelt van koper (SHA2M1.1 en SHA2M1.2)

Malagieterts was gereduseer en koper waarskynlik gesmelt in blokke A3 en B3 van SHA2M1. Die reduksie- en smeltprosesse het plaasgevind in smeltkroese. Dit word hoofsaaklik verbind met stukke klei maar ook met klippe en potskerwe met slakaanpaksels, ongereduseerde malagiet (175g), slak met half gereduseerde malagiet wat òf gebreek (4,6g) òf heel 10,0kg) is (Tabel 85). 'n Chemiese analise van die slak toon 'n hoë voorkoms van koper (1,07%) in die slak (Tabel 87).

In samehang 'met bogenoemde oorblyfsels is 'n kleivloertjie (SHA2M1.1) van 50cm x 30cm in blok A3 aangetref. 'n Hoër-liggende klei-struktuur soos 'n bankie of platform (SHA2M1.2) met die afmetings 120cm x 50cm is in blok B3 gevind (Foto 118). Die profieltekening van SHA2M1 toon die ligging van die twee strukture ten opsigte van mekaar (Figuur 58). Die kleivloer van blok A3 het 'n ruwe oppervlakte waarop 'n volledige en 'n tweede bykans volledige smeltkroes aangetref is. 'n Derde halwe smeltkroes is op SHA2M1.1 aangetref (Foto's 119 - 121). (Die kenmerke van die smeltkroese word beskryf in Tabelle 88 - 90).

In assosiasie met SHA2M1.1 is 'n dik asafsetting aangetref asook die meeste van die slak en klei wat in blokke A3 en B3 aangetref is. Die klei is onder andere hutpuin soos bewys word deur die afdrucke van ronde en selfs kantige pale daarin. Dit mag ook afdrucke van blaaspype wees. 'n Aantal stukke klei met halfsirkelvormige afdrucke (soos blaaspype) waarvan die teenoorstaande kante aangeslak is, kan moontlike oorblyfsels wees van een of ander tipe rudimentêre klei-oonde. Ook twee siënietklippe en drie potskerwe toon dieselfde slakaanpaksels (Foto 121). Die vyf stukkies blaaspypfragmente wat aangetref is, werp min lig op die aard van hierdie pype en skep ook die indruk dat dit nie van dieselfde gehalte en aard is as wat normaalweg op reduksieterreine aangetref word nie.

Die oorblyfsels van diereskeletmateriaal wat in SHA2M1 aangetref is, word aangedui

in Tabel 91. Die teenwoordigheid van kalk in blokke A1 en A3 mag dui op die gebruik daarvan in die smelt van koper aangesien dit sal help om laasgenoemde meer vloeibaar te maak (Verwoerd 1956: 102). In 'n grondpad wat suid van Shankare gekraap is, is oopgekraapte kalk waargeneem. Ook by Ghoenkop is kalk in die opgrawings aangetref. Dit was ook hier wes van die koppie sigbaar waar dit deur stootskraperaktiwiteit blootgelê is.

3. Serotwe

Die koppie Serotwe is een van die belangrikste baPhalaborwa-terreine in die Phalaborwa-omgewing aangesien dit saam met koppies soos Makwibidung, Sealeng, Nagome, Kgopolwe en Sekgopo woonterreine was van prominente leiersfigure van die baMalatji. Ongelukkig is grootskaalse vernietigingswerk aan die voet van die koppie aangerig waar feitlik alle argeologiese oorblyfsels, onder andere 'n uitgebreide ysterreduksieterrein wat een van die grootstes was wat in die omgewing voorgekom het, uitgewis is. Die vernietiging van Serotwe se metaalbewerkingsterreine het ongetwyfeld 'n leemte geskep. Dit sou heelwat lig kon werp op koper- en ysterbewerking aangesien albei bedrywe op 'n groot skaal aan die voet van die koppie beoefen is.

Dit is 'n tragedie dat die belangrikheid van Serotwe ongemerk verby gegaan het en dat die argeologiese oorblyfsels van die koppie (sowel as van Mabadika aangrensend aan Serotwe) stelselmatig vernietig is sonder dat maatreëls getref is om die koppies en hulle geassosieerde oorblyfsels te bewaar. Weens die historiese belangrikheid en die besondere argeologiese reste wat met Serotwe verbind was, moes die koppie net soos Kgopolwe en Sealeng reeds tot 'n nasionale gedenkwaardigheid verklaar gewees het.

3.1 Ligging

Serotwe is geleë op die plaas Wegsteek (30 LU) wat deel is van die maatskappy Fedmis se grondgebied. Die koppie is wes van die spoorlyn en draad wat die grensvorm tussen die plase Loole (31 LU) en Wegsteek (30 LU) en dus tussen Foskor en Fedmis se grondgebiede. Aan die oostekant van die spoorlyn en die grensdraad kom 'n slikdam van Foskor voor en aan die suidekant van Serotwe die Selatirivier wat sowat 700m vanaf die koppie verbyvloei. Ten weste van Serotwe en die Phalaborwa-Mica nasionale pad lê die heuwel Namakgale, binne die woongebied vir swartes buite Phalaborwa. Fedmis se industriële aanleg en fabriek lê sowat 800m

noord van Serotwe (Figuur 10).

3.2 Nabygeleë terreine

Die koppie wat die naaste aan Serotwe voorkom, is Mabodika wat sowat 250m noordoos van Serotwe geleë is. Die benaming is afkomstig van die inisiasieseremonies wat by die koppie gehou was. Die enigste ander noemenswaardige koppies wat op Fedmis se grondgebied noord van die Selatirivier voorkom, is 'n kort koppiereeks bekend as Rakorwana wat suid geleë is van 'n verdampingsdam naby die Selatirivier (Figuur 10).

Verskeie koppies was oos van Serotwe op die plaas Loole (31 LU) geleë. Die koppies is vandag onder 'n slikdam wat etlike honderde hektaar beslaan, begrawe. Dit is onbekend hoeveel van die koppies argeologiese terreine bevat het, en wat die aard en kenmerke van enige moontlike terreine daarop was. 'n Koppie wat noord van Serotwe en Mabodika lê, se bopunt is vandag nog in die slikdam sigbaar (Figuur 59).

Suid van die Selatirivier en suidoos van Serotwe op die plaas Paul (7 KU) kom die koppies Marupale, Sewadini en enkele kleiner koppies voor (Foto 122). Die koppie Marupale is argeologies ondersoek. Die koppie Pjene wat ook argeologies ondersoek is, kom verder oos teen die grensdraad tussen Paul (7 KU) en Rhoda (9 KU) voor. Die koppies was deur die Mahlongane-Shangana benut as industriële terreine. Hulle was aan die Masêkê-Malatji wat Serotwe bewoon het, onderdanig (R. Malatji, en J. Malatji, pers. mededeling) (vgl. Hoofstuk VI).

Die heuwel Namakgale wat wes van Serotwe op die plaas Schalk (3 KU) geleë is, is nie besoek nie. Die noordelike voet van die berg is egter tot onlangs deur die baPhalaborwa bewoon. Die heuwel is deur Thorne (1974: 116, 118) verken. Hy het melding gemaak van vier hooggeleë terrasse en slak met stukkies magnetiet aan die voet van die westekant van die heuwel. Verder suid op die plaas Paul (7 KU) is die koppiereeks Maremosa geleë (Figuur 10). Aan die noordelike voet van die koppiereeks is grondterrasse met asafsettings en ander argeologiese oorblyfsels opgemerk.

3.2.1 Mabodika

Mabodika is 'n siënietuitstulping met 'n lae reëlmatig-geronde profiel. Die koppie

bestaan uit groot ronde siënetrotse wat geen bewoningsmoontlikhede bied nie, aangesien geen bewoningsvlakke voorkom nie (Foto 123). Die voorkoms van **Heteropogon contortus** rondom die koppie, net soos by Serotwe waar die bo-grond nie verwyder is nie, asook sekere argeologiese reste, dui egter daarop dat menslike aktiwiteite rondom die koppie - en veral aan die suidekant daarvan - kon voorgekom het. Die grootste gedeelte van die oppervlak' rondom Mabodika is egter deur stootskrapperaktiwiteit versteur. 'n Informant, J. Malatji het as kind by die koppie gewoon.

Die koppie Mabodika is gedurende Oktober 1984 gefynkam vir argeologiese oorblyfsels. Geen ondersoekbare afsetting kon in assosiasie met die koppie gevind word nie. Dit vondste wat wel tussen die grondverskuiwingsaktiwiteite gevind is, word in Tabel 92 aangedui.

Die enkele diagnoseerbare potskerwe wat opgetel is, verskil nie van die potwerk van Serotwe of ander terreine van die omgewing nie. 'n Enkele potskerf met 'n dik slakaanpaksel, verspreide kolletjies slak en die 1,97kg verweerde stukkie magnetiet wat rondom die koppie opgetel is, dui op moontlike metaalbewerkingsaktiwiteite. Die twee maalklippe wat aan die suidelike voet van die koppie gevind is, dui verder op die bewoning van die gebied, soos historiese inligting dan ook te kenne gee. Dit word ook verder bevestig deur die klei met paalmerke wat in die grondverskuiwingshope aangetref is. Twee klipstapels ten suide van die kop kan òf grafte òf bakens wees wat in resente tye opgerig is.

3.3 Topografiese en ander kenmerke

Serotwe is een van die hoër en meer prominente koppies van die Phalaborwa-omgewing en lê sowat 700m vanaf die Selatirivier. Die koppie lê op gelykgrond van 315m bo seespieël en het 'n hoogste punt van 440m bo seespieël (Foto 124). Die onderste twee derdes van Serotwe se vertikale siënetkern is met 'n puinhelling bedek waarop die terrasse aangelê is. Die puinhelling het 'n minder steil helling aan die noorde - as aan die suidekant, vandaar die voorkoms van terrasse aan die noordooste en die noordweste van die koppie. Die terrasse begin egter op 'n hoër hoogte met die voorkoms van enkele vae en laaggeleë terrasse aan die noordwestelike voet van die koppie. Die terrasse is egter hoër geleë aan die noordooste as aan die noordwestekant van die koppie. Twee terrasse, een met 'n maalklip, is wel op die boonste vlak van die puinhelling teen die kransvoet aan die suidekant van Serotwe waargeneem.

Die steil puinhelling van Serotwe verhinder doeltreffende terrasvorming. Die terrasse het oor die algemeen klein oppervlaktes terwyl min terrasse saam op dieselfde hoogte voorkom. Die hoogtes tussen opeenvolgende terrasse varieer drasties en kan selfs soveel as 4m wees. Hoë keermure moes vir terrasse gebou word ten einde gelyke oppervlaktes of platforms te verkry (Foto 125). Die hoë en dikwels swak gekonstrueerde klipmure het in baie gevalle ineengestort. Dit bemoeilik nie net die opruiming van terrasse voordat opgrawings gedoen kan word nie, maar lei ook tot die geleidelike disintegrasie van terrasoppervlaktes (wat wegspoel in reënseisoene) en dus ook van die argeologiese oorblyfsels op die terrasse. Agt terrasse is aan die noorde- en noordweste van Serotwe opgegrawe en gekarteer (Figuur 60).

Dit is nie presies bekend wat die aard en omvang van argeologiese oorblyfsels rondom Serotwe was nie, weens die grootskaalse verwydering van die bo-grond rondom die kop. Dit wil egter voorkom asof bewoning noord en oos van die koppie voorgekom het, terwyl ysterreduksie-oonde aan die suidekant en een of meer koperreduksie-oonde aan die westekant opgemerk is. 'n Smidsoond is ook op een van die terrasse aan die noordwestekant van die koppie opgespoor.

Donkerrooi grond kom op Wegsteek (30 LU) en rondom Serotwe en Mabodika voor. Die grond word progressief dieper na die suide van Wegsteek (30 LU) waar dit 'n afsetting van 'n paar meter dik vorm binne die 100m vloedlyn van die Selatirivier. Die grond is ryk aan silika (SiO_2) en word gebruik vir die vervaardiging van sement. Die hoë konsentrasie silika behoort ook in die plante en bome van die omgewing voor te kom, en kon saam met die silikate van kwarts wat as smeltmiddel in reduksie-oonde gebruik is (Van der Merwe en Killick 1979 & Van der Merwe 1980), as natuurlike smeltmiddels gebruik gewees het in die houtskoolvure van reduksie-oonde.

In die gebied tussen Serotwe en die Selatirivier waar die donkerrooi grond die diepste is, het die baPhalaborwa hulle landerye in die vroeë twintigste eeu aangelê (R. Malatji, pers. mededeling).

Rondom Serotwe en Mabodika is die donkerrooi grond vlakker en word dit onderlê deur 'n los kwartsietlaag waarin steentydperkwerktuie in oorvloed voorkom. Dit wil voorkom asof steentydperkindustrieë betreklik algemeen in die Phalaborwa-omgewing voorgekom het. Klipwerktuie is op verskeie plekke waar kwartsiet-

en dolorietdagsome en oopgemaakte gange voorkom, opgemerk.

3.4 Vroeëre navorsing

In vroeëre navorsing word gereeld verwys na die koppie Matsepe (Stuiver en Van der Merwe 1968: 56; Van der Merwe 1969: 104-107; 1971: 5, 8; s.d.: 3, 6 & Van der Merwe en Scully 1971: 193). Die ligging van die koppie word nêrens op 'n kaart aangedui of in bogenoemde literatuur beskryf nie. Die naam was onbekend aan informante en ander inwoners van die omgewing. Dit wil dus voorkom asof die naam verwys na Serotwe wat ook bekend is as Masêkêkop. Beide Schwelnus (1937) en Moore (1974) beskryf Serotwe dan ook as Masêkêkop, terwyl dit uit historiese inligting bekend is dat die kop die woongebied was van die Masêkê-groep van die baPhalaborwa (vgl. 3.5). Die naam Seroltwe wat wel deur Van der Merwe en Scully (1971: 190) en Scully (1978) gebruik word, is 'n opsigtelike foutiewe weergawe van Serotwe. 'n Informant, R. Malatji, het die terrein saam met die skrywer besoek en die koppie se naam as Serotwe bevestig aangesien hy by die koppie woonagtig was as kind.

Die vroegste verwysing na Serotwe (of Masêkêkop) is gedoen deur Schwelnus (1937: 907-908) wat 'n oond aan die suidekant van die koppie geïllustreer en gefotografeer het. Hy beskryf dit as 'n ysterreduksie-oond en meld dat talle daarvan aan die suidekant van die koppie voorkom en dat die oonde gewoonlik in 'n driehoek gerangskik is. In uitsonderlike gevalle is die oonde in groepe van vier gerangskik. Dié rangskikkingspatroon wat Schwelnus beskryf, verskaf dus 'n aanduiding van die groot hoeveelheid oonde wat aan die suidekant van die koppie voorgekom het.

Twee persone wat ook die terrein voor vernietiging gesien het, het onafhanklik van mekaar aan die skrywer gemeld dat hulle sowat tien tot agtien oonde op die terrein waargeneem het. Indien in ag geneem word dat alle oonde normaalweg nie waarneembaar is nie omdat dit deur slak bedek kan wees, mag dit moontlik wees dat nie minder nie as tien ysterreduksie-oonde slegs aan die suidelike voet van Serotwe voorgekom het. Dit sou Serotwe een van die grootste metaalbewerkingsterreine in die Loole-terreinkompleks maak het. Die laaste drie oonde wat aan die suidelike voet van die koppie behoue gebly het, is in 1984 deur 'n opgrawingspan herwin en in die Phalaborwa Museum geberg (vgl. SER2).

'n Kopperreduksie-oond wat ten weste van Serotwe voorgekom het, is deur Moore (1974: 231, foto 6) gefotografeer (Foto 126). Die oond is later deur Van der Merwe

opgegrawe en aan die Bloemfontein Museum geskenk (Van der Merwe 1971: 5 & Moore 1974: 231). Dit is dus duidelik dat Serotwe twee afsonderlike metaalbewerkingsterreine gehad het en wel ten weste en suide van die kop waar onderskeidelik koper en yster gereduseer is. 'n Datering vir een van die ysterreduksie-oonde (1870 \pm 60: Y - 1660) en bogenoemde koperreduksie-oond wat uit die vorige eeu dateer (Stuiver en Van der Merwe 1968: 58; Van der Merwe 1969: 107; Van der Merwe 1971: 5 & Van der Merwe en Scully 1971: 183), dui op die tydgenootlike voorkoms van die twee metaalbewerkingsterreine in die negentiende eeu wat korreleer met historiese inligting oor die bewoning van die koppie.

3.5 Historiese agtergrond

Die koppies Serotwe en Mabodika is vandag nog bekende historiese bakens vir die baPhalaborwa omdat dit woonplekke was van die Masêkê-groep in die negentiende eeu. Verskeie van die stamlede was dan ook nog as kinders by die koppies woonagtig. Gedurende die twintigste eeu is hulle na die Masêkê-woonbuurt verskuif (Figuur 8). Die onlangse teenwoordigheid van stamlede aan die voet van die koppie is ook argeologies met opgrawings aan die ooste- en noordekant van die koppie vasgestel (vgl. SER4 en SER5).

Mabodika, die kleiner aangrensende koppie noordwes van Serotwe, het ook as stamskool of inisiasiesentrum vir die Masêkê gedien (R. Malatji, pers. mededeling). 'n Tweede informant, J. Malatji, het egter as kind by Mabodika gewoon, sodat dit nie net 'n inisiasiesentrum was nie. Argeologiese oorblyfsels het die stelling bevestig (vgl. 3.2.1).

Die vroegste leiersfiguur van die Masêkê van die baPhalaborwa wat met Mabodika (en dus ook Serotwe) verbind word, is Paane. Hy was aanvanklik in 'n opvolgingstryd met Makekele gewikkel en was in beheer van die gebiede Mabodika, Nagome en Lethane. 'n Noue en lang historiese verbintenis bestaan dus tussen die Masêkê-Malatji en Nagome, asook met die vroegste historiese-bekende gemeenskap in Phalaborwa, naamlik die Shokane. Die bondgenootskap het onder andere saamgehang met die ontwikkeling van 'n eie baPhalaborwa-dialek vir die Masêkê-Malatji wat moontlik teruggevoer kan word na 'n vroeë Venda-oorsprong vir die bewoners van Nagome. Die groep het dan ook tot en met die vroeë negentiende eeu saam met hulle Mapulaneng-bondgenote in die suide belangrike insprake gelewer in opvolgingsdispute en die kandidatuur van voornemende baMalatji-kapteins bevorder.

Min is bekend oor die oorsprong en geskiedenis van die Masêkê-Malatji omdat Scully (1978) geen samewerking van die groep ontvang het met sy navorsing oor die baPhalaborwa nie. Die onwilligheid tot samewerking hang ten nouste saam met die strewe om die onafhanklike posisie van die groep in die stam te handhaaf en pogings deur Makushane in die sewentigerjare om die groep se kaptein onder hom in te skakel (Scully 1978: 196). Nieteenstaande 'n huidige junior posisie teenoor die Makushane en Silwana-Malatji, het die Masêkê-groep 'n lang verbintenis met Phalaborwa, en meer in besonder met Nagome en die Shokane van Nagome en/of Loolekop. Dié verdeling van die baPhalaborwa-stam wat dan veral vanaf die tweede helfte van die negentiende eeu opvallende afmetings sou begin aanneem met die ontwikkeling van verskillende stamgroeperings (Malatji, Masêkê, Madume en Silwana), kan in die geval van die Masêkê-Malatji teruggevoer word na 'n vroeë historiese verbintenis met Nagome en die Shokane.

Die Shokane was volgens baPhalaborwa-oorlewing die eerste gemeenskap wat in die gebied voorgekom het en wel by Loole- en/of Nagomekop waar hulle deur die vroegste binnekomende baMalatji aangetref is (Krige 1937b; Du Toit 1967, 1968 & Scully 1978). 'n Bondgenootskap het tussen die Shokane wat bedrewe koperbewerkers was en die vroeë baMalatji tot stand gekom. Die bondgenootskap verklaar enersyds die latere Masêkê-Malatji opvolgingsdispute en andersyds die assosiasie van die Shokane met Nagome eerder as Loolekop. Dié bewoners van Nagome het dus die latere opvolgingspogings van ander baMalatji-groepe om die baPhalaborwa-kapteinskap te verwerf, teengestaan.

"The Maseke are the Banakome (sic) of Phalaborwa and may represent an early Shokane Malatji merger which has become obscure during the intervening dynastic struggles of the last century." (Scully 1978: 125)

Die Masêkê-Malatji word vandag nog gekenmerk deur die feit dat hulle (soos die Mahlongane-Shangana) 'n eie dialek van Noord-Sotho praat wat van die taal van die res van die baPhalaborwa verskil. In teenstelling hiermee is ander binnekomende groepe (behalwe die vermelde Shangana) onder die baPhalaborwa opgeneem, ook wat hulle taal betref. Dit is 'n verdere aanduiding dat die Nagome-Malatji 'n afsonderlike en nou vergete gemeenskap verteenwoordig wat latere baMalatji-opgang en -oorheersing voorafgegaan het. Die dialektiese verskil mag dus teruggevoer word na 'n vroeë Venda-oorsprong vir die Nagome-bewoners en bevestig waarskynlik afsonderlike herkomslyne vir die Nagome- en die Kgopolwe-Malatji (Scully 1978: 45, 51).

'n Vroeë Venda- en veral baLobedu-invloed in Phalaborwa voor die koms van die baMalatji mag ook weerspieël word deur die totem (**phala**) van die Shokane wat vandag nog slegs onder die baLobedu aangetref word (Krige in Scully 1978: 125). 'n Vroeë baLobedu teenwoordigheid in Phalaborwa word ook bevestig deur mondelinge oorlewering wat daarop dui dat die koppie Phetole (Phêdule) 'n vroeë terrein van die baLobedu sou gewees het (Figuur 66). Die naam Phêdule verskyn dan ook in 'n genealogie wat Krige vir die baLobedu verskaf (Scully 1978: 125). Ook Du Toit (1969: 19) meld dat Kgashane in ca1740 asiel aan Phêdule in Phalaborwa verleen het nadat hy met sy broer in 'n stryd om die kapteinskap van die baLobedu gewikkel was (Du Toit 1969: 19).

Soos voorheen gemeld, is Paane die vroegste Masêkê-leier wat met Serotwe, Mabodika, Nagome en Lethane verbind word. Ook die koppie Moloto moes onder Paane se beheer geval het aangesien die naam dieselfde is as dié van sy moeder se verwante (**bômmatswale**) met wie hy in 'n bondgenootskap was, naamlik die Moloto van Mapulaneng in die suide wat op hulle beurt afkomstgenote van die baKoni van Matlala is (Scully 1978: 304). Die Masêkê-Malatji het dus 'n groot invloedssfeer of gebied beheer strekkende vanaf Nagome in die ooste tot by Serotwe in die weste. Dit is bekend dat 'n terrein soos Marupale wat in die gebied geleë is en die woonplek van die Mahlongane-Shangana was, onder Masêkê se beheer geressorteer het (R. Malatji, pers. mededeling) (vgl. Figuur 10).

Die opvolgingsdispuut tussen Paane en Makekele volg na laasgenoemde se terugkeer uit Bokgalaka waar hy opleiding as **kgosi** en **ngaka** ontvang het. Die botsing is 'n "... last stand effort by the Shokane at Nakome Hill in alliance with the Moloto of Mapulaneng affinities to assert their prerogative as an ancient ruling house" (Scully 1978: 315). Makekele se opvolging as **kgosi** lei tot die daarstelling van 'n nuwe en herbevestigde alliansie (omdat dit reeds in die tydperk van Meele bestaan het) tussen die baMalatji en Makekele van Sealeng en die Mathipa (Makekele se moedersverwante) in die weste. Met Makekele se verdrywing van die Seale van Sealeng en sy bewoning van dié terrein, word sy posisie as reënmaker en opperhoof van die baMalatji onvoorwaardelik bevestig. Sealeng word die heilige plek van die voorvaders (**badimong**) nadat sy en Paane se vader, Meele, by Sealeng begrawe word (Scully 1978: 191; 317).

3.6 Die voorkoms van steentydperkindustrieë

Voordat die opgraving en ondersoek van Serotwe bespreek word, is dit nodig om

te wys op die teenwoordigheid van steentydperkindustrieë en -werktuie in die omgewing van die koppie en van Phalaborwa in die algemeen. Met die grawe van toetsgate aan die noordekant van Serotwe is 'n steentydperkafsetting direk onder die ondersoekte ystertydperkkomponent aangetref. Die klipwerktuie is oorwegend uit kwartsiet en doleriet vervaardig en vorm deel van die los kwartsietlaag van die omgewing.

Klipwerktuie is ook opgetel rondom Mabodika, Evkomkoppie en Modimule waar dit onder andere deur grondverskuiwings blootgelê is. Die wye verspreiding van klipwerktuie is nie net beperk tot sekere koppies in die omgewing waar dit opgemerk is nie, maar kom ook in ander gebiede voor waar geskikte materiaal vir werktuie voorgekom het. Dit is meer onlangs opgemerk dat groot hoeveelhede klipwerktuie uitgegrawe is in 'n sloot wat oor die plaas Rhoda (9 KU) gegrawe is. Waar die sloot oor doleriet en kwartsriwwe sny, is groot hoeveelhede klipwerktuie van tot sowat 1,0m diep uit die grond opgediep. Die algemene voorkoms van klipwerktuie, onder andere gemaak van gelaagde ysterklip op die plaas Sheila (10 KU), is ook deur Moore (1966: 3) beskryf.

Die voorkoms van klipwerktuie rondom bepaalde koppies is ook bevestig met die opgraving en verwydering van drie ysterreduksie-oonde aan die suidekant van Serotwe. Onder die oonde is klipwerktuie in die kwartsietlaag onder die donkerrooi grond waarin die oonde ingebou was, aangetref. Opgrawings wat deur die Departement Argeologie van die Universiteit van Pretoria by Masorini uitgevoer is, het ook die tendens bevestig (J. F. Eloff & A. Meyer, pers. mededeling). Aan die noordelike voet van Sekgopo is ook talle mikrolitiese werktuie tydens 'n besoek aan die terrein in Desember 1986 waargeneem.

Klipwerktuie is ook op terrasse van die koppie gevind en selfs binne ystertydperkafsettings op die terrasse aangetref (vgl. Pjene). Die verskynsel is ook deur Moore (1966: 3) opgemerk. Dit is ook moontlik dat sekere van die werktuie deur ystertydperkmense na die terrasse aangedra is terwyl sommige, bv. hamerklippe of kerne waarvan skilfers afgeslaan is, deur die ystertydperkmense hergebruik is. Die gemengde voorkoms van steentydperkkerne en ystertydperkhamerklippe op bv. Pjene versterk dié vermoede. Met die uitsondering van laasgenoemde terrein, is die voorkoms van steentydperkwerktuie met hulle kenmerkende attribute egter nie so 'n algemene verskynsel soos in die ashope van die laat-ystertydperk baKwena van Olifantspoort (Mason 1969 & 1974) en Selonskraal (Pistorius 1985) nie. Die waargenome klipwerktuie verteenwoordig oorwegend werktuie van die middel-

en laat-steentydperk.

3.7 Die opgraving en ondersoek

Die verwydering van die ryk silika-bevattende bogrond rondom Serotwe het min materiaal rondom die koppie vir argeologiese ondersoek gelaat. Boonop is 'n grondpad oos van die koppie na die Selatirivier geskraap sodat die oppervlakte ook in die gebied versteur is. Die areas aangrensend aan Serotwe en op die koppie wat ondersoek is, is die volgende (Figuur 61);

- Die westelike koperreduksieterrein (SER1)
- Die suidelike ysterreduksieterrein (SER2M1-M3)
- Die oostelike toetsgate (SER3)
- Die noordelike toetssloot (SER4)
- Die agt terrasse aan die noord- en noordwestekant van die koppie (SER5T1-T8).

3.7.1 Die westelike ysterreduksieterrein (SER1M1)

'n Gebied wes van Serotwe is deur Fedmis omskep in 'n skietbaan (Figuur 61). Die oorblyfsels van 'n oond wat bekend was aan werknemers van Fedmis is hier aangetref nadat dit deur 'n stootskraaper platgeloop is (SER1M1). Geen inligting oor die aard en kenmerke van die oond en terrein kon vasgestel word nie. 'n Analise van slak wat op die terrein voorkom, toon egter dat dit gebruik was vir die reduksie van yster (Tabel 93).

Ook Moore (1984: 231; Foto 6) het in 1961 'n oond ten weste van Masêkêkop gefotografeer wat hy as 'n koperreduksie-oond beskryf (SER1M2) (Foto 126). Die oond se kenmerke op die foto stem ooreen met die KR1-oonde van Sonkoanini, Pjene en Ghoenkop. Moore beweer verder dat Max Rüh, wat naby Serotwe woonagtig was, gedurende die twintigerjare van hierdie eeu vier **marale** digby die gefotografeerde oond uitgeploeg het, en meen dat dit ook in dieselfde omgewing gegiet moes gewees het. Die oond is vandag in die bewaring van die Nasionale Museum van Bloemfontein (Van der Merwe 1971: 5). Ten minste twee reduksieoonde die een vir yster en die ander vir koper het dus in die gebied wes van Serotwe voorgekom.

3.7.2 Die suidelike ysterreduksieterreine (SER2M1-M3)

Verskeie groot en indrukwekkende ysterreduksieterreine moes aan die suidekant van Serotwe voorgekom het (Figuur 62). Volgens gesprekke met persone wat die gebied besoek het toe dit nog ongerep was, wil dit voorkom asof die terrein net so indrukwekkend was soos die ysterreduksieterrein van die plaas Square (Van der Merwe & Killick 1979). Dit is selfs moontlik dat SER2 meer oonde as die agt van Square gehad het.

Schwellnus (1937: 907) se beskrywing van die oonde wat in groepe van drie en in uitsonderlike gevalle as vier saamgegroepeer was, bevestig die vermoede. Dit mag dus moontlik wees dat nie minder as tien ysterreduksie-oonde aan die suidekant van Serotwe voorgekom het nie. Slegs drie van die oorspronklike oonde is nog **in situ** aangetref (Figuur 62). Die res van die oonde en slakhope is deur stootskrapeeraktiwiteite vernietig.

Twee van die oonde (SER2M1 & M2) stem tipologies ooreen (Foto's 127 & 128). Die oonde is YR1-oonde, dit wil sê dit is silindries met drie openinge vir die blaaspype (Tabelle 94 & 95). Die derde oond (SER2M3) het 'n meer driehoekige planvorm met drie blaaspypopeninge (Foto 129) en is dus 'n YR2-oond. Die kenmerke van die oonde word beskryf in Tabelle 94 - 96.

'n Analise van die slak van die drie oonde dui daarop dat almal gebruik is vir die reduksie van ystererts (Tabel 93).

Hoewel die grondoppervlak aan sowel die suide- as westekant van Serotwe ernstig versteur en selfs weggevoer is, is dit duidelik dat die reduksie van yster aan die suidekant van Serotwe voorgekom het, en dat die reduksie van kopererts aan die westekant van die kop uitgevoer is.

3.7.3 Die oostekant van die koppie

'n Gebied aan die oostekant van Serotwe tussen die koppie en die geskraapte grondpad na die Selatirivier is ondersoek na aanleiding van die geïsoleerde bedekking met **Heteropogon contortus** en opwellings wat op die oppervlakte van die area waarneembaar was (Figuur 61). Op die opwellings is sagte en kleinerige fragmente van klei waargeneem. Dit was veral opvallend en versprei oor blokke B1 en C wat opgegrawe is. Die fragmente was versprei in 'n ovaalvorm wat sowat 2,5m lank en 0,4-1m breed was.

Die afsetting in albei blokke is donkerbruin tot rooi en toon geen kleurverandering nie. Die tekstuur verander vanaf poeiergrond na kleiner ruklip vanaf laag 4 (blok B1) en laag 3 (blok C). Die enigste noemenswaardige kulturele materiaal wat in die afsetting aangetref was, was enkele potskerwe, twee malers, 'n blik (blok B) en die basis van 'n tweede blik (blok B1). Hoewel laasgenoemde materiaal intrusief van aard kan wees omdat dit slegs 5cm onder die grondoppervlak voorkom, is dit eerder 'n weerspieëling van die resente bewoning van die noordelike en oostelike voet van die koppie (R. Malatji, pers. mededeling).

3.7.4 Die noordekant van die koppie (SER4).

Soos hierbo gemeld, was Serotwe vroeg in die twintigste eeu aan die noorde- en oostekant bewoon. Die kop se terrasse was egter nooit in die tydperk bewoon nie, aangesien dit die voormalige woongebied van Masêkê en sy volgelinge was (R. Malatji, pers. mededeling).

Die noordelike gebied van Serotwe is ondersoek nadat amptenare van Fedmis melding gemaak het van 'n menslike skelet wat reeds 'n geruime tyd gelede in die gebied deur 'n stootskraiper oopgestoot is (Figuur 61). Die skeletmateriaal wat in 'n kleipot aangetref is, is egter destyds onmiddellik deur die swart werkers herbegrawe. Daar is ook besluit om die gebied te ondersoek aangesien slak in die grondverskuiwingshope noord van die koppie waargeneem is, asook vier stapels klippe waarop die toetssloot uitgemeet is. Die skelet is egter nie met die opgraving gevind nie, aangesien die presiese ligging waar dit herbegrawe is, nie vasgestel kon word nie.

Die afsetting aan die noordelike voet van die koppie bestaan uit 'n swart, poeieragtige grondlaag of ystertydperkafsetting wat in die verskillende blokke varieer in diepte. Die afsetting gaan vinnig oor in 'n kwartsietlaag met steentydperkwerktuie. Op die oppervlakte van vier blokke (A, D, F en H2) kom klipstapels voor (Foto 130). Onder die klipstapel van blok A is 'n aantal bene en beenfragmente aangetref. Die kulturele materiaal wat vanuit die toetssloot herwin is, word in Tabel 97 aangedui. Aanduidings van ligte, gekonstrueerde kleivloertjies en stukke klei met slakaanpaksels is in blok F en veral in blok H4 aangetref (Figuur 61).

3.7.5 Die terrasse (SER5T1-T8)

Agt terrasse is aan die noordweste- en noordekant van Serotwe opgegrawe en gekarteer (Figuur 60). Verskeie ander terrasse kom nog aan die noordweste en die noordooste van die koppie voor. Serotwe is dus net soos Sealeng, Shankare en verskeie ander koppies van die omgewing goed toegerus met 'n groot hoeveelheid terrasse.

Die funksie van die opgegraafde terrasse van Serotwe is net soos dié van ander koppies nie in alle gevalle duidelik nie, weens 'n gebrek aan argeologiese materiaal wat met die terrasse geassosieer word, en 'n beperking in die aard en verskeidenheid daarvan. Boonop help swak bewaringstoestande nie om die interpretasie van enige oorblyfsels te vergemaklik nie. Die terrasse wat op Serotwe ondersoek is, het dan ook slegs lig gewerp op 'n beperkte aspek van die lewenswyse van die koppiebewoners. Indien die hoeveelheid terrasse van Serotwe as maatstaf gebruik word, is dit duidelik dat 'n groot hoeveelheid inligting aangaande die materiële kultuur van die gemeenskap nog ontsluit kan word.

Die terrasse wat ondersoek is, is met die uitsondering van die boonste vier terrasse op betreklik, drasties verskillende hoogtes geleë. Die steil puinhelling van Serotwe is ongetwyfeld nie die geskikste terrein vir die bou van terrasse nie. Die hoë ligging van die terrasse vanaf die grondoppervlak, net soos in die geval van Muhululu, mag egter 'n belangrike faktor gewees het in die keuse van die koppie as 'n woonterrein. Beide Serotwe en Muhululu lê op die periferie van die sentrale groep koppies wat rondom Loolekop verspreid is. Al twee die terreine is dus as't ware buiteof grensposte wat moontlik moes optree as buffers teen vyandige aspirasies vanuit die ooste en weste.

Die terrasse wat ondersoek is, is die volgende:

3.7.5.1 Terras 1 (SER5T1)

Beide SER5T1 en SER5T2 se oppervlakte word gekenmerk deur baie steil hellings (Figuur 63). Die ineenstorting van SER5T1 se terrasmuur en die gepaardgaande verspoeling van die terrasoppervlakte het hiertoe bygedra. Dit is egter nie onmoontlik dat 'n smidsoond op SER5T1 voorgekom het soos dit die geval met SER5T2 was nie. Die voorkoms van 0,15g stukkies yster, stukkies klei, slak en blaaspypfragmente versterk die vermoede, hoewel die materiaal ook van SER5T2 afgestort kon gewees het (Tabel 98).

Die enigste besondere vonds uit 'n opgraving van 'n driehoek op die terras was 'n deel van 'n koperarmband. Die noordelike punt van die terras bevat 'n sirkelvormige ry klippe wat die fondament van 'n smidshut soos die op Masorini kan wees, nl. SER5T1.1 (Foto's 16 & 17) (Figuur 60).

3.7.5.2 Terras 2 (SER5T2)

Op die terras is 'n smidsoond in 'n puik toestand van bewaring neffens 'n groot vasstaande aambeeldklip aangetref. Langs die smidsoond is aanduidings van die oorblyfsels van 'n tweede oond. Die smidswerkruimtes was aan die agterkant omsluit deur 'n lae, gepakte klip- of skermmuur (Foto's 132-134).

Twee analises van die slak wat in en rondom die oond aangetref is, dui op die hoë voorkoms van yster in die slak (Tabel 93). Fragmentariese stukkie yster kom dan ook rondom die aambeeldklip voor. Ook gebreekte hamerklippe (meestal spoelklippe), stukkie yster en magnetiet, blaaspypfragmente en potskerwe is in assosiasie met die smidsoond en die aambeeldklip gekry (Tabelle 99 & 100). Die kenmerke van die smidsoond van SER5T2 dui daarop dat dit 'n YS1-oond was. Stukkies (gebrande) diereskeletmateriaal is ook op die terras gekry (Tabel 102).

3.7.5.3 Terras 3 (SER5T3)

Die terras word in beslag geneem deur 'n ashoop wat 'n oos-wes georiënteerde helling aan SER5T3 verleen. Dit is in 'n vierkant in vier arbitrêre lae van 15cm elk opgegrawe (Foto 135). In die lae is identifiseerbare diereskeletmateriaal (Tabel 102), 'n groot hoeveelheid hamerklippe (Tabel 103) en ander materiaal (Tabel 104) aangetref. 'n Besondere vonds was 'n aantal beenfragmente wat deur malagiet groen gekleur was. Dit het duidelik heengewys na die reduksie van kopererts op een van die terrasse.

Op die oppervlakte en bodemklip van SER5T3 is 'n viertal ronde kleivloertjies aangetref (SER5T3.1 - SER5T3.4) (Foto 135). Van die vloere is verwyder en word in die Phalaborwa Museum bewaar. Een van die kleivloere (SER5T3.4) het 'n aantal ronde holtes op die oppervlakte (Foto 136). Die afmetings en besonderhede van die vloere verskyn in Tabel 105.

Dit is duidelik dat SER5T3 gebruik is vir die opgaar van die afval wat veral afkomstig was van die terrasse bokant SER5T3 en ook vanaf SER5T4. Die afval bestaan

uit gefragmenteerde en verbrande beenmateriaal, beenmateriaal wat groen gekleur is deur malagiet, aanduidings van kalk in 'n potskerf, hamerklippe, stukke kwartsiet asook twee stukkies koper. Dié afvalpatroon hier toon sterk ooreenkomste met die afvalpatroon op bogenoemde terrasse en dui op die bewerking van koper- waarskynlik sekondêr - op sommige van die terrasse van Serotwe.

3.7.5.4 Terras 3B (SER5T3B)

Aangrensend aan SER5T3 maar sowat 1,0m hoër is SER5T3B geleë. Op die terras is 'n dun kleivloer van sowat 1,0m in deursnit aangetref. Die periferie van die vloer is onduidelik sodat dit nie met sekerheid as rond beskryf kan word nie (Foto 137). Die voorkoms van die vloer herinner egter sterk aan dié van 'n hutvloer. Op die kleivloer is beenfragmente en 'n beenwerktuig (Foto 138) aangetref.

3.7.5.5 Terras 4 (SER5T4)

Op die oppervlakte van SER5T4 is 'n maalklip aangetref. Maalklippe kom ook voor op SER5T5, die terrasmuur van SER5T7 en op een van die suidelik-geleë terrasse van Serotwe.

Die terras is opgegrawe in drie arbitrêre lae van 15cm elk. Beide laag 1 en 2 bestaan uit 'n donkerbruin tot swart poeieragtige grond met stukkies klei daarin. In laag 1 is 76 stukkies klei en in laag 2 is 9 stukkies klei gevind. Die klei is te fragmentaries om enige slakaanpaksels te toon. Verspreide askolle met beperkte deursnee wat vuurherde kan wees kom ook in die laag voor. Die oppervlakte van laag 3 toon 'n stukkie goed-gepreserveerde kleivloer van 30cm in deursnee met 'n vuurherd langsaan. Tussen laag 1 en 2 is twee groot hamerklippe en/of ligte aambeeldklippe *in situ* gelaat (Foto 139). Die vondste vanaf SER5T4 bestaan verder uit vier hamerklippe (Tabel 106) en ander materiaal (Tabel 107).

3.7.5.6 Terras 5 (SER5T5)

Die terras bevat geen afsetting nie - slegs bodemklip is daarop sigbaar. Op die terras is ook 'n rotsskuiling wat deur 'n groot siënietrots gevorm word. In Moore (1966) verskyn 'n foto van 'n "deels toegeboude grotskuiling op die plaas Wegsteek 30 LU". Dit is vermoedelik dieselfde rotsskuiling. Die gepakte klipmuur voor die ingang is egter nie meer vandag sigbaar nie.

Die benutting van rotsskuilings op die koppies het skynbaar algemeen voorgekom. In Moore (1966) verskyn ook foto's van grotskuilings op die plaas Schiettocht (25 LU) wat met hardekoolstompe toegebou is. Die foto is waarskynlik geneem by die koppie Maphato. Die verskynsels is nie meer vandag, dertig jaar na Charles Moore se ondersoek, behoue nie. Die meeste koppies rondom die dorp is reeds herhaaldelik deur skattejagters gefynkam en van oppervlaktevondste beroof.

3.7.5.7 Terras 6 (SER5T6)

Die terras is in twee lae van 15cm elk opgegrawe. In laag 2 is 'n mosterdkleurige stuk kleivloer langs 'n deel van 'n pot aangetref. Langs die vloer kom stukke klei en as voor. Die totale vierkant wat opgegrawe is bevat 'n groot konsentrasie as. Dit wil voorkom asof die terras verband hou met die bewerking van koper. Die belangrikste vondste uit SER5T6 is twee glaskrale - andersins is die vondste karig (Tabel 108).

3.7.5.8 Terras 7 (SER5T7)

Laag 1 en 2 bestaan uit swart tot donkerbruin grond met klip daar tussenin. In die opgegraafde vierkant is 'n paar stukke sagte klei in die westelike hoek aangetref. Benewens potskerwe is 'n glaskraal en koperringetjie (Tabel 109) asook 'n groot versameling hamerklippe en dele van kliphamers uit die vierkant opgegrawe (Tabel 110).

3.7.5.9 Terras 8 (SER5T8)

Op die terras wat noord tot noordwes georiënteer is, is geen noemenswaardige kulturele materiaal aangetref nie (Foto 140). Op die terrasoppervlakte kom wel 'n maalklip voor.

4. Mapotini

4.1. Ligging

Die koppie Mapotini is geleë suid van die Gravelotte-Phalaborwa nasionale pad op die plaas Schiettocht (25 LU) en wel digby die aansluiting met die Micapad. Die koppie lê teenaan die Gravelotte-Pahalaborwa-pad en staan algemeen bekend as "Tweelingkoppies" saam met Mapatse wat direk noord van laasgenoemde pad

en noordwes van Mapotini geleë is. Amptenare van die plaaslike myne en mynkaarte beskryf die koppies ook as "Marilyn" en "Monroe". Die naam "Spitskop" is ook algemeen in gebruik, onder andere in 'n proefskrif oor die geologie van Phalaborwa (Erikson 1982). Die ligging van Mapotini en ander koppies word in Figuur 10 aangedui.

4.2 Nabygeleë terreine

Verskeie koppies met argeologiese oorblyfsels is naby Mapotini geleë (Figuur 23). Soos reeds genoem, het die plase Schiettocht (25 LU) en Loole (31 LU) die meeste en belangrikste koppies gehad wat rondom die eensbestaande Loolekop geleë was (vgl. Hoofstuk 4; Figure 5 & 6). Omdat moderne mynbedrywighede nie op Schiettocht (25 LU) plaasgevind het nie, is feitlik al die koppies en hulle geassosieerde argeologiese terreine ongeskonde.

Die bekendste koppies met argeologiese oorblyfsels wat op die plaas voorkom is Sealeng, Modimule en Sebatini wat almal sowat 4km suid-suidoos van Mapotini geleë is. 'n Aantal terrasse op Sebatini is argeologies ondersoek (vgl. Hoofstuk IX). Ten ooste en veel nader aan Mapotini is Skotini (ook bekend as Sedirêkê), 'n koppiereeks suid van die Gravelotte-Phalaborwa-pad by die Old Guide Myn geleë. Aan die noordekant van die nasionale pad en noord van Skotini is die koppie Maboïen geleë. Wes van Skotini en Maboïen is die koppie Phêdule wat met die baLobedu verbind word. 'n Kilometer suidwes van Mapotini naby die nasionale pad na Mica is die koppie Mading geleë. Suid van Mading is 'n lae, onindrukwekkende koppie bekend as Maukokoni. Dit was die woonplek van die Mojela wat verwant was aan die Mojela van Masorini (W. Monjela, pers. mededeling) (Figuur 23).

Die koppies wat direk noord van Mapotini en die Gravelotte-Pahalaborwa-pad geleë is, is bekend as Mapatse en Mapatsana. Op die 1:50 000 kaart van Phalaborwa (2331CC) word Mapatse ook beskryf as Mapotweng. Die alternatiewe naam is ook aan informante bekend. Verder noordoos van die twee koppies is 'n kleinerige koppie met die naam Maphato. Mophato beteken stamskool in Noord-Sotho sodat die koppie - net soos Mabodika op die plaas Wegsteek (30 LU) digby Serotwe moontlik vir die **bogwêra** van seuns en/of **boyale** van dogters gebruik was. (Figuur 23)

Verskeie ander en skaars waarneembare siënietuitstulpings kom tussen bogenoemde groter koppies voor. Van die kleiner siënietuitstulpings bevat ook aanduidings van bewoning, maar dit is duidelik nie so omvangryk en langdurig as in die geval

van bogenoemde koppies nie. Voordat die topografiese kenmerke, historiese agtergrond en opgrawings by Mapotini bespreek word, verdien van die kleiner koppies enkele kort beskrywings ten opsigte van waarnemings wat gedoen is. Daar is ook 'n aantal slakanalises van verskeie waargenome reduksieterreine uitgevoer, en die verspreidingspatrone en kenmerke van metaalbewerkingsterreine naby die Old Guide Myn in die Loole-kompleks is deur waarneming van nader beskou.

4.2.1 Sealeng

Sealeng is saam met Kgopolwe en Nagome die bekendste en belangrikste baPhalaborwa-woonterreine. Sowel Sealeng as Kgopolwe is vandag nasionale gedenkwaardigheide. Dit is 'n faktor wat ongetwyfeld baie tot die hedendaagse belangstelling en bekendheid van die terreine onder veral blankes bygedra het. Sealeng is veral bekend vir die feit dat talle kapteins van die baPhalaborwa hier begrawe is, terwyl die kapteins se moeders by 'n aangrensende koppie, Modimule begrawe is.

Geen argeologiese navorsing is nog by Sealeng uitgevoer nie. Die koppie het net soos Kgopolwe, Mapotini en andere, 'n sterk ontwikkelde sentrale siënietskern (Foto 141). Die puinhelling aan die noordweste en weste van die koppie is oortrek met terrasse waarop oorblyfsels van hutpuin te sien is. Aan die suidekant van die koppie kom 'n uitgebreide slakhoop voor waarin die oorblyfsels van ten minste twee reduksie-oonde waargeneem is. Dit wil voorkom asof die oorblyfsels die van ysterreduksie-oonde is, en wel moontlik YR2-oonde. Direk suid van die reduksieterrein kom 'n aantal groot siënietsklippe voor waarvan ten minste twee, gladde, (platgeslaande) oppervlaktes het. Die aambeeld en ruimte verteenwoordig vermoedelik 'n smids-werkruimte (Figuur 64).

Ten ooste van Sealeng kom 'n dik afsetting met verskeie opwellings op die grondoppervlak voor. Die gebied het net soos Shankare verskeie groot vyselklippe *in situ* met laasgenoemde se kenmerkende gladde oppervlaktes en holtes (Foto 110). Die gebied word verder net soos in die geval van Shankare (SHA3M1), Kgopolwe (SPK3) en Nagome (MN3), waar vroeë daterings verkry is (vgl. Tabel 4), gekenmerk deur dik asafsettings, hopies kwarts en slak asook stukkies blaaspypfragmente. Dit is dus nie onmoontlik dat die oostekant van Sealeng ook bogenoemde vroeë daterings mag oplewer op grond van dié ooreenstemmende kenmerke met bogenoemde terreine nie (Figuur 64).

4.2.2 Kgopolwe

Betreklik uitgebreide navorsing en opgrawings is deur Van der Merwe (1971) by Kgopolwe uitgevoer. Die navorsingsbevindinge is by wyse van 'n voorlopige verslag aan die Raad vir Geeteswetenskaplike Navorsing (RGN) gerapporteer in 1971 en onlangs in 'n gepubliseerde artikel (Evers en Van der Merwe 1987).

Kgopolwe is 'n voorbeeld van die tipiese siënietskoppies wat in die Loole-terreinkompleks voorkom. Dit het 'n sterk ontwikkelde sentrale siënietskern waarvan die boonste derde 'n indrukwekkende krans vorm. Die puinhelling wat rondom die onderste twee-derdes van die siënietskern voorkom, is veral aan die suide- en suidwese kant van die koppie gebruik om terrasse aan te lê (Foto 142). Dit wil voorkom asof 'n gepakte, vrystaande klipmuur (net soos by Maboïen) by geleentheid sowat die helfte van die omtrek van die koppie afgesluit het.

Die terreinkomponente wat deur Van der Merwe (1971: 3-5; 18-22) by Kgopolwe ondersoek is, was die volgende (Figuur 65):

- 'n Terras aan die suidekant van die koppie (SPK1).
- 'n Tweede terrasarea aan die westekant van die koppie (SPK2). Op beide terrasse is aanduidings van kleivloere gevind asook ysterknope en glaskrale wat dui op die resente bewoning (ca1800) daarvan.
- 'n Area aan die noordoostekant van Kgopolwe (SPK3) waar die oorblyfsels van kleivloere, gestratifiseerde afsettings (\pm 90cm diep) en 'n graf aangetref is. Verskeie daterings uit die afsettings dui daarop dat die terrein 'n vroeë fase van die Ystertydperk verteenwoordig, nl. vanaf ca900-1300nC (vgl. Tabel 4 vir C14-datums).
- Sowat 400m wes van Kgopolwe is 'n ysterreduksieterrein (SPK4) waarvan twee daterings (Tabel 4) verkry is. Ongelukkig word geen beskrywing van die oond (benewens die hoogte en drie blaaspypopeninge) verskaf nie. Dit wil egter voorkom asof dit 'n driehoekige en dus YR2-oond was.
- Twee verdere ysterreduksie-oonde is aan die noordwestelike voet van Kgopolwe aangetref, nl. A en B wat sowat 7m vanaf mekaar geleë is (SPK5). Oond A was in 'n goeie toestand van bewaring en was 'n driehoekige tipe ysterreduksie oond (YR2).
- Sowat 100m noordoos van SPK3 is slegs die vloer van 'n verdere ysterreduksie-oond aangetref (SPK6).

Volgens Evers en Van der Merwe (1987: 92) was al die oonde wat by Kgopolwe

aangetref is, driehoekige of YR2-oonde. In die opgraving van SPK3 is net soos by Shankare (HA2M1) aanduidings van koperreduksie-aktiwiteite in smeltkroese aangetref (op. cit. p.88).

4.2.3 Phêdule

Die moontlike verband van die Shokane met die Venda en spesifiek met die baLobedu, soos onder andere aangedui word in die Shokane en baLobedu se ooreenstemmende totem (**phala**), word verder versterk deur die teenwoordigheid van 'n baLobedugemeenskap by Phetole of Phêdule koppie "... which is said to be the place of the baLobedu" (Scully 1978: 125). In die baLobedu se genealogie word verwys na Phedule, die seun van die reënmaker Majaji, wat deur sy ouer broer, ook Majaji, van die hoofstat Daja verdryf is, maar wat wel later terugkeer om die kapteinskap oor te neem (Krige in Scully 1978: 125).

Phêdule vorm dus net soos Maboïen, Mapatse, Mading en ander terreine in die omgewing van Mapotini, sleutelterreine waar groepies bedrewe metaalbewerkers soos onder andere ook die багаSelepe hulle in die negentiende eeu gevestig het. Die багаSelepe wat na bewering vanaf Zimbabwe afkomstig is het onder ander vuurwapens herstel, en hulle by koppies tussen Sealeng en Kgopolwe gevestig (Scully 1978: 279-280, 319, 334).

Phêdule het 'n feitlik koepelvormige profiel (Foto 143) met enkele terrasse aan die ooste- en noordekant. Die terrasse is smal en bevat nie aanduidings van woonoorblyfsels nie. Dit wil voorkom asof die terrasse uitsluitlik gebruik kon gewees het vir die sekondêre bewerking van yster en/of koper (Figuur 66).

Die terrein bevat 'n prominente afsetting aan die oostekant waar hutpuin maar ook stukkies malagiet in lae ashopies en askonsentrasies opgemerk is. Twee ronde of YR1-oonde is ook in assosiasie met die terrein aangetref. Die eerste oond is feitlik aan die noordoostelike voet van die koppie geleë terwyl die tweede sowat 70m vanaf die koppie en aan die noordekant daarvan geleë is (Figuur 66). 'n Analise van die slak van die oonde dui op die reduksie van yster wat in die oonde plaasgevind het (Tabel 111).

Wes van Mading en wes van die nasionale pad na Mica op die plaas Namakgale is 'n klein siënietkoppie oos van 'n droë lopies. Die koppie word op die 1:50 000 topografiese kaart van Phalaborwa (2331CC) aangetoon met 'n enkele kontoerlyn

en 'n hoogte van 420m bo seespieël. Die koppie het enkele terrasse aan die noordekant. Geen reduksieterrrein(e) is egter in assosiasie met die koppie opgemerk nie.

4.2.4 Maboïen

Die koppie Maboïen is direk noord van die Phalaborwa-Gravelotte nasionale pad en by die dorpsingang na Phalaborwa geleë. Die koppie het 'n groot aantal terrasse aan die noordekant hoewel geen hutpuin daarop opgemerk is nie. Dit het 'n besondere groot grondterras met 'n dik asserige afsetting. Dit mag moontlik wees dat koperbewerking (primêr en/of sekondêr) op die terras beoefen is. Die terras word met die koppie verbind deur 'n hoë vrystaande klipmuur. Die koppie word verbind met die Monyaela - 'n ontwortelde gemeenskap vanuit die baKgema-periode (Scully 1978: 335).

Ten minste twee afsonderlike ashope met die oorblyfsels van ysterreduksie-oonde kom sowat 70m aan die noordekant van die koppie voor. Analise van slakmonsters van albei terreine dui daarop dat magnetiet op altwee gereduseer is (Tabel 111). Die oorblyfsels van een van die oonde mag dié van 'n YR1-oond wees. Dit is nie duidelik hoeveel oonde met elke terrein verbind kan word nie. Die grootte van die reduksieterreine dui egter onomwonde op die voorkoms van meer as een oond per terrein.

4.3 Topografiese en ander kenmerke

Mapotini het nes Kgopolwe, Sealeng, Sonkoanini en ander koppies 'n sterk ontwikkelde sentrale siënietskern (Foto 144). 'n Puinhelling het veral aan die weste- en suidekant van die koppie ontwikkel waar 'n uitgebreide hoeveelheid terrasse voorkom (Figuur 67). Op een terras is hoë, gepakte klipmure opgemerk. Dit is een van die enigste koppies waar vrystaande klipmure bo-op die terrasse waargeneem is.

Die terrasse van Mapotini word net soos Sealeng, Kgopolwe en Serotwe asook Sebatini in 'n mindere mate, gekenmerk deur die voorkoms van dik afsettings waarin klei met paalmerke en talle potskerwe en glaskrale gevind is. Mapotini se talryke oorblyfsels, net soos dié van Kgopolwe, Shankare en Sealeng, plaas dit in 'n kategorie wat beskryf kan word as woon- en werksplekke van "ryk" of welvarende gemeenskappe in vergelyking met die meeste terreine van die Loole-kompleks.

Verskeie metaalbewerkingsterreine waar yster sowel as koper ten weste van Mapotini gereduseer is, is op die grondoppervlak waargeneem. Slegs twee van die koperreduksie-oonde (MAP2 en MAP3) is opgegrawe (Figuur 67). Een van die grootste ysterreduksierreine in die Loole-kompleks (MAP6) is ten weste van Mapotini opgespoor en opgemeet (Figuur 67).

Dit is duidelik dat die koppies rondom die Old Guide Myn 'n formidabele metaalbewerkingsentrum in die Loole-terreinkompleks gevorm het. Daar kan geen twyfel bestaan oor die grootskaalse bewerking van yster by al die koppies rondom Mapotini nie. By laasgenoemde is ook koper gereduseer terwyl stukkies malagiet wat by Mapatse en Phêdule opgetel is, daarop dui dat koper wel by die koppies bewerk is. Dit wag egter vir opsporing en die identifisering van die tipe reduksie- en/of smeltpraktyke wat plaasgevind het.

Mapotini is net soos die ander koppies in die omgewing naby aan die Old Guide Myn geleë. Die vroeë mynbou-aktiwiteite waartydens ertse soos magnetiet en veral malagiet gemyn is, is reeds beskryf (Hoofstuk II). Dit is moontlik dat al die koppierreine in die omgewing van die myn ten minste 'n deel van hulle erts van die myn moes verkry het.

Dit is veral insiggewend om daarop te let dat Sealeng en Kgopolwe, die twee belangrikste historiese terreine van die Makushane-Malatji, albei sowat 2km van die myn geleë was. Die ligging van Sealeng ten opsigte van Loolekop as 'n tweede (of eerste) bron van erts is ook gunstiger as die van Kgopolwe. Sealeng is geografies feitlik ewe ver tussen die twee ertsbronne geleë.

4.4 Historiese agtergrond

Die koppie Mapotini word verbind met Ramatladi, een van Makekele se belangrikste politieke opponente in sy stryd om die baPhalaborwa-kapteenskap. Die koppie is bekend as 'n "plek met baie mense en beeste" (Scully 1978: 214) en het saam met 'n koppie soos Matshwale oos van Mading, die vestigingspunt van die Ramatladi-groep gedurende die opvolgingsdispute wat teen 1850 plaasgevind het, gevorm (op. cit. p.163). Die koppies Mapotini, Mading, Sealeng en die heuwel Namakgale, word egter ook met 'n ou Venda-groep soos die Malesa verbind (op. cit. p.165 & 166). Vervolgens word die geskiedenis van Ramatladi kortliks beskryf.

Twee weergawes aangaande Ramatladi se rol in Phalaborwa se geskiedenis bevat

'n groot mate van chronologiese distorsie. In een weergawe word hy gesien as 'n broer van Meele (vgl. Genealogieë A & B) en in 'n ander as 'n chronologies ouer broer van Makekele, maar by 'n junior vrou van Meele (Scully 1978: 294). Die verdere beskrywing van Ramatladi se afkoms, aanvaar laasgenoemde standpunt as die korrekte. Uit dié beskrywing is dit duidelik dat 'n ernstige botsing tussen Ramatladi en Makekele plaasgevind het, wat eers later in hulle lewe deur 'n versoening beëindig is. Die struweling oor die afkoms van Ramatladi en Makekele word deur Scully (1978: 296) se informante in terme van 'n sororaat-verbintenis verklaar.

'n Belangrike groep in die regeringstyd van Meele was die Mathipa in die weste. Ramatladi en Makekele is gebore uit huwelike met twee Mathipa-susters. Die Mathipa was in tye van hongersnood 'n belangrike skakel met landbouroepe ten weste van Phalaborwa. Dit word beweer dat die huwelike van Meele met twee Mathipa-vroue die regmatige kapteinskap van die baPhalaborwa van Ramatladi na Makekele laat oorgaan het as gevolg van die volgende gebeurtenis:

"Makikele's mother ... later joined her younger (junior) sister as wife of Meele. This was not according to law (i.e. in the **sororate** the younger sister follows the older to **bogadeng** - marriage place - and not the reverse). An evil spirit convinced Meele to marry the older sister. He wanted her. Ramatladi was the **kgoshi** until Makikele was born. This angered Ramatladi's mother who possessed the **kgoshi's** medicines used to protect the country. She had these in her house. (These were the essential medicines needed for planting and harvesting rites, used to strengthen the **kgoshi** against witchcraft and for rain making). The mother of Ramatladi, who was known as Moselamamangwe (tail of the leopard), became angry with her elder sister and thrust the medicines of **bokgoshi** at her saying "you have taken my rank from me". She put the medicines in her sister's house in anger. She threw them out of her own house." (Scully 1978: 310-311)

Hoewel dit volgens bogenoemde aanhaling blyk dat die reg om te regeer geredelik aan Makekele oorgedra is, meld Scully (1978: 311) dat die koninklike medisyne en die kennis om reën te maak moontlik 'n bewaarde geheim van Ramatladi se familie gebly het en later gebruik is om hulle status te probeer behou. Die optrede van Ramatladi se moeder het die oudstes van die stam by die **setsaba** van Sealeng die volgende uitspraak laat maak:

"She is not wrong. You have made the mischief. Why have you taken the eldest sister to your house? At that time, the elder sister had not yet had

a child by Malatji (i.e. not yet had a boy child) so Meele entered her house and fathered Makikele. This is why Makikele is praised with the **sereto**:

Makikele of the country of Shokwe.

I was not supposed to be **kgoshi**

Bokgoshi was directed to Ramatladi a Thobela.

Ramatladi of **bokgoshi**.

"From then on **bokghoshi** was in the house of the older sister but Ramatladi was still honored as **kgoshi** and was buried with others at Sealeng Hill. He was not at fault. It was due to his father that he was not **kgoshi**...

"Ramatladi was a good man. He did not fight against Makikele. He was a very important **ngaka** having previously been taught the medicines and knowledge of **bokgoshi**. He shared his bongaka with Makikele." (Scully 1978: 311-312)

Dit word beweer dat die volgelinge van Ramatladi hierop na die baLobedu gevlug het. 'n Ander weergawe meld dat hy en sy seun Seale, na Mapulaneng gevlug het en dat Ramatladi daar gesterf het. Laasgenoemde weergawe meld egter ook dat Makekele wel vir Ramatladi (net soos Paane) na Phalaborwa ontbied het vir die begrafnis van hulle vader (Meele). "He returned and they divided their father's wives." (vgl. Scully 1978: 196 & 312)

4.5 Die opgraving en ondersoek

Die ondersoek en opgraving by Mapotini is beperk tot 'n terras op die kop asook twee areas aan die westekant van die kop waar koper gereduseer is. Verder wes van Mapotini is slak versamel en geanaliseer ten einde te bepaal wat die aard van metaalbewerking in die gebied sou wees. Die terreinkomponente wat dus ondersoek is, is die volgende (Figuur 67):

- 'n Terras aan die noord tot noordwestelike kransvoet van Mapotini (MAP1).
- Twee koperreduksie-oonde aan die westekant van die koppie (MAP2 & MAP3).
- 'n Oppervlakte-onderzoek van drie ysterreduksieterreine verder wes van Mapotini (MAP4-MAP6) en die opmeting van die grootste terrein se slakhoop (MAP6).

4.5.1 Die terras (MAP1)

Digby die kransvoet aan die noord- tot noordwestekant van Mapotini is 'n groot hoop slak opgemerk wat duidelik afkomstig was van 'n terras (MAP1) wat teen die siënietskern van Mapotini aangelê is (Foto's 145 & 146). Ook die oppervlakte van MAP1 was met die slak bedek. Die slak was veel ligter en in groter bolle saamgekoek as die slak wat normaalweg by metaalbewerkingsterreine aangetref word. Trouens, die tipe slak is nêrens elders in die Phalaborwa-omgewing aangetref nie. 'n Analise van die slak (Tabel 111) toon ook geen aanduidings dat òf koper òf yster op die terras gereduseer is nie - daarvoor is die Cu- (0,01%) en Fe- (1,3%) inhoud van die slak te laag. Dit is moontlik dat die slak oorblyfsels is van onder andere beesmis wat gebruik is om byvoorbeeld koper te verhit vir smeerwerk of om koperdraad te trek (N.J. van der Merwe, pers. mededeling) (Foto 34).

Die terras wat sowat 6 x 5,0m groot is, is oortrek met 'n laag slakstukkies wat onder die voete verpoeier het. Die slakkonsentrasie is veral dik afgeset aan die westekant van die terras. Stukke slak wat groter as 30cm in deursnee is, is hier aangetref. Benewens die verkorrelde of verpoeierde slak, bestaan die afsetting van die terras uit 'n swart tot donkerbruin grond met roet wat 'n aanduiding verskaf van die verhittingsfunksie wat op die terras uitgevoer is. Die terrasoppervlakte bestaan verder uit 'n klein kleivloertjie (20cm deursnee) waarlangs 'n groot potskerf aangetref is. Langs die potskerf en kleivloertjie kom 'n tweede stukkie kleivloer met 'n deursnee van 6cm en 'n holte daarin voor. Langs die kleivloer is stukke klei met òf paalmerke òf blaaspypafdrukke aangetref asook vingerafdrukke, gladgesmeerde oppervlaktes en kombinasies van die kenmerke (Tabel 112). Die kleivloer is verder afgekamp met gepakte klippe terwyl twee artefakte soos slypstene en/of ligte aambeeldklippe op die kleivloer en terras voorkom (Figuur 68) (Foto's 145 & 146).

In die afsetting van MAP1 is identifiseerbare diereskeletmateriaal (Tabel 113), potskerwe, slegs een blaaspypfragment, twee malers en 2,25kg oker aangetref (Tabel 112). Die oker bevat slakaanpaksels en toon tekens van moontlike verhitting. Die malers, waarvan een donkerrooi gekleur is, is ongetwyfeld gebruik om die oker in 'n maalklip wat 'n paar meter vanaf MAP1 geleë is, fyn te kap en daarna te vergruis. Die aantal gebrande potskerwe (9% van die totaal) is almal dikker as 1,5cm in deursnee en moes 'n rol in die verhittingsproses vervul het (Tabel 112).

Benewens bogenoemde vondste is 'n stuk koperdraad van \pm 40cm lank en 1,0mm in deursnit op MAP1 aangetref. Soos reeds genoem, is 'n vasstaande vyselklip sowat 25m laer af aan die noordekant van MAP1 geleë (Figuur 67).

4.5.2 Die koperreduksie-oonde (MAP2 &MAP3)

Oorblyfsels van slegs twee koperreduksie-oonde is aan die westekant van Mapotini gevind hoewel meer van die oonde in die gebied verwag kan word (Figuur 67). 'n Derde oond is by geleentheid aan die suidelike voethang van Mapotini waargeneem en wel sowat 15m bo die grondvlak. Die kenmerke van die oond het oppervlakkig geoordeel met die kenmerke van MAP2 en MAP3 ooreengestem. Net soos by hierdie oonde het daar ook geen slakhope voorgekom nie. Die digter plantegroei wat met latere opgrawings by die koppie voorgekom het, het verhinder dat dit weer opgespoor kon word.

Beide MAP2 en MAP3 is in 'n vervalde toestand aangetref (Foto's 147 & 148) sodat al die kenmerke van die oonde nie beskryf kan word nie. Dit is egter duidelik dat die oonde 'n driehoekige planvorm met drie blaaspypopeninge gehad het, dit wil sê ooreenstem met YR2-oonde (soos by Muhululu en Serotwe aangetref is). Die twee oonde van Mapotini was egter gebruik vir die reduksie van koper. Ongelukkig kan dié ooreenstemmende yster- en koperreduksie-oonde nie in detail vergelyk word nie weens die vervalde toestand van MAP2 en MAP3. Die blaaspypfragmente van die oonde (Tabel 114) stem egter in breë trekke ooreen met die YR2-oonde. Dié weergawe van koperreduksie-oonde word beskryf as KR3-oonde.

4.5.2.1 Die eerste koperreduksieterrein (MAP2)

Die eerste koperrreduksie-oond wat ondersoek is (MAP2) was die beste bewaar (Foto 147) (Figuur 67). Dit is duidelik dat die oond driehoekig was en drie blaaspypopeninge gehad het. Uit 'n totaal van 39 blaaspypfragmente kon die deursneë (binne en buite) van die pype bepaal word. Die betreklike groot hoeveelheid beenfragmente wat rondom die oond aangetref is (21), dui daarop dat been waarskynlik as smeltmiddel in die reduksie-oond gebruik is. Die res van die materiaal wat uit die vierkant rondom MAP2 opgegrawe is, word in Tabel 115 aangedui. Die oond was net soos MAP3 gebruik vir die reduksie van koper na aanleiding van die analise van slak rondom die oond (Tabel 111).

4.5.2.2 Die tweede koperreduksieterrein (MAP3)

Die tweede koperreduksie-oond (MAP3) was ook driehoekig in planvorm hoewel dit nie so duidelik waargeneem kan word as in die geval van MAP2 nie (Figuur

67). Die oond was in 'n meer vervalde toestand as MAP2 (Foto 146). Die driehoekige planvorm van die oond is aangedui deur die kant van een oondmuur wat behoue gebly het asook twee blaaspypopeninge. Drie klippe, waarvan een lank en regopstaande is, is ook teen die drie mure van die oond geplaas om laasgenoemde te stut. Albei oonde het geen slakhoop rondom hulle gehad nie, en is sowat 15-20cm onder die grondoppervlak ingegrawe. Die beperkte voorkoms van slak en ander materiaal rondom die oonde mag daarop dui dat die oonde nie lank in gebruik was nie. 'n Analise van die slak van MAP3 dui op die reduksie van koper in die oond (Tabel 111). Die materiaal wat in assosiasie met die oond aangetref is, word in Tabel 116 aangedui.

4.5.3 Die ysterreduksieterreine (MAP4 - MAP6)

Sowat 70m wes van Mapotini is drie ysterreduksieterreine gevind, nl. MAP4, MAP5 en MAP6 (Figuur 67). Analises van slak vanaf die terreine dui daarop dat yster in die gebied gereduseer is (Tabel 111). Saam met die ysterreduksieterreine van omliggende koppies soos Mading, Mapatse, Maboïen, Sealeng en Kgopolwe was die kompleks van koppies waarskynlik van die produktiefste metaal- en dan veral ysterbewerkingsentra in die Loole-terreinkompleks.

Die sesde ondersoekte terreinkomponent van Mapotini, nl. MAP6, is dan ook een van die grootste ysterreduksieterreine wat in die Phalaborwa-omgewing waargeneem is (Figuur 69). Die feitlik sirkelvormige slakhoop van MAP6 is meer as 18m in deursnee en bedek waarskynlik meer as een reduksie-oond. Op die periferie van MAP5 is 'n vyselklip nog **in situ** aangetref.

Dit is opvallend hoe ver bogenoemde reduksieterrein van Mapotini self geleë is terwyl die koperreduksieterreine teenaan (en selfs bo-op) Mapotini voorkom (Figuur 67).

5. Samevatting: Groep III-terreine

5.1 Algemeen

Groep III-terreine word onderskei op grond van die feit dat die terreine die oorblyfsels van yster- sowel as koperbewerkingsaktiwiteite bevat en boonop ook uitgebreide woonoorblyfsels vertoon. Dit is egter moontlik dat Groep IV-terreine soos Sebatini en Muhululu ook koperbewerkingsaktiwiteite bevat, maar dat dit nog nie opgespoor

is nie. As sodanig is die skeiding tussen veral Groep III- en IV-terreine arbitrêr en word slegs bepaal deur die sigbaarheid van veral koperbewerkingsoorblyfsels.

Die groep terreine word in besonder ook gekenmerk deur uitgebreide woonoorblyfsels wat 'n aanduiding is van die teenwoordigheid van groot gemeenskappe by die terreine. Die groter getalle mense weerspieël enersyds ook die intensiewer arbeidsinsette wat op die terreine in terme van metaalbewerkingsaktiwiteite gelewer is, terwyl sommige van die terreine andersyds met leiersfigure van die baPhalaborwa verbind word.

Met die uitsondering van Shankare waarvoor geen historiese inligting tot op hede ingesamel is nie, word beide Serotwe en Mapotini - maar ook terreine soos Sealeng en Kgopolwe (wat nie ondersoek is nie) - verbind met prominente leiersfigure en/of kapteins asook groeperings van die baPhalaborwa gedurende die afgelope tweehonderd jaar. Die groter gemeenskappe wat op die terreine geleef het word dus verklaar deur die groter gevolg en aanhang wat die leiersfigure kon gehad het. Boonop kan aanvaar word dat die leiersfigure op een of ander wyse beheer oor die metaalproduksie, -verbruik en -handel in hulle regsgebied uitgeoefen het.

Hoewel die Groep III-terreine aanduidings van koperbewerking bevat, is dit duidelik dat die oorwegende klem op ysterbewerking geval het. Hierteenoor vind ons gespesialiseerde koperbewerkingsterreine soos Marupale (Groep I), Sonkoanini en Ghoenkop (Groep II), wat uitsluitlik gekenmerk word deur koperbewerking.

Al die ondersoekte Groep III-terreine lê in die sentrale gedeelte van die navorsingsgebied en is met die uitsondering van Serotwe naby aan een van die ertsbronne, nl. Loolekop en/of die Old Guide Myn geleë. Die perifere ligging van Sekgopo en Serotwe ten opsigte van die ertsbronne dui op die latere, dit wil sê negentiende-eeuse belangrikheid van die terreine en hulle regeerders, nl. Majaji en Paane. Dit is dus 'n weerspieëling van die feit dat die historiese gebeure wat prominensie aan laasgenoemde figure verleen het, eers in die vroeë negentiende eeu plaasgevind het nadat die baPhalaborwa-monargie reeds by Kgopolwe en Sealeng gevestig was.

5.2 Metaalbewerking

Soos gemeld, word Groep III-terreine gekenmerk deur yster- sowel as koperbewerking met die klem op eersgenoemde.

5.2.1 Ysterbewerkingsaktiwiteite

Die bewerking van yster - hetsy primêr of sekondêr- moes by al drie terreine voorgekom het, hoewel geen smidswerkruimte nog by Mapotini aangetref is nie. Die sekondêre bewerking van yster word veral goed geïllustreer deur die smidsoonde wat by Serotwe en Shankare aangetref is.

Historiese oorlewering meld dat 'n gemeenskap bekend as die bagaSelepe hulle by sleutelterreine tussen Sealeng en Kgopolwe gevestig het, en veral suksesvol was as geweermakers (Scully 1978). Dit is duidelik dat koppies in die gebied van die Old Guide Myn soos Mading, Phêdule, Maboïen, Mapatse, en selfs Sebatini en Lihuatjana nader aan Loolekop, prominente oorblyfsels van ysterbewerking het en dat die gebied, saam met Serotwe, die mees prominente ysterbewerkingsentrum in Phalaborwa was. Benewens die bagaSelepe het waarskynlik ook groepe soos die Mashale (by Mapotini en Mading), die Nkwane (Sebatini), die Mojela (Maukoni), die Monyaela (Maboïen) en selfs 'n baLobedu-groep (Phêdule) in die gebied voorgekom (vgl. Figuur 23 en Tabel 131).

Die leiersfigure van Groep III-terreine wat ondersoek is, het in bondgenootskappe verkeer met gemeenskappe buite Phalaborwa. Die Nagome of Masêkê-Malatji van Serotwe het byvoorbeeld bande met 'n baKoni-groep by Mapulaneng in die suide gehad, terwyl Ramatladi van Mapotini in 'n bondgenootskap met die Mathipa of 'n baLobedu-gemeenskap in die weste verkeer het (Tabel 131).

5.2.1.1 Ysterreduksie-aktiwiteite

Ysterreduksie-oonde kom by al drie die ondersoekte terreine voor. 'n Oond vanaf Shankare was reeds in die sestigerjare opgegrawe (Mason 1965; 1986) terwyl ook die laaste drie by Serotwe opgegrawe is. Dit is egter moontlik dat meer as tien ysterreduksie-oonde by Serotwe deur mynbou-aktiwiteite vernietig is. Serotwe se ysterreduksieterreine wat aan die suidekant van die kop geleë was, was waarskynlik net so indrukwekkend en moontlik selfs meer omvangryk as dié van die agt reduksie-oonde op die plaas Square (150 KT) suid van Phalaborwa.

In dié studie is onderskei tussen drie tipes ysterreduksie-oonde waarvan YR1-oonde (silindervormige) en YR2-oonde (driehoekige) die mees algemene reduksie-oonde in die gebied is. Verskille in afmetings en selfs in die vorm (dit wil sê mate van gerondheid of driehoekigheid) kan tussen die oonde voorkom, hoewel dit betwyfel

word of sodanige afwykings so konsekwent sal wees dat dit as nuwe tipe ysterreduksie-oonde geklassifiseer sal kan word.

Weens bewaringsvereistes kan alle oonde nie opgegrawe word om die tipologiese kenmerke van al die oonde op die terreine vas te stel nie. So is dit onbekend wat die aard van die kenmerke van die ysterreduksie-oonde van Mapotini is, terwyl slegs drie van 'n moontlike tien tot agtien ysterreduksie-oonde op Serotwe behoue gebly het.

Die ronde silindervomige ysterreduksie-oonde met drie blaaspypopeninge (YR1-tipe) is algemeen bekend en is in vorige navorsing aangetref by Shankare (Mason 1965; 1986). Ook by Serotwe is twee van die tipe oonde opgegrawe.

Die driehoekige ysterreduksie-oond met drie blaaspypopeninge (YR2-tipe) is minder algemeen bekend uit vorige navorsing en skynbaar minder in getal as bogenoemde. By Serotwe is een van die oonde opgegrawe in assosiasie met twee YR1-oonde asook by Muhululu wat 'n Groep IV-terrein is. Al die oonde wat deur Van der Merwe by Kgopolwe' opgegrawe is, was ook driehoekig (YR2) in planvorm (Evers en Van der Merwe 1987).

By Mapotini is egter YR2-oonde aangetref waarin kopererts gereduseer is, terwyl YR1-oonde se borande by Phêdule en Maboïen opgemerk is. 'n Vermengde voorkoms van YR1- en YR2-oonde kom skynbaar ook by Masorini en Sekgopo voor. Dit skyn dus asof YR1- of YR2-oonde nie eksklusief in bepaalde gebiede in die Loole-terreinkompleks voorgekom het nie.

In die algemeen is ysterreduksie-oonde ver vanaf die koppieterreine se voetkontoere geleë. Die afstande kan varieer vanaf 30m soos by Shankare tot 70m soos by Mapotini (Tabel 12). Die blaaspypfragmente van beide YR1- en YR2- oonde se deursneë is kleiner in vergelyking met die deursneë van KR1- en KR2-oonde se blaaspype (Foto 32).

Beide YR1- en YR2-oonde asook die enkele YR3-oond wat opgegrawe is, het kenmerkende silindervormige gaatjies in hulle vloere gehad. Dit is beskryf as medisynegaatjies. Dit word beweer dat menslike oorblyfsels daarin geplaas is (vgl. Van der Merwe en Scully 1971) as deel van die towerhandeling wat gedurende die reduksieproses uitgevoer is. Digby een van die reduksie-oonde van Mapotini is 'n menslike handbeentjie op 'n terras van die koppie gevind (vgl. Tabel 113). Koperreduksie-

oonde toon geen aanduidings (behalwe moontlik KR3-oonde) van die medisynegeatjies nie.

5.2.1.2 Ystersmidsaktiwiteite

Die sekondêre bewerking van yster het by Shankare en Serotwe asook by Sebatini en Muhululu (Groep IV-terreine) plaasgevind. 'n Buitengewoon goeiebewaarde smidsoond is veral by Serotwe gevind.

Drie tipes smidsoonde en/of -aktiwiteite is in die Loole-terreinkompleks onderskei. Smidsoonde of -strukture is oor die algemeen minder robuust en nie so goed bewaar as reduksie-oonde nie. Dit is dus moeilik om al die tipologiese kenmerke van die strukture te beskryf en met mekaar te vergelyk wanneer verwering, soos in die meeste gevalle, voorgekom het.

Die smidsoonde en smidsareas is by Serotwe, Shankare en Sebatini op die terrasse opgegrawe. In die geval van Sebatini en Shankare (SHA1T18) was dit naby woonterreine. Die smidsoonde word by al drie terreine geassosieer met groot vasstaande aambeeldklippe terwyl die smidsoond van Serotwe afgesluit of geïsoleer is met 'n lae klipmuur wat op die terras agter die oond gebou is.

Die smidsoond van Serotwe, wat in 'n puik toestand van bewaring was, is beskryf as 'n YS1-smidsoond. In teenstelling met hierdie oond het die twee smidsoonde by Shankare asook die van Sekgopo en Masorini net soos ysterreduksie-oonde, prominente medisynegate in die sentrale basis van elke oond gehad. Die smidsoonde is beskryf as YS3-oonde. In die geval van die YS3-smidsoond wat deur Mason (1986) op Shankare opgegrawe is, was dit op die grondoppervlak digby die voetkontoer van die hoogste koppie binne 'n sirkelvormige klipskerm geleë in teenstelling met die tweede oond wat op 'n terras sowat 100m van eersgenoemde geleë was.

Rondom die smidsoonde van Serotwe en Sebatini is klein hoeveelhede slak en groter hoeveelhede stukkies yster gekry. 'n Analise van die slak en metaal toon die hoë voorkoms van Fe_2O_3 daarin. In die geval van die smidsoond van Shankare is ook slak op die terras aangetref, maar net soos die slak vanaf Evkomkoppie het dit 'n Cu-inhoud van 0,68% gehad. Dit wil dus voorkom asof die slak met koperbewerking verband hou. Dit is nie onmoontlik dat die ystersmidsoond van Shankare ook gebruik is om gereduseerde koper te verhit waarna die slak daaruit gehamer is nie. Die slak mag egter ook die resultaat wees van vroeëre koperbewerkingsaktiwiteite.

teite wat op die terras plaasgevind het - veral gesien in die lig van die dik afsetting wat op die terras voorkom.

Hoewel verskeie klipsirkels met geassosieerde slak en aambeeldklippe langs aan koppierterreine voorkom, bestaan daar 'n duidelike verskil tussen die klipskerms en die YS1- en YS2-smidswerkruimtes wat met Groep III-terreine verbind word. Die YS2- en YS3-strukture toon die volgende onderskeidende kenmerke:

- Dit word nie noodwendig met klipsirkels verbind nie, aangesien dit meestal op die terrasse van koppies aangetref is. 'n Neiging om die smidswerkruimte op 'n terras te isoleer, mag wel voorkom.
- Die smidswerkruimte bevat altyd oonde of oorblyfsels van smidsoonde in teenstelling met klipsirkels (soos by Evkomkoppie, Selongwe, Vudogwa en Shankare 2) wat nog geen aanduidings van oonde of oorblyfsels van oonde opgelewer het nie.
- Die smidswerkruimte is oor die algemeen groter as die klipsirkels wat slegs 1,5m in deursnee kan wees.
- Dit het normaalweg dik afsettings met geassosieerde versamelings van artefakte soos 'n verskeidenheid tipes hamerklippe (groot en swaar tot klein en lig), swaar, vasstaande aambeeldklippe, brokstukkies kleivloer en afvalmateriaal soos stukkies yster en slak, potskerwe, (gebrande) dierebeendere, ens.

Die klipsirkels wat by sommige koppies voorkom, mag dus eerder vir die finale afronding en/of opknapping van ystervoorwerpe (maar ook vir kopersmidswerk) gebruik gewees het waarvoor gesofistikeerde YS1- en YS2-oonde nie nodig was nie, maar wel YS3- strukture soos die wat by Muhululu aangetref is (vgl. IX: 2.5.1.2).

5.2.2 Koperbewerkingaktiwiteite

Koperbewerking het waarskynlik meer omvangryk op die drie Groep III-terreine wat ondersoek is voorgekom, as wat die opgrawingsresultate aandui. Die oorblyfsels wat opgespoor is, verwys ook na die produksie en verwerking van koper gedurende twee periodes die afgelope negehoonderd jaar, nl. ongeveer 1000nC en in die periode ca1700-1900nC. In geheel is die interpretasie en rekonstruksie van die prosesse en metodes waarvolgens koper gereduseer en daarna sekondêr bewerk is (smelt en/of smee), moeilik uit die oorblyfsels afleibaar weens die fragmentariese en dikwels skamele aard daarvan.

By al drie terreine het beslis oorblyfsels voorgekom wat die reduksie van koper aandui, terwyl aanduidings van die sekondêre bewerking daarvan veel vaer en moeiliker interpreteerbaar is.

5.2.2.1 Koperreduksie-aktiwiteite

Soos reeds genoem, is 'n vroeëre komponent of fase van die Ystertydperk in die opgraving van SHA2M1 aangetref waar aanduidings van koperreduksie en/of sekondêre koperbewerking aangetref is. Die koperbewerkingsoorblyfsels vanaf Serotwe en Mapotini hoort egter tuis tot die latere gedeelte van die Ystertydperk (ca1700-1900nC).

5.2.2.1.1 Koperreduksie en/of smeltery teen ca1000nC

'n Radiokoolstofdatering uit die bodem van die afsetting van SHA2M1 dui daarop dat die argeologiese komponente terugdateer na 1000nC (vgl. Tabel 4). Die afsetting behoort net soos Kgopolwe se SPK3- en Nagome se MN3-komponente tot die periode ca900-1300nC. Die SPK3-komponent van Kgopolwe het soortgelyke oorblyfsels van kleivloere en geassosieerde smeltkroese as SHA2M1 opgelewer.

In die opgraving van SHA2M1 (nl. SHA2M1.1 en SHA2M1.2) is smeltkroese gebruik om malagiet te reduceer en/of om gereduseerde koper te smelt. Dit was duidelik uit stukkies half-gereduseerde malagiet wat in die slak voorgekom het. Die klei met rondings, afdrukke, blaaspype en slakaanpaksels daarin, verwys na die reduksiepraktyke wat in eenvoudige kleistrukture, tussen gepakte siënetklippe en in potte of potskerwe plaasgevind het. Prosesse waar fyngemaalde malagiet gemeng met houtskool in rudimentêre strukture (onder andere smeltkroese) gereduseer is, is in argeometallurgiese literatuur beskryf (Tylecote 1962:25, 1980:196; Friede en Steele 1975 & Hedge en Ericson 1985).

Dit is ook moontlik dat reeds gereduseerde koper wat in stukke gebreek is, in die smeltkroese gesmelt en daarna gegiet is.

Dit is insiggewend dat die Cu-inhoud van 'n slakmonster van SHA2M1 1,07% koper bevat. Hierteenoor het die meeste KR1- en KR2-oonde 'n Cu-inhoud van hoër as 1,5% en selfs hoër as 2,0% bevat. Die slak van SHA2M1 bevat ook 'n hoë persentasie SiO₂ (silika) (50,2%) wat daarop dui dat kwarts of sand as smeltmiddel of katalisator in die reduksieproses gebruik is. Die teenwoordigheid van kalk wat

net soos by Ghoenkop in SHA2M1 aangetref is, mag daarop dui dat dit in die reduksieproses gebruik is om die vloeibaarheid van koper te verhoog (vgl. Verwoerd 1956: 102).

5.2.2.1.2 Kopperreduksie-aktiwiteite vanaf ca1700-1900

Die reduksie van koper het gedurende die latere deel van die Ystertydperk, dit wil sê vanaf ca1700 by al drie ondersoekte Groep III-terreine voorgekom.

By Serotwe is 'n KR1-oond wes van die kop deur Moore (1974: 231) gefotografeer. Met die ondersoek van die terrein was dit reeds opgegrawe en aan die Nasionale Museum in Bloemfontein geskenk. Dit kon dus nie *in situ* bestudeer word nie.

Aan die oostekant van Shankare het 'n KR2-oond voorgekom wat ook deur Moore (1966) gefotografeer, is maar tydens die ondersoek reeds vernietig was. Volgens die beskrywing van die oond se oorblyfsels het dit ook die kenmerkende groot deursnee blaaspype gehad waarmee dié tipe oonde asook KR1-oonde verbind word.

By Mapotini is die oorblyfsels van twee totaal gedisintegreerde oonde aangetref. Genoeg kon egter van die oorblyfsels oor die voorkoms van die oonde afgelei word om te besluit dat dit in vorm ooreengestem het met die driehoekige YR2-oonde. Dit wil dus voorkom asof die driehoekige reduksie-oonde gebruik kon gewees het vir die reduksie van yster sowel as koper by Mapotini. Alleen meer vondste van dié aard sal bevestig of die gebruik 'n uitsondering was of meer algemeen voorgekom het.

5.2.2.2 Sekondêre koperbewerkingsaktiwiteite

Soos reeds genoem, kon die sekondêre bewerking en veral die smelt van koper in smeltkroese teen 1000nC by Shankare voorgekom het. Die enigste ander aanduidings van die sekondêre bewerking van koper kom voor op die noordwestelike terrasse van Serotwe, dit wil sê die terrasse waarop die ystersmidsoond (SER5R2) en die reeds verwyderde KR1-oond op die grondoppervlak voorgekom het. In die omgewing van laasgenoemde oond het Max Rüh gedurende die twintigerjare van dié eeu vier *marale* uitgeploeg (Moore 1974: 231).

Die aanduidings van die sekondêre en selfs primêre reduksie van malagiet op die terrasse van Serotwe is uiters vaag. Die enigste aanduidings wat na die aktiwiteite

verwys, bestaan uit die talle vuurherde, hamerklippe, stukkies klei en in besonder die groen (malagiet) gekleurde bene wat op een van die terrasse (SER5T3) aangetref is. Daar is ook 'n deel van 'n koperarmband en 'n silindervormige stukkie koper (n deel van 'n **lerale** se steel?) op die terrasse aangetref. Die koperbewerking wat hier plaasgevind het, kan as een of meer van die KR7- koperbewerkingsbedrywe beskryf word. Die bewerking van koper in smeltkroese (KR4) op die terrasse is nie uitgesluit nie, hoewel geen direkte aanduidings daarvan gevind is nie.

5.3. Woonoorblyfsels

'n Uitstaande kenmerk van Groep III- (en IV-) terreine is die voorkoms van uitgebreide woonkomponente wat met die terreine verbind word. Die woonkomponente kan op die terrasse en/of aan die voete van koppies voorkom. Die algemene patroon is egter dié van oorblyfsels op die terrasse en op die grondoppervlak rondom die koppies.

Woonoorblyfsels soos hutvloere en klei met paalmerke asook ander geassosieerde vondste soos 'potwerk, malers, maalklippe, ens., word egter ook dikwels met metaalbewerkingsoorblyfsels geassosieer. Op hutvloere kan bv. stukkies slak, blaaspype of hamerklippe verwag word. By Shankare is selfs 'n konsentrasie ysterskilfers langs 'n hutvloer gevind, terwyl hamerklippe en ligte aambeeldklippe oral op terrasse gevind is. Metaalbewerking - en veral die afronding of opknapping van metaalvoorwerpe - het dus ook op die terrasse tussen woonhutte plaasgevind.

Maalklippe word dikwels in terrasmure gevind asof dit vir tye in onbruik was. Dit skep die vermoede, wat versterk word deur oorlewering, dat plantvoedsel nie te alle tye beskikbaar was nie, maar slegs wanneer dit gedurende landboutye van elders verhandel en na Phalaborwa gebring is. Die voorkoms van maalklippe op woonterrasse, dui ook daarop dat die handel in plantvoedsel op 'n laat stadium (ca1650) 'n aanvang geneem het, aangesien die terrasse op koppies nie ouer as voor ca1600 dateer nie. Oorlewering meld dat in die regeringstyd van Meele (en waarskynlik daarna) **mabelé** volop was, dit wil sê vanaf die laat agtiende eeu. Dit is bekend dat groepe soos die Hlame of Selematsela die graan van elders waarskynlik veral vanaf die weste soos - bv. vanaf die Mathipa waar Meele van sy vroue getrou het - verkry en na Phalaborwa gebring het (Scully 1978).

Dit is duidelik uit al die terreine wat ondersoek en opgegrawe is, dat smidsbedrywig-hede wel tussen woonterreinkomponente uitgevoer is. Hierteenoor het reduksieprak-

tyke weg van woonterreine plaasgevind. Die skeiding van die primêre en sekondêre bewerkingsfunksies van koper en yster, kan dus moontlik met besondere seremonies en sekere taboe-bepalings saamgeval het (vgl. bv. Küsel 1979: 99 & Maluma 1979: 12).

Die uitgebreidheid van 'n deel van die woonterrein op Shankare kan op 'n planteke-ning van die terrein gesien word (Figuur 53). 'n Komplekse probleem by sekere terreine soos Kgopolwe, Shankare, Sealeng en ander wat afsettings aan hulle voet-kontoere het, is of die komponente nie in sekere gevalle van 'n vroeëre bewoningspe-riode (ca900-1300nC) mag wees, soos wat by Kgopolwe (vgl. VIII: 4.2.2), Nagome (vgl. IX: 2.3.2) en Shankare (VIII: 2.6.2) aangetref is nie. Dit kan alleen deur uitge-breide opgrawings en daterings vasgestel word.

5.4 Artefakte, artefakkenmerke en ander afvalpatrone

Die uitsonderlike kenmerk van die oorblyfsels van Groep III- terreine is die daad-werklike skeiding tussen woonterrein- en metaalbewerkingsoorblyfsels en die omvang van albei tipêre oorblyfsels.

5.4.1 Verskynsels en strukture

By Sebatini is net soos by Ghoenkop twee klipplatforms aangetref wat as fundamente vir plantvoedselhouers kon dien (Foto 92).

By Shankare sowel as Sebatini is goedbewaarde hutvloere met sentraal - geleë holtes aangetref. Die vloere is duidelik onderskeibaar van die fragmentariese, brokstukkies vloere wat wel op terrasse (van veral Groep I - en II-terreine) voorkom en wat nie uitdruklik as hutvloere geklassifiseer kan word nie. Die hutvloer met 'n hoër kleiplatform en holte waarop verskeie malers aangetref is, is 'n uitsonderlike vonds en waarskynlik 'n kookhut.

Die viertal kleivloere waarvan een 'n aantal holtes op die oppervlakte het en onder 'n ashoop op 'n terras van Serotwe (SER5T3) aangetref is, is onverklaarbare verskyn-sels. Dit is nie onmoontlik dat die vloere werksoppervlaktes verteenwoordig het waarop byvoorbeeld koper op een of ander wyse bewerk (bv. gegiet) is nie.

Die groot vyselklippe **in situ** wat by Shankare en die oostekant van Sealeng voorkom, se funksie is nog onbekend. Dit wil egter voorkom asof dit veral met koperbewer-

king in verband gebring kan word, en in besonder met die voorbereiding van erts en ander gesteentes wat in die reduksie- en sekondêre bewerkingsprosesse gebruik is.

5.4.2 Hamerklippe en aambeelde

'n Uitsonderlike kenmerk van Groep III-terreine is die vasstaande aambeeldklippe wat in assosiasie met YS1- en YS3-oonde voorkom. Soms bevat die aambeeldklippe nog stukkie platgeslaande yster daarop. 'n Verskeidenheid hamerklippe word met die smidsoonde verbind en varieer vanaf vuisgrootte tot sowat 40cm in deursnee. Laasgenoemde kan alleen met albei hande hanteer word. Die groot en klein hamerklippe word ook in 'n **sereto** beskryf:

"The small forging hamer (an opposition between **notwana** - small hamer - and the crying hamer - **bollanoto** - of the Phalaborwa where the significant metal work is done)." (Scully 1978: 258)

Groot moeite is gedoen om van die groot hamerklippe soos aangetref is by Muhululu (2), Shankaré (2), Selongwe (1), Serotwe (2) en Putwane (1) vanaf riviere na die terreine aan te dra (Foto's 149 & 165). Die groot hamerklippe moes gebruik gewees het om yster en slak te skei en veral om stukke gereduseerde yster te konsolideer. Die kleiner hamer- of spoelklippe sou meer vir afrondings- en verfyningswerk gebruik kon wees.

5.4.3 Potwerk

Betekenisvolle potwerk is slegs vanaf Shankare en Sebatini ingesamel. Die grootste versameling potwerk kom vanaf Sebatini.

Die potwerk van Shankare toon ten minste twee potwerktradisies, nl. die van die Letaba-tradisie vanaf ca1700-1900 en 'n vroeëre potwerktradisie wat Evers en Van der Merwe (1978) as Kgopolwe- en/of Moloko-potwerk sal beskryf. Laasgenoemde potwerk is afkomstig vanuit die vroeëre terreinkomponent (SHA2M1) van Shankare wat op 1000nC gedateer is.

5.4.4 Menslike oorblyfsels

'n Handbeentjie van 'n mens is op MAP1 aangetref. Soos reeds gemeld, word beweer dat menslike oorblyfsels soos klein beentjies (hand- en/of voetbeentjies?) onder

andere in die reduksie-oonde gebruik is (Van der Merwe & Scully 1972: 191). Verder is ook in assosiasie met Serotwe se smidsterrein (SEB5T2) en die aangrensende ashoop (SEB5R3), 'n mensbeentjie op elke terras aangetref (Tabel 102).

5.4.5 Diereskeletmateriaal

'n Volledige uiteensetting van diereskeletmateriaal wat op al drie terreine aangetref is, word in Tabel 91, 102 en 113 verskaf.

In 'n vroeëre ondersoek is diereskeletmateriaal uit die opgrawings by Shankare ontleed. Die oorblyfsels dui op die teenwoordigheid van ten minste een bok/skaap en twee beeste terwyl die res van die materiaal oorwegend bestaan uit dierespesies wat gejag en versamel is. Die voorkoms van dié jagprooi tesame met krale word deur Mason en ander (1983: 198) verklaar as handelsartikels vir metaalvoorwerpe. Hoewel gedomestiseerde vee, wat tradisioneel nie goed in die Phalaborwa-omgewing geard het nie, wél vir metaalartikels verruil kon word, toon die wye verskeidenheid gejagte dierespesies wat uit die plaaslike omgewing afkomstig is, dat die metaalbewerkers ook jagters in hulle eie geledere gehad het.

Die skeletmateriaal van Serotwe bevat ook bene van gedomestiseerde spesies soos bokke en hoenders. Die teenwoordigheid van bene van 'n erdvark word gewoonlik verbind met kapteinsterreine (I. Plug, pers. mededeling). 'n Besondere verhouding het ook tussen SEB5T2 (die smidsterreine) en SEB5T3 (die ashope) voorgekom. Dit is duidelik dat SEB5T3 gedien het as ashoop waar die afvalmateriaal van die smidsterreine, SEB5T2, weggegooi is. Dit kan gesien word in die helftes van 'n duiker se skedel wat op albei terrasse voorkom, asook gebrande beendere vanaf die smidsoond wat op die ashoop gegooi is.

5.5 Die metaalbewerkers van Groep II-terreine

Met die uitsondering van Serotwe is min historiese inligting aangaande Sebatini en veral Shankare bekend. Dit is duidelik dat Serotwe saam met Mabodika, Lethane (Lihuatjana?) en Nagome, in die invloedssfeer van die Masêkê-Malatji val (vgl. VIII: 3.5), terwyl Mapotini, Mading en ander koppies woonterreine van die Ramatladi-groep en dus die latere Makushane-Malatji was (vgl. Figuur 10 & Tabel 131). Mapotini moes 'n belangrike woonsentrum van Ramatladi gewees het, en was bekend as 'n "plek met baie mense en beeste" (Scully 1978: 214). Die groot gemeenskap word gereflekteer deur die uitgebreide terrasse en dié se geassosieerde woonoorblyf-

sels. Geen terrasse is egter opgegrawe om die vroeëre teenwoordigheid van beeste by die terrein te bevestig nie.

Die koppies Mapotini, Mading, Sealeng en die heuwel Namakgale word egter ook met 'n ou of vroeë Venda-groep soos die Malesa verbind (Scully 1978: 165 & 166). Die vestiging van latere groepe soos die Nkwane by Sebatini en die bageSelepe by sleutelterreine tussen Sealeng en Kgopolwe, het aan die gebied dus 'n vermengde Nguni/Swazi en Venda teenwoordigheid verleen (vgl. IV: 3.4), benewens die nog latere vestiging van die Monyaela by Maboien wat 'n ontwortelde gemeenskap vanuit die baKgema-periode was (Scully 1978: 335).

Shankare se ligging naby aan Loolekop gee daaraan, net soos in die geval van Nagome, 'n uiters strategiese ligging. Dit word vermoed dat die terrein ook 'n belangrike historiese baken van die baMalatji was en aanvanklik ook onder beheer van die Masêkê-Malatji gestaan het. Dit is egter later net soos Sekgopo en ander terreine in die oostelike deel van die navorsingsgebied in 'n oostelike belangesfeer opgeneem (Figuur 10).

5.6. Die ouderdom van Groep III-terreine

Sekere terreine van die Loole-kompleks toon sover bekend twee fases van bewoning gedurende die Ystertydperk, nl. 'n bewoningsfase teen die begin van die tweede millennium na Christus en 'n tweede grootskaalse en omvangryke bewoningsfase vanaf ca1600 tot 1920. Geen aanduidings is nog gevind dat die twee bewoningsperiodes 'n kontinuïteit van meer as eenduisend jaar verteenwoordig nie.

Die datering van 1060 ± 50 (Pta-4443) wat vir die terreinkomponent aan die voet van Shankare gevind is, is in ooreenstemming met die datums wat vir die SPK3- en MN3-terreinkomponente van Kgopolwe en Nagome gevind is. Dit wil voorkom asof ystertydperkgemeenskappe vanaf ca900-1300nC by sommige van die koppies in die navorsingsgebied voorgekom het, en moontlik soos Kgopolwe en Shankare aangetoon het, veral koperbewerking beoefen het.

Die res van die daterings en materiële oorblyfsels van Mapotini, Shankare en Serotwe, asook die datum verkry deur vroeëre navorsing by Shankare (vgl. Tabel 4), dui op die teenwoordigheid van metaalbewerkers by die koppieterreine vanaf ca1650 tot 1900. Die sewentiende-eeuse datums is bepaal deur houtskooldaterings vanaf Shankare (3/67), nl. 1660 ± 80 (Y-1766) en van Kgopolwe (SPK4) wat op $1670 \pm$

60 (Y-1658) gedateer is. Die laat negentiende en vroeë twintigste-eeuse bewoning van die terreine is aanduibaar uit 'n C14-datum uit die onderkant van 'n ashoop op Serotwe, nl. 1830 ± 45 (Pta-4439) en etnohistoriese inligting.